

1981051589

U.O.V.S. - BIBLIOTHEK

198105158901220000019



U.S. GOVERNMENT PRINTING OFFICE
1981 O 515890 1220000019
BIBLIOTHEK DER UNIVERSITÄT ZÜRICH

'N SOSIAAL-PEDAGOGIESE BESKOUING
VAN SOMMIGE ASPEKTE VAN DIE
VRYETYDSPROBLEMATIEK MET BESONDERE
VERWYSING NA VRYHEID EN GESAG

deur

Willem Johannes Jacobus LANDMAN

Hierdie proefskrif word voorgelê om te voldoen aan die
vereistes vir die graad D.Ed. in die Fakulteit Opvoed-
kunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Desember 1980

Promotor: Prof. N.T. van Loggerenberg

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

13-07-1981

T 790.0135 LAN

BIBLIOTEEK

I N H O U D S O P G A W E

Blad sy

HOOFSTUK 1

Probleemstelling en programaankondiging	1
---	---

HOOFSTUK 2

Begripsontleding	10
1. Vrye tyd	11
2. Rekreasie ✓	21
3. Spel en sport	24

HOOFSTUK 3

Arbeid en vrye tyd ✓	27
----------------------	----

HOOFSTUK 4

Die funksies van die vrye tyd ✓	45
---------------------------------	----

HOOFSTUK 5

Vrye tyd in samelewingsverband	54
1. Enkele kenmerke van die tegnologies-georiënteerde samelewing	54
2. Die invloed van die massakommunikasiemedie	72

HOOFSTUK 6

Die stadsmilieu	93
1. Stedelike ontwikkelingstendense	93
2. Vrye tyd in die stadsmilieu	100
3. Stadsmilieu en stedeling	106
4. Oriëntering in die stadsmilieu	122

HOOFSTUK 7

Jeug	125
1. Inleidend	125
2. Die situasie van die jeug	130
3. Jeugkultuur	138
4. Selfaktualisering	148

HOOFSTUK 8

Die gesin	153
1. Enkele gedagtes oor die resente evolusie van die gesin	153
2. ✓ Die gesin en vrye tyd	160
3. Bejaardes en vrye tyd	167
4. Vryheid en gesag	170

HOOFSTUK 9

Die skool	177
1. Die situasie van die skool	177
2. Die taak van die skool	181
3. Die skoolprogram	183
4. Vryheid en gesag	193

HOOFSTUK 10

Riglyne oor beleidsaspekte betreffende die toekoms	196
1. Botsende waardes	196
2. Die aard van deelname	201
3. Stedelike samelewing	204
4. Die jeug	210
5. Die gesin	214
6. Die skool	218
7. Aanbevelings	229
8. Navorsing, leemtes en verdere verkenning	231

BRONNELYS

234

OPSOMMING

248

H O O F S T U K I

PROBLEEMSTELLING EN PROGRAMAANKONDIGING

In teenstelling met die vroeëre geskiedenis van die mens met sy min of meer geslote, redelik homogene, betreklik stabiele en relatief ongekompliseerde samelewingsvorme, verkry meer en meer lande 'n stygende aandeel aan die tegnologiese samelewing wat in 'n toenemende mate van die voorgenoemde verskil.

Die onstuimige tegnologiese ontwikkeling raak haas elke lewens-terrein: die arbeid, die lewenstandaard, -ritme, -styl en -tempo, behuising, vervoer, dienste, kommunikasie, ensomeer; wat elkeen in 'n meerdere of mindere mate die vryetydsgebruik raak; en daarmee saam die vryetydswaardes van die individu, die gesin en die samelewing.

Benewens die aard en die ingewikkelde verweefdheid van hierdie tegnologiese en daarmee gepaardgaande maatskaplike veranderinge, is die tempo van verandering so snel dat die geldigheid van empiriese gegewens na verloop van 'n relatiewe kort tydperk gevaar loop om bevraagteken te word.¹⁾

Die vryetydsgebied word in 'n toenemende mate as 'n probleem-gebied ervaar en aanvaar. Hierdie aksioma word met die volgende enkele sieninge onderstreep.

'n Psigiater sê: "There has been a dramatic increase in free time in our society and people are becoming very bored."²⁾

1. Scheuch, E.K. Family Cohesion in Leisure Time, p. 91.

2. Mendels, J. The Natal Witness, 13 Maart, p. 4.

'n Filosoof sê: "Life is getting easier physically, and this makes life harder, morally."¹⁾

'n Sosioloog sê dat vrye tyd die status van 'n ernstige probleem verkry slegs in 'n samelewing wat vasgevang is in 'n revolusie van stygende verwagtinge.²⁾

'n Opvoedkundige sê: "To continue to view it within a limited and trivial range of purpose is to ignore the fact that it is increasingly becoming the major focus of our lives."³⁾

Die Komitee van Onderzoek na Kultuurverspreiding noem in sy verslag ses redes waarom vryetydsbenutting onder die blanke bevolking van Suid-Afrika besliste aandag moet ontvang:

- "(i) dat meer vrye tyd beskikbaar is
- (ii) dat die blanke bevolking steeds meer in stede saamtrek waar die natuurlike geleenthede vir vryetydsbenutting onvoldoende is
- (iii) dat die bestaande fasiliteite vir vryetydsbenutting onvoldoende is
- (iv) dat die behoefte aan uitbreiding en organisering van die fasiliteite duidelik uit die antwoorde op die vraelyste geblyk het
- (v) dat daar in die beskaafde Westerse wêreld besondere aandag gegee word aan 'n projek van vryetydsbenutting met positiewe resultaat en dat Suid-Afrika ongunstig vergelyk op dié punt

1. Brightbill, C.K. Man and Leisure, p. 65.
2. Berber, P.L. The Human Shape of Work, p. 21.
3. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 26.

(vi) dat vrye tyd 'n tendens vertoon om gekommersialiseer te word en sodoende sonder beheer is."¹⁾

Hierdie probleemgebied geniet dan ook veel aandag in veral die Amerikaanse literatuur. Die groot bydraers is egter sosioloë en liggaamlike opvoedkundiges en nie opvoedkundiges nie. Die klem val dan ook op navorsingsmetodes en opnames betreffende kwantitatiewe deelname aan 'n groot verskeidenheid vryetydsaktiwiteite met die oog op die daarstelling van fasiliteite. Dit word dan ook grootliks weerspieël deur die praktyk in lande soos onder meer die V.S.A., Engeland, België, Nederland en Duitsland waar die rekreasiebeweging as hoofsaaklik kommersiële bedryf deur professionele "recreation" of "leisure managers" bestuur en gestuur word. Navorsing en professionele opleiding word aan universiteite los van die opvoedkundedepartemente gedoen - òf in selfstandige departemente òf saam met liggaamlike opvoeding.

Die kwantitatiewe bydrae wat die sosiologie in veral die V.S.A. tot die vryetydsterrein lewer, in besonder tot die probleem-aspekte daarvan, word grootliks geneutraliseer deur die beperkinge wat dié dissipline homself ople: "The job of sociology is not to judge the desirability of the leisure activities that are prevalent in a society, nor to advise people how they should best use their leisure time"²⁾

Die literatuur gaan dan ook mank aan 'n duidelik geformuleerde

-
1. Pieterse J.E. Verslag van die Komitee van Onderzoek na Kultuurverspreiding, Republiek van Suid-Afrika, p. 16.
 2. Edwards, P.B. Is it Recreation vs. Leisure? p. 26.

teorie of filosofie van vrye tyd ^{1), 2), 3), 4)} wat as basis kan dien vir die formulering van streefwaardes, vir die vestiging van 'n gesonde praktyk, vir die evaluering van vryetydsgebruik en vir die remediëring van probleemsituasies en -verskynsels. Williams stel hierdie leemte baie duidelik: "Our recreation leaders need to have some solid ideas on what constitutes the good life and be able to express and defend those ideas."⁵⁾ Davis meen dat daar baie mense is wat die toenemende vrye tyd in dieselfde mate as seën en las ervaar, dat hulle eie vryetydswaardes vir hulle onduidelik is, dat hulle nie weet wat hulle in die vrye tyd nastreef en waarom hulle dit nastreef nie. Daarom, sê hy, is dit nodig dat die opvoeder 'n teorie en metodiek van die vrye tyd sal ontwikkel om mense 'n duidelike begrip van hul vryetydswaardes te gee.⁶⁾ Hierdie gebrek aan helderheid betreffende vryetydswaardes, meen die Fransman, Dumazedier, ontstaan deels omdat die individu gemotiveer word deur die norme en waardes wat deur die massamedia vir hom voorgehou word,⁷⁾ en ook wanneer die tipiese situasies wat voortvloei uit die bestaande sosiale orde, nie meer versoenbaar is met die tradisionele waardestelsel nie.

Laasgenoemde stelling lê aan die kern van die vryetydsproblematiek. Vir 'n sinvolle en harmonieuse saamleef en naasbestaan

-
1. Roberts, K. Leisure, p. 9.
 2. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 59.
 3. Cosgrove, I. en Jackson, R. The Geography of Recreation and Leisure, p. 17.
 4. Glasser, R. Leisure: Penalty or Prize? p. 99.
 5. Williams, H.W. Can recreation have an ulterior motive? p. 229.
 6. Davis, J. A Requisite for Education, p. 31.
 7. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, p. 11.

is 'n sekere mate van geordenheid en ordelikheid nodig wat voortspruit uit die gehoorsaamheid aan en die handhawing van 'n algemeen aanvaarde waarde- en normestelsel.

Die kern van die probleem hou verband met:

- (a) die mate waarin daar 'n algemeen aanvaarde waarde- en normestelsel bestaan;
- (b) die mate waarin sodanige stelsel steun op geestelike waardes (die religieuse, die sedelike, die estetiese en die waarheidswaardes - as synde die tradisionele hoër waardes van die Westerse samelewing) enersyds, en die relatiewe waardes (die ekonomiese, sosiale, biologies-vitale en teoretiese waardes - as synde die tradisioneel ondergeskikte waardes van die Westerse samelewing) anderdyds;¹⁾ en
- (c) die mate van vryheid wat aan die individu binne die raamwerk van hierdie waarde- en normestelsel gebied word.

Dit gaan dus hier ook om die aard van die verhouding tussen vryheid en gesag; hoe om die onstabiele elemente te beheer wat deel vorm van die snelle ontwikkeling in die huidige samelewing; en dit gaan ook om hoe om keuses te maak uit die veelvuldige moontlikhede.²⁾

-
- 1. Wippler, R. Sociale Determinanten van het Vrijetijds-gedrag, p. 3.
 - 2. Van Loggerenberg, N.T., en Jooste, A.J.C. Verantwoorde-like Opvoeding, p. 20.

Wanneer die vele fasette van die vryetydsproblematiek dus bestudeer word, hetsy in die praktyk, hetsy in die teorie, kan dit slegs sinvol gedoen word indien 'n lewensbeskoulike dimensie daaraan gegee word.

Uit die ervaring van lande waarmee ons kulturele bande het en wat ons voor is in tegnologiese ontwikkeling - in die besonder die V.S.A., maar ook Brittanje en Wes-Europese lande - kan binne perke voorspel word onder welke omstandighede in vryetydsgebruik sekere probleme hier te lande kan ontstaan of kan toeneem. Sodanige beskouing betreffende die vryetydsituasie in ander lande moet so ver moontlik rekening hou met:

- (1) die aard van die probleme/verskille in sieninge wat ondervind word;
- (2) die faktore wat moontlik daartoe kan bydra;
- (3) die wyse waarop hierdie situasies hanteer word;
- (4) die teoretiese of lewensbeskoulike beginsels waarop hierdie hantering berus; en
- (5) positiewe aspekte betreffende vryetydsbeplanning en opvoeding.

So 'n beskouing met inagneming van die feit dat daar 'n geleidelike aanpassing plaasvind in die waardestelsel ten opsigte van 'n veranderende sosio-ekonomiese struktuur, hou belangrike implikasies in, te wete:

- (i) Hoe gaan die waardestelsel en dus die vryetydsgebruik in die toekoms ontplooi?
- (ii) In hoe 'n mate kan hierdie ontplooiing gestuur word sodat dit ordelik verloop?

(iii) Kan 'n ordelike samelewing tot stand kom met 'n pluralistiese karakter sonder die bestaan van duidelik omlynde grondwaardes?

(iv) Met ander woorde: wat moet die verhouding tussen vryheid en gesag wees en wie moet die hoogste gesag en dus die verantwoordelikheid dra?⁽¹⁾

Dit is beleidsaspekte wat steun moet vind in empiriese bevindinge maar wat gefundeer moet word deur die bepaalde en spesifieke lewens- en wêreldbeskouing van diegene aan wie dit in die finale instansie opgedra is om vir die breë landsgemeenskap:

- (a) geskikte en eerbare streefwaardes te formuleer;
- (b) wat verantwoordelik is vir die ordelike verloop van sake binne die bepaalde gemeenskap sonder dat die demokratiese regte ondermyn word; en
- (c) wat nie slegs na die regte van die individu moet omsien nie, maar ook na dié van die breë gemeenskap.⁽²⁾

Die oorkoepelende doelwit van die onderwysbeleid in die R.S.A. is die voorsiening van 'n breë, algemeen vormende onderwys-program. Hierdie beleid spruit deels voort uit die arbeidsituasie in die industrieel-tegnologiese samelewing enersyds wat gekenmerk word deur 'n ongekende arbeidsdifferensiasie en andersyds uit 'n samelewing wat toenemend pluralisties word - wat dreig om tradisionele groeps-kulture te vervang met 'n wêreldkultuur.

-
- 1. Vickers, G. Ecology, Planning and the American Dream, p. 389.
 - 2. Wippler, R. op. cit., pp. 2-3.

Hierdie breë, algemeen-vormende doelwit behels in wese die behoud van die Christelike en die nasionale aspekte van ons tradisionele lewens- en wêreldbeskouing en dus ook van ons opvoeding en onderwys. In hierdie verband het die gesin, die kerk en die skool nog altyd 'n behoudende rol gespeel.

Terwyl hierdie instellings dit blykbaar toenemend moeiliker vind om hul vormende invloed te laat geld, ontwikkel die vryetydsektor steeds as 'n baie belangrike en relatief nuwe invloedsfeer.

Uit die literatuur wil dit voorkom asof Westerse opvoedkundiges hierdie invloedsfeer in 'n groot mate negeer het. Die praktyk wil hierdie afleiding bevestig.

Dit is van die grootste belang dat ook die opvoedende onderwys sal kennis neem van die komplekse samehang van invloede wat vanuit die vryetydsektor strydig inwerk op die tradisionele grondwaardes van ons Suid-Afrikaanse samelewing; dat hy homself in die lig hiervan oop sal stel om aanpassings in sy eie guns te maak.

Maar dit is voorts die verantwoordelikheid van elke individu en elke instansie wat 'n bydrae lewer tot die vryetydsektor, om rekening te hou met die moontlike implikasies van hul bemoeienis. Omdat dit hier dus gaan om 'n evaluering van die vryetydsituasie in Westerse lande met die oog op 'n beter begrip van tedense wat in die toekoms hier te lande te wagte kan wees, is dit noodwendig dat die skrywer se eie lewens- en wêreldbeskouing - die Christelike lewens- en wêreldbeskouing - as grondslag sal dien.

Met die voorgenoemde as uitgangspunt sal die volgende aspekte van die vryetydsgebied vanuit die beskikbare literatuur ontleed en deurskou word:

- * Die begrippe vrye tyd, rekreasie en sport/spel.
- * Die verband tussen vrye tyd en arbeid.
- * Die funksies van vrye tyd.
- * Vrye tyd in samelewingsverband.
- * Die invloed van massakommunikasiemedia.
- * Die stadsmilieu.
- * Die jeug.
- * Die gesin.
- * Die skool.

Ten slotte sal 'n poging aangewend word om enkele beleidsaspekte betreffende die toekoms aan te dui.

H O O F S T U K 2

BEGRIPSONTLEDING

Die student en navorser van die vrye tyd ondervind dat sy eerste probleem ontstaan by die konseptualisering van relevante begrippe. So vind 'n mens in Afrikaans dat die begrip "vrye tyd" as ekwivalent gebruik word vir die twee Engelse begrippe "leisure" en "free time". 'n Mate van begripsverwarring bestaan in die Engelstalige literatuur deurdat nie slegs laasgenoemde twee begrippe nie, maar ook ander soos rekreasie, vermaak, pret, plesier, spel, stokperdjies en niksdoentyd (idleness) afwisselend ingespan word¹⁾ sonder dat dit bevredigend omskryf word.

Die begrip "leisure" is die een wat seker die meeste gebruik word. In hierdie verband sê De Grazia: "Linguistically it is also important that the word leisure has now become a full adjective. It indicates that the word is getting extraordinarily heavy usage. We now have leisure-time, leisure rooms, leisure trips to leisure lakes, leisure clothes, leisure equipment, leisure spending on leisure items."²⁾

Hierdie gebrek aan bevredigende omskrywing van begrippe ener syds en die meningsverskille betreffende pogings tot omskrywings andersyds, wys op die ontwykende aard³⁾ van die probleem. Vir 'n duideliker begrip van die probleme wat op die gebied van die vrye tyd voorkom, is dit egter noodsaaklik om te besin oor

1. Smigel, E.O. Work and Leisure, p. 10.

2. De Grazia, S. Of Time, Work and Leisure, pp. 142-3.

3. Roberts, K. Leisure, pp. 7-8.

die aard en wese van konsepte wat ter sake is. Vir dié doel sal die volgende begrippe behandel word:

- (a) vrye tyd;
- (b) rekreasie; en
- (c) spel en sport.

1. VRYE TYD

Aangesien die begrippe "vrye tyd" en "free time" elk uit twee woorde bestaan, word hulle nie as sodanig in woordeboeke opgeneem en behandel nie. Die begrip vryetydsbesteding, word egter in tweetalige woordeboeke omskryf as "gebruikmaking van vrye tyd, ledige ure",¹⁾ terwyl "leisure" omskryf word as "ledige of vrye tyd, ledige uurtjies".²⁾ Hiervolgens is vrye tyd dan die Afrikaanse ekwivalent van "leisure". Maar volgens beide The Oxford English Dictionary en The Random House Dictionary of the English Language word "leisure" onder meer beskryf as "free or unoccupied time".^{3), 4)} Dit blyk dus dat die terme "leisure" en "free time" dieselfde betekenis het kragtens woordeboekomskrywings en dat vrye tyd as Afrikaanse ekwivalent vir beide gestel kan word. Uit die Engeltalige literatuur blyk dit dan ook duidelik dat hierdie twee begrippe oorwegend as sinonieme ingespan word.⁵⁾

-
- 1. Schoonees, P.C. Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal, p. 1030.
 - 2. Bosman, D.B. Tweetalige Woordeboek, p. 1371.
 - 3. Oxford English Dictionary, Volume VI, p. 192.
 - 4. Random House Dictionary of the English Language, The, p. 819.
 - 5. De Grazia, S. op. cit., p. 80.

'n Algemene benadering betreffende die omskrywing van vrye tyd is om dit vanuit 'n tydshoek te beskou en om dit te kontrasteer met arbeid. Hierdie siening is eie aan die Christelike lewensbeskouing en dit is ook gefundeer in die Vierde Gebod waarin daar 'n duidelike opdragsonderskeid gemaak word tussen arbeid en rus.

Die Komitee van Onderzoek na Kultuurverspreiding (R.S.A.) gebruik dié benadering om vrye tyd in sy wydste sin te omskryf: "Die tyd wanneer 'n persoon vry is van die arbeidsverpligtinge om 'n bestaan te maak. Vryetydsbesteding behels dan die wyse(s) waarop die mens sy vrye tyd aanwend. Die konsep vrye tyd is die teenoorgestelde van arbeid as plig en dit is normaalweg taakvry."¹⁾

Miller en Robinson meen egter dat vrye tyd die tyd is wat oorbly "after necessary work and survival duties are accomplished, to be spent at the discretion of the individual".²⁾ Onder "survival duties" noem Wippler reis na en vanaf werk, slaap, eet en liggamlike versorging.³⁾

By hierdie lewensnoodsaaklike take of verpligtinge kan ook onder meer gevoeg word daardie verpligtinge wat die individu opgelê word deur tradisies of gebruike en die wet, byvoorbeeld gesinsverpligtinge.⁴⁾

-
1. Pieterse, J.E.. Verslag van die Komitee van Onderzoek na Kultuurverspreiding, p. 17.
 2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, pp. 5-6.
 3. Wippler, R. Sociale Determinanten van het Vrijetijds-gedrag, p. 6.
 4. Roberts, K. op.cit., p. 6.

In die lig van die voorafgaande kan daar dus gepraat word van drie tydsektore: arbeidstyd, vrye tyd en in-beslag-genome¹⁾ tyd. Tussen die arbeid en die vrye tyd is daar dus 'n intermediêre gebied wat nóg arbeid nóg vrye tyd is, maar wat in 'n wisselende mate aan albei deel het.²⁾ Die Unesco-Instituut vir Onderwys onderskei hierdie semi-vrye tyd na aanleiding van die volgende oorwegings. Eerstens behels dit aktiwiteite buite die normale arbeidstyd en wat uitgevoer word om aan die minimum vereistes vir persoonlike voortbestaan te voldoen, of wat onderhewig is aan materiële of sosiale druk. Hierdie aktiwiteite word van die vrye tyd onderskei deur die hoë mate van verpligting waardeur dit gekenmerk word. Voorts sluit dit ook aktiwiteite in wat nie noodwendig deur die verpligtingsaspek gekenmerk word nie, maar wat verrig word om sekere psigologiese behoeftes van die tuiste te bevredig - onder neer tuinmaak, loswerkies in en om die huis en verdere studie.³⁾ Sodanige aktiwiteite word dikwels uit vrye wil aangepak en word deur die individue self as ontspanning beleef. "These semi-obligatory, semi-pleasurable activities we call semi-leisure".⁴⁾

'n Probleemaspek van hierdie semi-vrye tyd is naamlik dat sommige take of aktiwiteite vir een persoon oorwegend 'n lus kan wees, terwyl dit weer deur 'n ander persoon as 'n las

-
1. Hictor, M. Algemene analise van een "Youth-sick World" in: Inspraak van de Jeugd in de Huidige Maatschappij, Ministerie van Kulture Sake, Rekreasie en Sociale Welsijn, p. 18.
 2. Unesco Institute for Education. Evolution of the Forms and Needs of Leisure, p. 14.
 3. Unesco Institute for Education. op. cit., p. 25.
 4. Dumazedier, J. Toward a Society of Leisure, p. 93.

beleef word. Die aard van die belewing van die bepaalde aktiwiteit kan ook radikaal uiteenlopend beleef word deur dieselfde individu op verskillende tydskipte: houtwerk kan vir 'n man 'n geliefkoosde stokperdjie wees, maar hy kan 'n bepaalde houtwerkprojek negatief beleef indien dit vir hom op 'n ongeleë tydskiep tref. Selfs 'n voetbalwedstryd wat tradisioneel beskou word as 'n ontspannings- of vryetyds-aktiwiteit, kan onder bepaalde omstandighede as 'n semi-vryetydsaktiwiteit ervaar word: die verpligting om nie die span in die steek te laat op 'n dag wanneer die speler veel eerder 'n funksie elders wou bywoon nie, kan meebring dat die speler die voorspel tot die spel en selfs die spel self beleef as "verpligtingstyd".¹⁾, ²⁾

Dit is onder meer hierdie aspek van die vrye tyd, die grysgebied of semi-vrye tyd, wat dié aspek van gedrag moeilik definieerbaar maak. Dit is dan ook 'n faktor waarmee navorsing oor sowel die kwantitatiewe as die kwalitatiewe aspekte van vryetydsgebruik rekening moet hou. Kan daar byvoorbeeld aanvaar word dat 'n afname in arbeidsbetrokkenheid of arbeidstyd noodwendig lei tot meer (ware) vrye tyd? Of is die aard van die ontplooiing van die samelewingspatroon, waarvan die vermindering in arbeidstyd deel is, sodanig dat daar terselfdertyd vir die individu meer verpligtinge - semi-vrye tyd of semi-arbeid - opgelê word?

Dit blyk dus dat pogings tot die omskrywing van die begrip vrye tyd in hoofsaak die arbeid as vertrekpunt neem. Vrye

-
1. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 2.
 2. Roberts, K. op.cit., pp. 7-8.

tyd in wye sin word anders beleef as die arbeid - staan teenoor en buite die formele arbeid. Vrye tyd is in wese egter nie geheel en al vry van arbeid as sodanig nie, maar vry van die groot mate van verpligting of gesag waardeur die arbeid gekenmerk word. Waar verpligting dié eienskap is waarmee arbeid geassosieer word, is vryheid (van keuse) die kerneienskap wat aan die vrye tyd gekoppel word. Vrye tyd is "non-obligatory",¹⁾ 2) "discretionary"³⁾ tyd en behels nie slegs daardie tyd wat aan die nastreef van plesier bestee word nie, maar dit word in die eerste plek gekenmerk deur die bestaan van 'n duidelike keuse⁴⁾ betreffende dit wat gedoen kan of gaan word - relatief self-bepaalde⁵⁾ en self-gekoose⁶⁾ aktiwiteitservarings.

Kragtens hierdie benadering tot die omskrywing van vrye tyd val die klem dus op die aard en die belewing van die wisselwerking tussen vryheid en gesag (of verpligting). Omdat hier nie sprake kan wees van absolute gesag in die arbeid en absolute vryheid in die vrye tyd nie, moet aanvaar word dat beide arbeid en vrye tyd elemente van mekaar bevat. Hoe groter die beleefde vryheid in die uitvoering van 'n bepaalde aktiwiteit buite die formele arbeid, hoe verder is dié situasie-

-
1. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 2.
 2. Meyer, H.D., Brightbill C.K. en Sessoms H.D. Community Recreation, p. 29.
 3. Yukic, T.S. op.cit., p. 2.
 4. Kraus, R.G. op.cit., p. 2.
 5. Davis, D.M. Het erfdeel van de toekomst: de beschaving van de Vrije Tijd, p. 26.
 6. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 6.

belewing verwyderd van die arbeidsbelewing vir die individu, en andersom.

Hierdie beleefde vryheid is die essensie van vrye tyd en moet beskou word as 'n belangrike kwaliteitselement van die vrye tyd. Hieromtrent sê De Grazia: "The word leisure has always referred to something personal, a state of mind or a quality of feeling. It seemed that in changing from the term leisure to the term free time we have gone from a qualitative to a quantitative concept. We now had something that could be measured with ease. The subjective element, however, refused to be liquidated. It still lives in the 'freeness' of free time".¹⁾

Ook Kaplan onderstreep die belangrikheid van die subjektiewe belewingsaspek van die vrye tyd. "But the fundamental point is never to be lost: leisure to the participant, like his religion and his love, is what he thinks it is, because on that kind of assumption he acts out his life."²⁾

Die wyse waarop die individu dus 'n bepaalde aktiwiteit verken en beoefen, is belangriker as die feit dat hy aan daardie aktiwiteit deelneem;³⁾ die proses van vryetydsbesteding weeg dus swaarder as die produk⁴⁾ - 'n fundamentele aspek wat tot nog toe grootliks òf geïgnoreer òf verwaarloos is in kwantitatiewe vryetydsopnames en in vryetydsevaluering.

1. De Grazia, S. op.cit., p. 59.

2. Kaplan, M. Leisure: Theory and Policy, p. 50.

3. American Association for Health, Physical Education and Recreation, 1961, Leisure and the Schools, p. 3.

4. Christensen, J.E. Leisure Education for a state of mind, p. 34.

Hierdie subjektiewe beleving van vryheid in die proses van vryetydsbesteding bestaan egter uit twee komponente: in die een word die beleving van vryheid met die aktualiteit versoen, terwyl dit in die ander 'n relatief valse beleving van vryheid is. Ten opsigte van laasgenoemde komponent stel die American Association for Health, Physical Education and Recreation die volgende siening: "In a democratic society one can exercise choice in the use of leisure. However, there are many forces pressing in to propagandize, coerce, and cajole man to sell his free time for a million-and-one trivialities. These forces appear to be more powerful than those encouraging the thought that leisure is freedom of opportunity for the enrichment of life and, consequently society."¹⁾ Beerling deel hierdie siening en stel die vraag of die samelewing nie weer in die rigting beweeg soos die arbeid vroeër, waar 'n bepaalde minderheidsgroep, naamlik dié in beheer van die massakommunikasiemedia en die gekommersialiseerde vermaak, begin teer op die vryetydsbesteding van die massa nie. Hy sê voorts: "Terwijl de schaduw van de arbeid afneemt en de argelose mens zich koestert in de zon van zij vrije tijd merkt hy de totalitaire skaduw niet op die besig is zich over hem uit te spreiden."²⁾

Dit wil dus voorkom dat in die eietydse Westerse samelewing met sy klem op materiële besit, status en kompetisie enersyds, en die aangewesenheid van die individu op die gekommersialiseerde rekreasiebedryf andersyds, die individu veel meer vrye-

-
1. American Association for Health, Physical Education and Recreation, op. cit., p. 2.
 2. Beerling, R.F. e.a. Arbeid, Vrije Tijd en Creativiteit, pp. 20-23.

tydsvryheid inboet as waarvan hy bewus is of sal wil erken. Van hierdie min of meer verskanste gesagstrome skryf Lamprecht soos volg: "Wie in deze maatschappij iets wil worden, wie success wil boeken, moet zich aanpassen, moet meedoen, mag niet aarzelen, niet proberen tegen de stroom in te zwemmen: hij moet van de bestaande aanbiedingen gebruik maken, ook van het amusement- en vrijetijdsbedryf, om op hoogte te zijn, om te kunnen meepraten, om kansen te hebben, om niets als buitenstaander bestempel te worden".¹⁾

Die laaste aspek van die vrye tyd waarby stilgestaan word en wat by die voorgenoemde aansluit, is die verskynsel wat Godbey "time deepening" noem. Die tydskaarste wat baie mense ondervind, word gekoppel aan 'n toename in hul vermoë om aktiwiteite vinniger as ander af te handel of om 'n groter aantal aktiwiteite min of meer gelyktydig aan te pak - die verskynsel van tydsintensivering. Hiervolgens wil dit blyk dat hoe meer 'n individu deel is van die industriële samelewing met 'n baie hoë kommunikasiedigtheid, en hoe hoër die persoon se onderwyspeil, hoe meer sal hy geneig wees tot tydsintensivering; wat dus meebring dat hy meer aktiwiteite binne dieselfde vier en twintig uur kan inpas. Die voorkoms van hierdie verskynsel hou belangrike implikasies in betreffende die gebruik van die hoeveelheid vrye tyd as voorspellingsmiddel vir vryetydsgedrag.²⁾ As komponent van die lewenstempo, kan dit ook implikasies inhou vir die liggaamlike en geestesgesondheid van die individu.

1. Lamprecht, H. Exploitatatie van de Teenager, p. 20.

2. Godbey, G. Time Deepening and the Future of Leisure, pp. 40-42.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar nie sprake kan wees van 'n definisie in die ware sin van die woord wat reg sal laat geskied aan die konsep "vrye tyd" nie. Deur middel van die beklemtoning van sommige aspekte kan egter gepoog word om die konsep verder te omlyn. Vir dié doel word vier dimensies van die konsep onderskei.

1.1 Die basiselemente van die eerste dimensie van vrye tyd is tyd en die aard van die aktiwiteite waardeur die beskikbare vrye tyd gevul word. Die uitgangspunt is die reeds genoemde stelling van die Komitee van Onderzoek na Kultuurverspreiding, naamlik dat vrye tyd die tyd is "wanneer 'n persoon vry is van die arbeidsverpligtinge om 'n bestaan te maak."¹⁾ Hieruit volg dan:

- (a) dat die vrye tyd al die tyd buite die formele en noodsaaklike arbeidstyd beslaan, en
- (b) dat die vrye tyd deur 'n groot verskeidenheid eiesoortige aktiwiteite in beslag geneem word; en voorts dat hierdie aktiwiteite op grond van sekere uiterlik waarneembare kenmerke getipeer, geklassifiseer en gekwantifiseer kan word, terwyl daar terselfdertyd rekening gehou word met tydsintensivering en oorvleueling van aktiwiteite.

1.2 Waar die kernfeit van die eerste dimensie vryheid van die formele arbeid is, is die essensie van die tweede dimensie die mate van bewuste belewing van vryheid van verpligtinge

1. Pieterse, J.E. op. cit., p. 17.

en gesagsvorme, of die afwesigheid daarvan, in die benutting van die vrye tyd. Op grond van sodanige belewinge verkry bepaalde aktiwiteite vir die individu sekere vryetydswaardes waarvolgens die vryetydsgedrag in drie breë kategorieë kan val of tussen hierdie kategorieë kan fluktueer, naamlik:

- (a) verpligtingsaktiwiteite,
- (b) semi-verpligtings- of semi-vrye aktiwiteite, en
- (c) vrye vryetydsaktiwiteite.

1.3 Die derde dimensie behels die mate van manipulerings, oordediging, regulering of kondisionering waaraan die individu onderwerp word deur invloede van buite in sy vryetydsgebruik - invloede en prosesse waarvan hy oorwegend onbewus is en waaroor hy min beheer het. Dit behels ook die mate waarin vryetydsbehoeftes en vryetydswaardes op 'n verskanste wyse aan die individu voorgehou of opgedring word.

1.4 Laastens bevat vrye tyd ook 'n evalueringskomponent waardeur die vryetydsgedrag van die individu of die groep aan selfevaluering en evaluering van buite onderwerp word kragtens:

- (a) die algemeen gangbare waarde- en normestelsel binne die bepaalde gemeenskap, en
- (b) die lewensbeskouing van die evalueerder.

Hierdie vier dimensies van die vrye tyd omvat dan die kwantitatiewe, die kwalitatiewe en die normatiewe aspekte van die vrye tyd.

2. REKREASIE

Net soos in die geval van die begrip vrye tyd, laat die begrip rekreasie hom nie omlin met enkele woorde nie. Dit is wenslik dat daar voortborduur word op die kernagtige omskrywings wat woordeboeke bied.

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal beteken rekreasie "ontspanning, vermaak", en rekreër word omskryf as "1. ontspan, vermaak, jouself geestelik verfris; 2. Herskep."¹⁾ Hierdie positiewe karakter van die begrip word ook in Engels beklemtoon, naamlik: "The action of recreating (oneself or another) or fact of being recreated, by some pleasant occupation, passtime or amusement."²⁾

Hieruit vloei veral drie belangrike afleidings voort. Eerstens wys ontspanning, verfrissing en herskepping op 'n behoefte by die individu wat ontstaan uit die inspanning van die arbeid. De Grazia skryf soos volg oor die funksionele aard van rekreasie: "Recreation is activity that rests men from work, often by giving them a change (distraction, diversion), and restores (re-creates) them for work."³⁾

Vervolgens beteken dit ook dat rekreasie in die vrye tyd plaasvind. Hiermee word nie bedoel dat die arbeid nie elemente van rekreasie kan bevat nie; die essensie van rekreasie is egter beperk tot die vrye tyd.

-
1. Schoonees, P.C. e.a. Handwoordeboek vir die Afrikaanse taal, p. 692.
 2. Oxford English Dictionary, The, Volume VIII, p. 692.
 3. De Grazia, S. op.cit., p. 233.

In die derde plek word rekreasie gekenmerk deur aangename ervarings¹⁾ wat beteken dat slegs 'n deel van die vrye tyd daardeur in beslag geneem word. Kraus stel die bereiking van persoonlike bevrediging as die primêre motivering in rekreasie, terwyl ander oorwegings 'n ondergeskikte rol speel.²⁾ Butler stel hierdie siening nog sterker:

"recreation may be considered as any activity which is not consciously performed for the sake of any reward beyond it-self ...".³⁾ Dit moet egter aanvaar word dat, afgesien van die persoonlike bevrediging wat die individu in sy rekreasie-aktiwiteite ervaar, hy terselfdertyd ook bewustelik die bereiking van ander persoonlike, sosiale en selfs ekonomiese doelwitte kan nastreef. Wanneer hierdie sekondêre oogmerke van rekreasie egter te sterk op die voorgrond tree, kan die gehalte of waarde van die betrokke aktiwiteite as rekreasievorme bevraagteken word.

Benewens hierdie woordeboekgenoemde eienskappe van rekreasie, is die volgende ook ter sake. Eerstens word die feit genoem dat rekreasie vry is van dwang of verpligting: dit verteenwoordig dus in hoofsaak daardie aktiwiteite wat in die "vrye vryetyd" plaasvind. Hier gaan dit dan om vryheid van keuse wat op twee veronderstellings berus, naamlik dat daar 'n verskeidenheid moontlikhede bestaan waaruit die individu kan kies en wat die mate beïnvloed waarin hy die inklinasie tot genot-

-
1. Butler, G.D. Introduction to Community Recreation, pp. 10-11.
 2. Kraus, R. Recreation Today, p. 7.
 3. Butler, G.D. op.cit., pp. 10-11.

volle aktiwiteite kan bevredig;¹⁾ en tweedens dat die individu in staat is om 'n keuse te maak.²⁾ In hierdie opsig dra rekreasie die gevoel van vryheid - beide persoonlik en sosiaal - deurdat die individu binne aanvaarbare perke kan doen wat en wanneer hy wil.³⁾

Voorts word rekreasie gekenmerk deur erns en doelgerigtheid. Die feit dat dit deurgaans 'n aangename ervaring is, laat 'n mens neig om dit los te sien van erns en doelgerigtheid:

"Humans are never more serious, however, than when they are absorbed in activities from which they secure satisfaction and pleasure."⁴⁾ Die spel van die klein kindjie is 'n treffende illustrasie hiervan. Hierdie voorgenoemde eienskappe van rekreasie, te wete ontspanning, verfrissing, herskepping, persoonlike bevrediging, gevoel van vryheid en erns en doelgerigtheid in deelname, word deur Butler saamgevat wanneer hy dit stel dat rekreasie 'n gesindheid is wat deelname aan hierdie aktiwiteite kenmerk en wat voortvloei uit die bevrediging wat dit aan die individu besorg: "... it is the spirit which finds expression in them and which through them contributes to satisfying, joyous, abundant living."⁵⁾

Benewens die omvang van die begrip soos hierbo kortliks geskets, is dit op hierdie stadium ook belangrik om te verwys na die

-
1. Butler, G.D. op. cit., pp. 6-7.
 2. Brightbill, C.K. Man and Leisure, p. 33.
 3. Shivers, J.S. Principles and Practices of Recreational Service, p. 75.
 4. Meyer, H.D., Brightbill, C.K. en Sessoms, H.D. op. cit., p. 37.
 5. Butler, G.D. op. cit., pp. 7-8.

groot rol wat rekreasie vandag in die samelewing speel. 'n Groot verskeidenheid rekreasievorme word deur 'n omvattende reeks instansies aangebied of ondersteun, onder meer die Staat op verskillende vlakke, skole, kerke, klubs, diensorganisasies, industrieë en die sakewêreld - en dit verskaf werk aan groot getalle mense: die rekreasie-industrie.¹⁾

In hierdie sin strek die verwysingsraamwerk van die term rekreasie dus wyer as aktiwiteit, ervaring/belewing of gesindheid: dit verwys ook na al daardie instansies wat ingestel is op die bevrediging van die rekreasie- of vryetydsbehoeftes van die bevolking.

3. SPEL EN SPORT

Kragtens woordeboekomsrywings is beide spel en sport vorme van rekreasie en is dit aangenaam en ontspannend van aard.²⁾, 3), 4) Sport is 'n besondere vorm van spel met die klem op prestasie, en spel lê inderdaad die sport ten grondslag.⁵⁾

Die suiwerste teenhanger van die wêreld van die arbeid, skryf Beerling, is dié van die spel. Dit wat in die arbeid noodsaaklik is, laat die mens spelend links lê.⁶⁾ Die spel lig die mens tydelik uit die arbeidswêreld en laat hom vry voel:

-
1. Kraus, R. Recreation and Leisure in Modern Society, p. 263.
 2. Oxford English Dictionary, The, Volume VII, op. cit., p. 973.
 3. Oxford English Dictionary, The, Volume X, op. cit., p. 665.
 4. Schoonees, P.C. e.a., op. cit., p. 809.
 5. Botha, J.L. Skoolsport: 'n Toekomsblik, p. 8.
 6. Beerling, R.F. e.a. Arbeid, Vrije Tijd en Creativiteit, p. 24.

"So, for the ordinary man, play is a taste of leisure. The festivity of the holidays are playdays, out of this world, moments when the ordinary is suspended and all rejoice in a common unconcern for everyday cares, to celebrate this and other wonders of the cosmos."¹⁾ Die spel-lewe bring dus afleiding van die alledaagse roetine deur die daarstelling van 'n sekondêre realiteit²⁾ wat, anders as in die arbeidsrealiteit, vry is van verpligtinge.

Botha beskryf die essensie van spel soos volg: "Die kern van spel lê opgesluit in die element van aardigheid; dit is irrasioneel; dit is beperk ten opsigte van die tyd-ruimtelike grense; binne die speelruimte heers 'n eie en volstrekte orde en wanneer die spelreëls oortree word, ontbind hierdie speelwêreld; as biologiese en kulturele funksie is spel onmisbaar; dis 'n vrye handeling wat nie aan direkte materiële belang gebonde is nie; dit lê binne die terrein van die estetiese; dit vind bewustelik buite die 'gewone' lewe plaas, dit gryp die deelnemer intens aan, maar as sodanig is spel nie ernstig nie."³⁾

Die ontspanningselement in spel gaan verlore wanneer die spel hartstog⁴⁾ word, òf ter wille van die eer òf ter wille van finansiële beloning. Sport, as besondere vorm van spel en onderskeidend op grond van veral die groter mate van georgani-

1. De Grazia, S. op. cit., p. 357.

2. Beerling, R.F. op. cit., p. 24.

3. Botha, J.L. op. cit., p. 8.

4. Aalders, W.J. Handboek der ethiek, p. 415.

seerdheid en meer klem op kompetisie en prestasie, is meer blootgestel aan verpligtings- en gesagsinvloede as spel oor die algemeen; en daarom loop dit groter gevaar om aan rekreasiewaarde in te boet. Hoe meer daar vir die individu op die spel is, hoe minder gaan dit vir hom blykbaar om die spel en hoe minder (rekreasie) is daar blykbaar vir hom in die spel. Die ware spel-element wyk onvermydelik in die aangesig van toenemende sistematisering en regimentering van sport¹⁾ - 'n aspek wat in die hieropvolgende hoofstukke breedvoerig behandel sal word en wat die toeskouersy noodwendig sal insluit.

4. SAMEVATTING

Daar kan dus gekonstateer word dat die vrye tyd daardie tyd is wat buite die formele arbeidstyd geleë is, maar dat dit nie geheel en al vry is van verpligtinge en gesagsinvloede nie. Rekreasie wat onder meer deur bepaalde geestesinhoudes gekenmerk word en waarvan spel en sport normaalweg deel uitmaak, kom feitlik uitsluitlik in die vrye tyd voor.

1. Huizinga, J. Homo Ludens, p. 197.

H O O F S T U K 3

ARBEID EN VRYE TYD

Hoewel vrye tyd difinisie-onthalwe in hoofsaak as teensy van die arbeid gestel is, staan die twee nie teenoor mekaar nie. In ons Westerse samelewing was arbeid en vrye tyd nog altyd geïntegreerd¹⁾ en daarom is dit noodsaaklik dat 'n studie van vryetydsprobleme die rol van die arbeid nie sal negeer nie.

Die era van die tegnologie het enersyds meer vrye tyd aan die werker besorg en andersyds nuwe en veranderende arbeidstoestande en -eise meegebring; aan die een kant kommer laat ontstaan oor hoe hierdie addisionele vrye tyd gebruik sal word en die invloed wat dit op die samelewing sal uitoefen en aan die ander kant die groter moontlikheid van arbeidsvervreemding en werkloosheid daargestel.

Hoewel die arbeid in ekonomiese sin 'n lewensnoodsaaklike rol speel, kan dit ook kreatiewe en genotverskaffende belange dien,²⁾ terwyl dit implikasies inhou vir die individu se selfwaarde en vir sy status in die gemeenskap. Bowe-al staan die arbeid sentraal in die Westerse Christelike lewensbeskouing. Wanneer dit dus gaan om lewensin en lewensgehalte, het die arbeid 'n besliste bydrae te lewer.

Beide probleemgebiede, naamlik dié van die vrye tyd en dié van die arbeid, word geskep deurdat die waardestelsel blykbaar nie by magte is om erkenning te verleen aan tipiese

1. Smigel, E.O. Work and Leisure, p. 14.

2. Twardsik, L.F. Quality of Life Revolution: Labour and Leisure, p. 49.

situasies wat deur die maatskaplike stelsel voortgebring word nie. Probleme rakende vrye tyd en arbeidsvervreemding spruit deels voort uit die disharmonie tussen die normatiewe en sosiale stelsels: "we are all status seekers, but nobody defends status seeking. We do not know how; our value system does not provide us with the moral vocabulary to defend much of the behaviour and many of the roles which the social structure requires."¹⁾

Die probleme van massa-vryetydsbesteding is voorts onlosmaaklik verbonde aan faktore soos onder meer 'n tegnologie wat arbeid progressief makliker en meer geroetineerd maak, die welvaart en koopkrag van groot massas mense in die "kultuurmark" en die gevolglike enorme groei van die "kultuurindustrie".^{2), 3)}

Dit blyk dat dit feitlik onmoontlik is om 'n probleem betreffende die vrye tyd te formuleer of op te los sonder om die aard van die steeds veranderende sosiale, ekonomiese en normatiewe stelsels te verstaan wat hierdie probleem onderlê. Een sodanige probleem spruit uit die stelselmatige verbokkeling van die tradisionele integrerende bande tussen die arbeid en die vrye tyd. Die arbeidstyd van groot massas mense kan as oorwegend kunsmatige tyd beskou word: tyd is tot grondstof of voorwerp gemaak van die arbeid ("time is money") en hiervan is

1. Berger, B.M. The Sociology of Leisure, pp. 31-32.

2. Berger, B.M. op. cit., pp. 22-23.

3. Brightbill, C.K. Vrij Tijd : een uitdaging, pp. 27-33.

die mens in 'n groot mate vervreemd. Hierdie soort arbeidstyd kontrasteer met die vrye tyd wat die natuurlike, psigologiese en tradisionele periode is wanneer die mens homself uitleef en na goeddunke handel. Die aard van hierdie veranderende verhouding loop ook deur na die interpersoonlike verhoudings: sosiale kontakte buite die werkgroep kompenseer vir die vormlike, funksionele verhoudinge van die werkkring. Hierdie genoemde sosiale kontakte neig om in 'n al hoe groter mate op primêre vlak te beweeg: die gevoelsinhoud steun op die eie aard van die individue. In teenstelling hiermee neig die arbeidsverhoudinge om te steun op die anonimiteit en die verwisselbaarheid van die persone. In hierdie sin kan gepersonaliseerde vryetydsbesteding wat persoonlike en voltooide skeppinge insluit, as teenwig dien vir "krummelarbeid"¹⁾ wat voortspruit uit die invloed van onder meer outomatisasie, spesialisasie, kompetisie en die bevelende woord, en vir die sekondêre interpersoonlike arbeidsverhoudinge.

Die wisselwerking tussen die veranderende sosiale, ekonomiese en normatiewe stelsels word voorts deur Duvenhage beklemtoon en soos volg gestel: "Die invloed van die ekonomiese mag het die werker van sy verantwoordelikheid beroof en sy werk betekenisloos gemaak. Die winsmotief wat die massamedia beheer is geneig om nie net nuus nie, maar ook verskillende lewens-terreine te laat ontaard. Al ons gewoontes, al ons verhoudings, al ons inrigtings, alles waarvan ons hou en nie hou nie, al ons waardes en ideale word gekommersialiseer: Dit

1. Janne, H. Arbeidsmoraal, Vrijetijds-moraal: een nieuw mensentijpe in het vooruitsicht, in: De Beschaving van de Vrije Tijd, pp. 12-13.

betaal om te adverteer".¹⁾ Dit is teen hierdie agtergrond dat die arbeid-vrye tyd-verhouding beskou moet word.

Een probleem wat uit genoemde verhouding voortspruit en wat die aandag vra, is dié van die steeds toenemende hoeveelheid vrye tyd wat tot die individu se beskikking is en wat in die Amerikaanse situasie beklemtoon word. Benewens die tydsaspek, besit hierdie probleem addisionele fasette wat melding verdien: die veranderende aard van die arbeid; die noodsaaklikheid om nuwe uitdagings en morele waardes te voorsien vir die nie-arbeidstyd²⁾ en die aard van die vryetydsgedrag wat ook 'n evolusie ondergaan het: baie vryetydsaktiwiteite wat vroeër beskou is as simbole van hoërklasstatus, is nou binne die bereik en die vermoë van die sogenaamde werkersklasgesinne.^{3), 4)} Voorts is 'n afname in die vraag na meer vrye tyd nie in sig nie. Teen die huidige tempo van bevolkingsgroei en tegnologiese ontwikkeling en veral indien dit saamval met ekonomiese insinking, soos dit gedurende hierdie dekade in veral die V.S.A. en Brittanje ondervind is, kan meer vrye tyd in die toekoms ook deur die herverdeling en/of herverspreiding van arbeid afgedwing word om sodoende aan genoegsame getalle mense werk te verskaf. Ten tye van hierdie skrywe is daar 'n groot aantal plaaslike werkgewers wat op 'n vierdagwerkweek fungeer om sodoende volle indiensneming te handhaaf; 'n tendens wat elders reeds geld.

-
1. Duvenhage, S.C.W. Die Opstandige Student: 'n Analise en evaluering van studenteaktiwisme in die V.S.A., p. 344.
 2. Kraus, R. Recreation and Leisure in Modern Society, p. 306.
 3. Faunce, W.A. Automation and Leisure, pp. 88-89.
 4. Roberts, K. Leisure, p. 25.

Sedert ongeveer 1850 het die lengte van die werkweek gekrimp vanaf nagenoeg 70 uur tot om en by 42 uur en selfs minder in Westerse lande.¹⁾, 2) Gepaard hiermee het 'n verdere twee verskynsels na vore getree wat die arbeidsituasie kompliseer. Eerstens is daar 'n dramatiese styging in die persentasie vroue wat tot die arbeidsmark toetree en daarby op terreine wat tradisioneel nie deur hulle betree is nie; en tweedens het daar soos blyk uit Amerikaanse statistieke, 'n groot styging plaasgevind in die persentasie persone wat gelyktydig in twee poste staan; hetsy voltyds, hetsy deelyds - "dual jobholding" 3), 4) of "moonlighting".⁵⁾

Laasgenoemde verskynsel kan minstens deels toegeskryf word aan finansiële oorwegings. 'n Toename in vrye tyd verminder nie finansiële behoeftes nie - die teendeel is eerder waar in 'n konsumpsie maatskappy - en Weiss en Riesman vind dan ook dat waar die ses-uur-werksdag ingestel is, baie mans 'n tweede werk aanpak: "It seems to us that the reduction of the work week may, for many men, be coming increasingly close to the point where it is not so much a matter of giving a disliked employer less for more, than it is a matter of getting more 'free' time than one knows what to do with."⁶⁾

1. Kaplan, M. Leisure: Theory and Policy, p. 267.

2. Owen, J.D. The Price of Leisure, p. 11.

3. Zeisel, J.S. The Work Week in American Industry, p. 151.

4. Swados, H. Less Work, Less Leisure, p. 358.

5. De Grazia, S. Of Time, Work and Leisure, p. 64.

6. Weiss, R.S. en Reisman, D. Some issues in the Future of Leisure, p. 171.

Willensky meen egter dat 'n groot deel van die moderne vrye-tydswins 'n illusie is. Hy noem ter motivering onder meer die feit dat 'n deel van die vrye tyd afgedwing is. Hiermee bedoel hy blykbaar nie noodwendig slegs die vrye tyd van afgetredenes nie, maar ook daardie tyd wat deur outomatisasie vrygemaak is en waarop die individu moontlik nie voorbereid is nie. Voorts meld hy dat die arbeid meer gedissiplineerd raak betreffende tydreëls, installasiereëls, toesighouers en ander kontrolespesialiste, aandag aan kwaliteit en produktiwiteit, ensovoorts.¹⁾ Hierdeur wil hy dan sê dat die veranderde aard van die arbeid 'n groter teenwig benodig - in die vorm van meer vrye tyd. 'n Toename in die duur van die vrye tyd beteken dus teoreties 'n kwantitatiewe toename in die belewing van vryheid as kompensasie vir die kwalitatiewe toename in gesag gedurende die arbeidstyd.

Of hierdie teenwig oorwegend geslaagd funksioneer, moet bevraagteken word. 'n Groeiende en hoogs georganiseerde stadsbevolking met 'n voorkeur vir massa-rekreasie en 'n onversadigbare vraag na dienste (welvaart), is blootgestel aan tydsverlies deur samedromming, toustaan, reise deur swaar verkeer, soek na parkeerplek, ensovoorts^{2), 3)} - semi-vrye aktiwiteite. Hierbenewens kan die groot aantal verpligtinge wat in 'n verskeidenheid vorme die individu moontlik opgelê kan word deur 'n veranderende samelewingspatroon hierdie wins aan vrye tyd omskep in 'n verlies. Die langer tyd los van die formele

-
1. Willensky, H.L. The Uneven Distribution of Leisure: The Impact of Economic Growth on the Free Time, pp. 131-132.
 2. Willensky, H.L. op.cit., p. 136.
 3. Janne, H. op.cit., pp. 8-9.

arbeidsgesag kan geraak word deur gesagdraende situasies en instansies wat aanspraak maak op die individu se vrye tyd. In hierdie verband skryf Roberts soos volg oor die Britse situasie: "The extent of an individual's non-work obligations such as family commitments makes more difference to the amount of free time that he has at his disposal than the nature of his employment does."¹⁾

Die individu se lewenstyl word dus baie nou geraak deur die mate van gesagsinhoud in sy arbeidsituasie, deur die aard en omvang van sy verpligtinge buite die arbeid en deur ander gesagsinvloede wat optree in sy vrye tyd. Die Fransman, Dumazedier, spreek sy bedenkinge uit oor die vraag of arbeid steeds die dominante element is wat die individu se lewenstyl bepaal. Hy voer twee redes aan waarom die rol van die tipe arbeid moontlik afgeneem het: die korter arbeidstyd en die verhoogde lewenspeil; hierdeur word die individu in staat gestel om sy vrye tyd op 'n verskeidenheid wyses aan te wend in ooreenstemming met sy eie belangstellings (teoreties gesproke). Hy gaan self verder deur die moontlikheid te noem dat die individu se lewenstyl, gesindhede en belangstellings wat steun op sy vryetydsbesteding, 'n invloed kan uitoefen op sy arbeidsituasie.²⁾

Ten opsigte van laasgenoemde moontlikheid blyk daar toenemende tekens te wees dat dit in sommige situasies wel die geval kan wees: dit word gesteun deur die nuwe eise wat aan die arbeidsituasie gestel word. In plaas van verandering van werkgewer deur die individu moet die diensvoorwaardes verander. Die

1. Roberts, K. op.cit., p. 10.

2. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, p. 35.

eise van vakbonde spring hier in die oog.

Hierdie wedersydse beïnvloeding van die arbeid en die vrye tyd kan voorts toegelig word deur enkele gedagtes te noem oor die aard en funksie van die arbeid. Uit die aard van die wydheid van die arbeidspektrum moet die bestaan van uiteenlopende arbeidswaardes verwag word en in die bespreking hiervan is 'n sekere mate van veralgemening onvermydelik.

In hierdie verband onderskei Berger drie hoof-arbeidskategorieë wat elk implikasies inhou vir vryetydswaardes, lewensbevrediging en lewensin: "First, there is work, that still provides an occasion for primary self-identification and self-commitment of the individual - for his fulfilment if one prefers. Thirdly, there is work that is apprehended as a direct threat to self-identification, an indignity, an oppression. And secondly, between these two poles, is work that is neither fulfilment nor oppression, a sort of grey neutral region in which one neither rejoices nor suffers, but with which one puts up with more or less grace for the sake of other things that are supposed to be important".¹⁾

Die mening word deur sommige waarnemers gehuldig dat daar 'n groeiende konsensus in veral die V.S.A. aan die ontwikkel is dat lewensbevrediging oorwegend in die vrye tyd te kry is;²⁾ dat 'n duideliker begrip van die vrye tyd moontlik is indien die vooroordele opsy geskuif word wat voortspruit uit 'n oorwaarding van arbeid;³⁾ dat 'n tradisie van arbeid as die

1. Berger, P.L. The Human Shape of Work, p. 50.

2. Pagano, H.P. Changing Urban Work Ethic, p. 102.

3. Pieper, J. Leisure the Basis of Culture, p. 4.

morele en religieuse kern van die lewe nie meer wyd gehuldig word nie;¹⁾ dat die meeste werkers wat hul tyd as handels-artikel beskou, min belangstelling in die werk of die onderneming het²⁾ en dat arbeid in 'n "kontrak"-samelewing 'n verhandelbare kommoditeit is.³⁾

So 'n siening negeer die waarde van die arbeid as singewende aktiwiteit. Daar bestaan aanduidings dat die eietydse werker gekondisioneer word tot hierdie siening en houding, veral deur die reklame- en rekreasiebedryf, om negatief ingestel te wees teenoor die arbeidservaring - selfs wanneer die werker sy arbeid interessant en vervullend beleef, die verhoudinge met mede-werkers en bestuur positief is en die werksmilieu aangenaam is, terwyl die vrye tyd eensaamheid inhou.⁴⁾

Hierdie neiging om die rol van die arbeid laag aan te slaan kan ook deels voortspruit uit die kwantitatiewe afname in die werksbetrokkenheid van die werker. Deur die ooreenstemmende toename in vrye tyd ontstaan daar dus die neiging tot waardeverskuiwing vanaf arbeid na vrye tyd. Miller en Robinson voorsien in dié verband dat die vrye tyd die basiese integrerende faktor in mense se lewens sal word, die hoofbron van lewenswaarde, hoewel dit steeds sal steun op 'n waardige werkslewe en die bevrediging van basiese materiële behoeftes. Hulle verklaar voorts: "Modern society's loss of the work

1. Kraus, R. op.cit., p. 304.

2. Anderson, N. Work and Leisure, p. xiii.

3. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 29.

4. Twardzik, L.F. op.cit., p. 49.

rational, or purpose, and individuals' unreadiness to use their leisure time creatively, have led to widespread misuse of leisure time, commercial exploitation of recreational illiteracy, and failure to fulfill leisure values."¹⁾

Dit is egter haas ondenkbaar om iemand sonder 'n werk volkome gelukkig voor te stel. Arbeid dra by tot gevoelens van sinvolheid en bruikbaarheid wat onmisbaar is vir die selfrespek en selfwaarde. Die feit dat 'n mens nie aan die verpligtingsbelewing in die arbeid kan ontkom nie, doen min afbreuk aan die wenslikheid van die arbeid.²⁾ Maar arbeid sonder nut vir ander het geen sin nie en daarom is mense deur die arbeid steeds besig om diensbaar aan mekaar te wees. In die gekompliseerde arbeidswêreld, meen Kwant, is hierdie diensbaarheid meesal nie sigbaar nie en word dit dikwels nie as diensbaarheid beleef nie. Tog kom dit tot uiting in ander vorme en word dit sinvol aangevoel: die arbeider heg groot waarde aan onder meer waardering vir sy werk, die posisie wat hy bekleed en die "naam" van sy onderneming. "Maar het is een onverantwoorde verdrachmaking van de hedendaagse mens wanneer men beweert dat andere motieven (materialisme uitgesonderd) slechts een geringe rol spelen. Het besef is uitermate levendig dat men door zijn arbeid "iets is" in de Maatschappij omdat men een belangrijke dienst verricht."³⁾

Hierdie diensbaarheidsaspek van arbeid en die samehang tussen arbeid en vrye tyd verkry 'n verdere perspektief wanneer 'n

-
1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, pp. 150-157.
 2. Brightbill, C.K. Man and Leisure, p. 23.
 3. Kwant, R.C. Sociale Filosofie, pp. 102-104.

mens vlugtig let op die veranderende aard van die beroeps-
struktuur. 'n Dalende persentasie van die arbeidsmark is
betrokke by die primêre arbeidsvorme van ontginning, ver-
werking, produsering en vervaardiging, terwyl 'n toenemende
persentasie werkers gemoeid is met onder meer bemarking,
verspreiding, instandhouding, sosiale en welsynsdienste,
ensomeer - arbeidsrigtings wat 'n sigbaarder verband toon
met behoeftes van die individu. Gekommercialiseerde rekrea-
sie is 'n treffende voorbeeld. Dit lei tot die toestand
waar meer mense hul arbeidslewe bestee aan die bevrediging
van die vryetydsbehoefte van ander. In hierdie sin het
die spel ook in sommige opsigte 'n beroep geword: afgesien
van wat die speler moontlik uit die spel kan haal, lewer hy
terselfdertyd 'n diens aan sy klub, stad, land, aan die toe-
skouers en aan diegene wat hom as identifikasie-model gebruik.
'n Verdere verantwoordelikeheidsdimensie word in sodanige ge-
valle tot die spel bygebring deurdat die gehalte van die spel
en alles wat daarmee saamhang, nou veel meer mense raak as
net die speler.

Hierdeur het 'n besondere tipe erns in en om die spel ont-
wikkel wat, indien dit vroeër ook aanwesig was, moontlik 'n
veel kleiner en 'n meer sporadiese invloed uitgeoefen het.
Van die Amerikaner se benadering tot sport skryf Beisser:
"But most Americans do not withdraw from sports; instead
they approach them with vigour and dedication formerly
reserved for work." En ook: "Whether for pay or from old
school loyalty, modern sports are dominated by the spirit of
work: arduous practice, long hours of learning signals and
plays, sweating, bruising, bone-breaking practice, all in

preparation for the big game. Long hours often with limited reward, absolute obedience to coach or manager - is the word 'player' really appropriate for an athlete engaged in such activities?"¹⁾

Hier is nie net sprake van 'n mate van oordrag van die arbeidsrol na sportaktiwiteite nie, maar selfs ook van omruiling van rolle betreffende sekere aktiwiteite. Daardie sportsoorte wat as spel begin het, onder meer sekere balspele, het nou die speelse en lighartige element verloor en word nou in toenemende mate gekenmerk deur ernstige, harde werk. Aktiwiteite soos jag en visvang daarenteen, het ontstaan as die siel van die arbeid, maar in die eietydse kultuur, het dit die ware inhoud van spel aangeneem.²⁾

Die afname of verskansing van die rol van die godsdiens gefundeerde diensbaarheidsmotief as die primêre arbeidsdoel by die moderne werker is deels verantwoordelik vir die vertroebeling van die eietydse arbeidsetiek. Dit is ook, meen Strom, deels teweeggebring deur 'n verskeidenheid teenstrydighede in die moderne arbeidsituasie self. Die produksiekapasiteit van outomatisasie maak volle indiensneming onnodig en haas onmoontlik, maar om werkloos te wees grens aan 'n skande (werkloosheid is vir baie mense 'n ramp, tas hul menswaardigheid aan en hou implikasies in vir sedelike nood). Van die arbeider word verwag om selfwaarde uit die arbeid te

1. Beisser, A.R. The Madness of Sport, pp. 6-7.

2. Beisser, A.R. op.cit., p. 7.

haal maar outomatisasie werk roetine en verveeldheid in die hand; outomatisasie lei tot meer vrye tyd, maar te veel daarvan word deur baie individue op negatiewe wyse beleef.¹⁾

Dit blyk dan dat 'n toenemende mate van konflik aan die ontwikkel is binne die tegnologiese samelewing: die eietydse mens vind dit toenemend verwarrend, selfs oorweldigend, meen Davis, om te besluit wat waardevol is - watter aktiwiteite 'n mens se tyd en energie waardig is.²⁾ Die ontpersoonlikende kragte wat binne die tegnologiese samelewing werksaam is, ondermyn nie alleen die uitlewing van die Christelike arbeids- en vryetydsetiek nie, maar is voorts ook nie in geheel aanvaarbaar kragtens die humanistiese lewensbeskouing nie. Die weerstand teen die aard van die eie situasie word onderstreep deur onder meer die aanwesigheid en doelstellings van verskillende arbeidsorganisasies, werkloosheidsversekering, verbruikersrade, besoedelingbestrydingsbewegings, natuurbewaringsorganisasies, sensorrade, voorligtingsdienste en weerbaarheidsprogramme. Die masjien en die hele tegnologie het tot 'n selfstandige mag teenoor die mens ontwikkel.³⁾ Die tegnologiese en ekonomiese veranderinge het die mens enersyds bevoordeel maar andersyds bandeloos gemaak.⁴⁾

Kragtens die Christelike etiek is die arbeid deel van die mens se lewensopdrag - bring dit 'n besondere verantwoordelikheid

-
1. Strom, R. Education for a Leisure Society, p. 496.
 2. Davis, J. A Requisite for Education for Leisure, p. 31.
 3. Wurth, J. Het Christelijk Leven in de Maatschappij, p. 275.
 4. Green, A.W. Recreation, Leisure and Politics, p. 169.

mee. Die sin van arbeid en die sin van menswees is onlosmaaklik aan mekaar verbonde en in die arbeid openbaar die mens sy eie aard, sy spesifieke karakter as mens.¹⁾ Arbeid is Godsdiens en hierdeur is die arbeid tradisioneel 'n bron van sosiale en morele waardes;²⁾ met ander woorde, die arbeid kon nog altyd 'n stuwende en rigtinggewende krag op die samelewing uitoefen. Tans tree die arbeid in sekere opsigte egter meer eisend op teenoor die arbeider en die samelewing as wat dit ondersteunend fungeer. Dit is deels hierdeur dat 'n gebrek aan 'n duidelike en algemeen aanvaarde arbeidsfilosofie te bespeur is. Entwistle skryf in hierdie verband die volgende: "We do no service to the young if, having ourselves no positive and healthy philosophy of work, we cause them to turn their backs on the industrial society and foster attitudes to daily work, first of indifference and then, inevitably, of contempt and irresponsibility."³⁾

Die vreugde hoort ook in die arbeid tuis maar die groot gevaar is dat die spel-element uit die arbeid kan wyk. In plaas van met lusgevoelens, gaan die arbeid vandag dikwels met onlusgevoelens gepaard. Hoewel arbeid en spel bestem is om wel in 'n mens se lewe van mekaar onderskei te word, behoort hulle nie direk teenoor mekaar te staan nie.⁴⁾

Die uiteenlopende Westerse denkrigtings het veral drie standpunte betreffende die belangrikheid van die arbeid ingemeen.

-
1. Wilensky, H.L. Mass Society and Mass Culture; Interdependence or Independence, pp. 244-245.
 2. Anderson, N. op.cit., p. 25.
 3. Entwistle, H. Education, Work and Leisure, p. 5.
 4. Wilensky, H.L. op.cit., p. 250.

Hiervolgens blyk dit dat die arbeid en die vrye tyd nie op 'n sinvolle wyse onafhanklik van mekaar fungeer nie.

"First, the essence of man's humanity is his capacity through work, to mould his environment and determine the circumstances under which he lives. He participates in the creation of his own civilization.

Secondly, work is fundamental to social life and obligation in religious terms, they share with God the task of recreating and sustaining the universe.

Thirdly, work is the source of most human cultures.".¹⁾

Die wedersydse beïnvloeding en verweefdheid van die arbeid en die vrye tyd blyk dus hoogs kompleks te wees. Dit is veral sedert die middel-sestiger jare dat 'n radikale verandering te bespeur is, nie net in die arbeids- en vryetyd-situasie nie, maar ook betreffende die lewensbeskoulike geldende waardes in die Amerikaanse samelewing.^{2), 3)} 'n Tipe polarisering blyk aan die ontwikkel te wees waardeur twee uiterste standpunte geïdentifiseer kan word.

Dahl vat hierdie twee uiterstes in die eerste twee reëls saam wanneer hy die lewensbeskouing van die eietydse Amerika soos volg veralgemeen:

1. Entwistle, H. op.cit., p. 25.

2. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, p. 123.

3. Adams, F. Work, Leisure, Freedom, and the autonomous individual, p. 47.

"We worship our work
we work at our play
and we play at our worship".¹⁾

Ten aansien van die arbeid neem dit vir sommige individue 'n lewensoorheersende plek in; maak die individu dit sy religie; word dit 'n doel op sigself - selfs om die individu se grootheid te demonstreer of te probeer bevorder.²⁾

Van hierdie kategorie skryf Adams: "For them there is little time of use for leisure, contemplation, or spiritual nourishment. Theirs is a search for freedom from want."³⁾

Die eise wat die arbeid in die tegnologiese samelewing aan die arbeider stel deur die klem te plaas op onder meer kompetisie, prestasie, en produktiwiteit, gee deels aanleiding tot die ontstaan van 'n patologiese sin vir tyd - 'n bepaalde vorm van tydsintensivering wat Bosserman en Butler noem "hurry sickness".⁴⁾ Die gevaar bestaan daarin dat die arbeider wat 'n bepaalde ingesteldheid teenoor tyd in sy arbeid beleef, hierdie stryd met tyd ook na sy vrye tyd kan oordra; daarna kan streef om te veel te bereik of aan meer aktiwiteite deel te neem as wat die toegelate tyd kan dra. Waar hierdie patologiese sin vir tyd in die vrye tyd voorkom, kan verwag word dat die vryheidsbelewing van die vrye tyd gebuk sal gaan onder die

-
1. Dahl, G.J. Work, Play and Worship: Toward a new moral economy, p. 39.
 2. Wilensky, H.L. op.cit., p. 250.
 3. Adams, F. op.cit., p. 47.
 4. Bosserman, P., en Butler, N. The Leisure Revolution: It's about time, p. 28.

gesag van tyd. Albei uiterste standpunte kan hierdeur geraak word.

Die tweede standpunt behels diegene vir wie die lewensin in hoofsaak buite die arbeid te vinde is, met ander woorde diegene wat neig om meer na genot te soek as om vir die vervulling van die plig te lewe; wat nie vreugde en selfgelding deur die arbeid smaak nie en vir wie die vrye tyd 'n kompensasie is vir arbeid. Die vryetydsaktiwiteite is in hierdie situasie die primêre singewende faktor en dit word weerspieël deur die besondere erns waarmee die vrye tyd benader word.

Terwyl die arbeidsetiek tradisioneel gebou is op en onderskraag is deur die Christelike lewensbeskouing, besit die huidige vryetydsituasie nie 'n soortgelyke tradisie nie. Die gebrek hieraan tesame met die skielike groot toename in vrye tyd het vir groot getalle mense 'n vryetydsprobleem laat ontstaan. Deurdat hierdie individue nie toegerus is om hul vrye tyd op 'n konstruktiewe wyse te gebruik nie, neig die besit van veel vrye tyd te dikwels om op die skuldgevoel in te werk; laat dit die individu egosentries word of dit lei tot verveling.¹⁾ Aanluitend hierby skryf Van Andel: "Het egoïstische vrijblijvende consumeren van vrije tijd is de meest tipische vorm van onvrijheid."²⁾

Deel van die probleem is dan dat vryheid aan die individu die geleentheid bied om nie net die goeie nie, maar ook die kwade te beoefen - betreffende beide die self en die samelewing.

1. Brightbill, C.K. Vrije Tijd: Een uitdaging, p. 35.

2. Van Andel, C.P. Ethiek van arbeid en rust, p. 48.

Die inherente goedheid van die vrye tyd word slegs in die vryheidsaspek gevind: die mees abstrakte en moeilikste om ten goede aan te wend.¹⁾

In die konsumpsiemaatskappy het die "vryheid" van die individu die wagwoord geword: dit is juis die tyd wanneer hy spandeer, verbruik. Die mate waarin die individu se vryetydswaardes gekondisioneer word en sy vryetydsbehoefte gelei word deur die reklamebedryf, bepaal grootliks die mate waarin sy vryheid plek maak vir gebondenheid. In sy ontvlugting vanaf arbeidsgesag loop hy gevaar om laasgenoemde te verruil vir subtieler gesagsinvloede.

1. Douglas, J. Human Behaviour and Marketing, p. 49.

H O O F S T U K 4

DIE FUNKSIES VAN DIE VRYE TYD

Die aard van en die samehang tussen die verskillende funksies wat aan die vrye tyd toegeken word, berus op 'n lewensbeskoulike standpunt. Dit is belangrik dat hier minstens kortliks besin word oor die aard van sommige van sodanige funksies aangesien dit 'n bydrae kan lewer tot die deurskouing en evaluering van die vryetydsituasie wat hierop volg. Om te kan bepaal of bepaalde vryetydskeuses en vryetydsituasies bevorderlik is vir die welsyn van die individu, gesin, gemeenskap en die breë samelewing, is dit nodig om onder meer minstens 'n breë maatstaf te stel waaraan dit gemeet kan word. Vir dié doel is die aangewese vertrekpunt die funksies wat toegeken word aan die vrye tyd wat rekreasie en sport en spel insluit.

Dit gaan hier dus om 'n kernprobleem van die vrye tyd, naamlik om die vermoë om aanvaarbare vryetydskeuses te maak of, anders gestel, om vryetydskeuses te maak wat daartoe lei dat aanvaarde funksies van die vrye tyd neerslag vind in die vryetydsgedrag.

Die uitstaande positiewe eienskap van die vrye tyd is die geleentheid wat dit aan die individu bied om in vryheid keuses te maak. Dit blyk egter ook die mees abstrakte en moeilikste aspek van die vrye tyd te wees om ten goede aan te wend,¹⁾ terwyl die uitkoms daarvan van deurslaggewende belang is. In hierdie verband skryf Kraus: "So great is the potential for leisure involvement and so wide the range of choice, that there are

1. Twardzik, L.F. Quality of Life Revolution, p. 49.

serious social implications in the kinds of choices which are made. Involved in these choices which are made every day by millions of people, are the economic and social well-being of communities, states and regions, the total value structure of the nation, and the emotional and physical health of each individual in the society. These are heavy stakes, indeed."¹⁾

Hoewel persoonlike genot en bevrediging 'n belangrike motive-rende faktor is in vryetydskeuses, moet aanvaar word dat vrye-tydsgedrag 'n groot verskeidenheid neweprodukte kan lewer. Dit kan die individu beloon met onder meer intellektuele, fisiese en sosiale groei, beter gesondheid, beter burgerskap en met ander eienskappe rakende persoonlikheidsontwikkeling. Die beoefening van ongewenste vorme kan egter bydra tot die dis-integrasie, degradering en degenerering van die persoonlikheid.²⁾ Die neweprodukte kan dus help bou maar dit kan ook bydra tot aftakeling. Die vrye tyd is dus in 'n bepaalde sin neutraal: dit kan in positiewe of in negatiewe belang aangewend word; dit kan 'n bate of 'n las wees vir beide die individu en die gemeenskap.³⁾

Hierdie vryheid van keuse wat aan die wortel van die vryetyds-probleem lê, plaas die individu onder 'n verpligting om nie op die reg aan te dring om te doen soos hy verkies nie, maar eerder om die verantwoordelikheid te aanvaar vir die maak van die korrekte keuse.⁴⁾ In hierdie verband skryf Hutchins: "To use

-
1. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 4.
 2. Meyer, H.D., Brightbill, C.K. en Sessoms, H.D. Community Recreation, p. 38.
 3. Dunn, D.R. Glimpses beyond Survival toward Humanness, p. 26.
 4. Danford, H.G. Creative Leadership in Recreation, p. 21.

his freedom rightly, he needs discipline. To live in society he needs the moral virtues.".¹⁾

Die individu besluit dus in vryheid om daarop gerig te wees om bepaalde vryetydswaardes individueel en in samehang na te streef. Die essensie van die vrye tyd word in die eerste plek nie bepaal deur wat die individu doen nie, maar word omlyn vanuit 'n bepaalde waardestandpunt, of anders gestel: die aktiwiteit kom tot stand of word beoefen in funksie van 'n bepaalde waardestelsel.²⁾ Dit is kragtens die heersende waardestelsel dat die funksies en waardes van die vrye tyd gestalte kry.

Meningsverskille oor die funksionele aard van vryetydsbesteding spruit hoofsaaklik voort uit die mate waarin die heersende vryetydswaardepatroon in stryd is met die tradisionele waardestelsel.

Dit is op grond van normatiewe oorwegings dat kommer heers oor die funksies wat die eietydse vryetydsbesteding neig om te dien: "We need profound changes in our attitudes toward leisure and marked improvements in our ability to use it as a vital force to help us live significantly.".³⁾

Aansluitend hierby skryf Danford: "History teaches us that no society can survive unless it has values in which the majority of its members believe deeply and that threats to that society originating from the outside are less dangerous than the slow, subtle, corrosive wearing away of faith in the ideals which first contributed to its greatness.".⁴⁾ Die wyses waarop die

1. Hutchins, R.M. The Basis of Education, p. 26.

2. Beerling, R.F. Arbeid, Vrije Tijd en Creativiteit, p. 85.

3. Staley, E.J. The Struggle for Significance, p. 27.

4. Danford, H.G. op.cit., p. 59.

vrye tyd benut of gevul word, hou dus verreikende implikasies in vir die welsyn en voortbestaan van die individu, die gesin, die gemeenskap en uiteindelik ook van die samelewing.^{1), 2)}

Hoewel daar na verskillende funksies van die vrye tyd verwys sal word, moet die komplekse samehang daarvan steeds in gedagte gehou word.

Een van die sigbaarste funksies van die vrye tyd is dié van rus of ontspanning.^{3), 4)} Dit bied geleentheid tot die herstel van moegheid; die herstel van fisiese en senuskade wat veroorsaak is deur die spanning van die alledaagse drukte en veral deur die eise van die arbeid. Dumazedier noem voorts dat hoewel die nodigheid van fisiese inspanning in die arbeid afgeneem het, die werker nog 'n behoefte ondervind vir rus en stilte, vir niksdoen en oënskynlik doellose klein tydverdrywe. Hierdie behoefte spruit onder meer voort uit die psigiese spanning wat voortvloei uit die arbeidstempo, die kompleksiteit van die arbeidsorganisasie, die aard en afstand van die reis na en vanaf die werkplaas^{5), 6)} en die gees van wedywering in ons samelewing.⁷⁾ Die individu bereik 'n punt waar moegheid en veeldheid intree.

-
1. Beerling, R.F. e.a., op.cit., p. 34.
 2. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 17.
 3. D'Olieslager, G. Arbeiders en Kultuur, pp. 82-85.
 4. Dumazedier, J. Toward a Society of Leisure, p. 14.
 5. Dumazedier, J. op.cit., p. 15.
 6. Parker, S. The Future of Work and Leisure, p. 57.
 7. Van Mechelen, F. 180 dagen arbeid - 180 dagen vrije tijd, p. 39.

'n Verdere funksie van die vrye tyd wat opval is dié van persoonlike ontwikkeling. Die vrye tyd voorsien geleentheid om die behoefte te bevredig aan selfbevordering, selfwaarde en 'n gevoel van persoonlike doeltreffendheid. Die individu het behoefte aan sinvolle belewing van die vrye tyd en dit word geaksentueer waar daar sprake is van arbeidsvervreemding. Die vrye tyd bied dan aan die individu geleentheid om te groei deur onder meer te presteer, te skep,¹⁾ diens te lewer en om 'n aandeel te hê aan die ontwikkeling binne sy gemeenskap.²⁾ In hierdie sin behels die vrye tyd vir die individu meer as bloot die oppervlakkige bevredigings wat voortvloei uit die passiewe deelname aan vermaak en die belewing van skouspele: dit verg dat die individu voor uitdagings gestel word en dat hy in 'n stryd gewikkel moet wees om meesterskap te bereik.³⁾

'n Derde funksie van die vrye tyd waarvan reeds melding gemaak is in die vorige hoofstuk, is dié van die uitbouing van veral primêre interpersoonlike verhoudinge - 'n sosiale funksie. Die arbeidsorganisasie is vir min mense, sosiologies gesproke, 'n primêre groep. Dit is deels hieraan te wyte dat die volwassene in die vryetydsorganisasie die behoefte ondervind aan primêre bindinge. Dit is juis deur sosialisering op primêre vlak dat die individu sy rol in die gemeenskap leer ken⁴⁾ of vorm.

-
1. American Association for Health, Physical Education and Recreation. Leisure and the Schools, p. 7.
 2. Staley, E.J. op.cit., p. 27.
 3. American Association for Health, Physical Education and Recreation. op.cit., p. 7.
 4. Peterson, J.A. Ontbinding van het huwelik door scheiding, echtscheiding en dood, p. 103.

'n Verdere funksie wat melding verdien is dié van solidariteit of eenheidsgevoel in die gemeenskap. Die betrokkenheid van groot getalle mense by 'n verskeidenheid vryetydsaktiwiteite verteenwoordig 'n gemeenskaplike element wat 'n bepaalde soort samehorigheidsgevoel laat ontwikkel.¹⁾

Die mate waarin die vrye tyd bydra tot die smee van gemeenskapsbande, is van besondere belang. In die afwesigheid van doeltreffende bindinge ontstaan 'n leemte wat oënskynlik maklik gevul word deur oppervlakkige bindinge.²⁾ Tekens van laasgenoemde is waarneembaar in die betrokkenheid by veral sekere toeskouersportsoorte en word gekenmerk deur min of meer standaardvorme van toeskouersgedrag.

Voorts bied die vrye tyd geleentheid tot positiewe eensaamheid: die teelaarde vir die doelbewuste konseptualisering van 'n heldere lewensbeskouing wat belangrike implikasies inhou vir die mate waarin die individu sy vryetydsdoelwitte self formuleer en self daaraan stukrag gee. Die neiging tot die intensivering van vryetydsgedrag, veral indien dit saamval met 'n oorwegend passiefontvanklike ingesteldheid, kan baie daartoe bydra dat die individu onvoldoende geleentheid kry om die prikkels te verwerk waarmee hy so feitlik onophoudelik gebombardeer word.

Tot dusver is die begrip rekreasie doelbewus vermy. Omdat rekreasie feitlik uiteindelik beperk is tot die vrye tyd en 'n belangrike deel daarvan uitmaak, moet verwag word dat die

1. Parker, S. op.cit., pp. 55-57.


2. Gross, E. A Functional Approach to Leisure Analysis, p. 127.

voorgenoemde funksies van die vrye tyd noodwendigerwys minstens deels betrekking sal hê op rekreasie. Rekreasie as die proses waardeur die individu ontspan en verfris-vermaak-herskep word, kan enersyds beskou word as 'n funksie van die vrye tyd en andersyds geag word as 'n proses wat sy eie bepaalde funksies onder sekere omstandighede kan verrig.

Die kenmerkende eienskappe (funksies) van rekreasie, meen Brightbill, is genieting en persoonlike bevrediging. Die belonings wat hy aan rekreasie toeken, kan ook geld as sekondêre funksies van die vrye tyd: onder meer die bevordering van gesondheid, die maak van nuwe vriende en die uitbreiding van kennis.¹⁾ 'n Groot aantal sekondêre funksies^{2), 3), 4), 5), 6)} word aan rekreasie toegeken en Butler vat dit soos volg saam: "It is through recreation that man finds the satisfaction of his desires to achieve, share, create, win approval, and express his personality. The great variety of forms which recreation takes is accounted for by the complexity of man's nature and of his social environment."⁷⁾

Die kernfunksie van rekreasie, naamlik persoonlike bevrediging

-
1. Brighbill, C.K. Man and Leisure, p. 32.
 2. Updyke, W.F., en Johnson, P.B. Principles of Modern Physical Education, pp. 34-35.
 3. Singer, R.N. Physical Education, pp. 312-313.
 4. Krauss, R.G. op.cit., pp. 13-16.
 5. Dumazedier, J. op.cit., pp. 38-43.
 6. Hall, J.T. School Recreation, pp. 22-25.
 7. Butler, G.D. Introduction to Community Recreation, p. 6.



of geluk,¹⁾ verdien egter nadere toeligting. Grey wys daarop dat rekreasie slegs een van die gelukverskaffende bronne in 'n mens se lewe is en hy plaas dit nie eerste op sy lys nie:

- (a) 'n morele standaard waarvolgens die individu sy lewe rig;
- (b) 'n bevredigende huislike lewe;
- (c) 'n vorm van arbeid wat die individu se bestaan regverdig, en
- (d) 'n mate van vrye tyd en die aanwending daarvan op 'n wyse wat lei tot geluk.²⁾

Butler skryf in dieselfde gees: "When sought conciously as an end in itself it is most elusive. For happiness is essentially a by-product which can be best achieved in a balanced life and recreation holds an important place in the balanced life along with work, rest, love and worship."³⁾ Dit blyk dus dat die bereiking van geluk deur rekreasie bevorder word deur 'n gevoel van integrasie.⁴⁾

Voorts is die mate van die bereiking van geluk deur rekreasie onderhewig aan sekere voorwaardes:

- (1) Indien rekreasie te veel tyd en krag in beslag neem, werk dit òf vergroefend òf verslappend in.
- (2) 'n Volmaakte harmoniese lewe met sy stryd tussen vlees en gees is nie moontlik nie: sonder sekere eensydigheid en onthouding verloor die lewe sy krag en waarde.

1. Kraus, R.G. op.cit., p. 12.

2. Grey, Viscount of Fallodon K.G. Fallodon Papers, pp. 61-62.

3. Butler, G.D. op.cit., p. 14.

4. Nash, J.B. Philosophy of Recreation and Leisure, p. 120.

- (3) Rekreasie se waarde lê in die ritme en die afwisseling - dit is dus nie slegs 'n genot nie maar is ook 'n verantwoordelikheid.
- (4) Rekreasie moet onder sedelike tug staan: die liggaamlike oefening en die geestelike ontspanning maak die mens nie vanself 'n beter mens nie.¹⁾

Tot hiertoe is kortliks besin oor die aard van vrye tyd, die plek wat die vrye tyd inneem teenoor die arbeid en kernfunksies van die vrye tyd. Dit is dan die agtergrond waarteen die vrye-tydsituasie in die samelewingsvorme van die tegnologiese beskawing gestel sal word in die bespreking wat volg.

1. Aalders, W.J. Handboek der Ethiek, pp. 414-420.

H O O F S T U K 5

VRYE TYD IN SAMELEWINGSVERBAND

1. Enkele kenmerke van die technologies-georiënteerde samelewing.

1.1 Vrye tyd as kultuurverskynsel.

Na die eietydse kultuur van die ontwikkelde Westerse lande word verwys as onder meer die tegnologiese beskawing en in 'n enger sin, die beskawing van die vrye tyd en die weggooikultuur. Daar bestaan twee hoof-denkskole betreffende die stand van hierdie kultuur: die evolusioniste wat meen dat die Westerse kultuur besig is om 'n proses van evolusie te deurloop en die revolusioniste wat dramatiese, relatief korttermyn veranderinge daarin lees.

Wat van belang is, is dat die eietydse Westerse kultuur in sy veranderingsgang geen volstrekte homogene waardestelsel besit nie; dat sy waardes gekenmerk word deur hul verskeidenheid, uiteenlopendheid en selfs teenstrydigheid. Dit behoort oorewegend tot twee min of meer teengestelde lewensbeskouings: eerstens tot die teïstiese, dus teosentriese, wat die intellektuele, etiese of morele waardes voorop stel, en tweedens tot die humanistiese, dus antroposentriese met sy vele vertakkinge, wat meermale aan die tegniese, die ekonomiese of die biologiese waardes voorrang verleen.¹⁾

Die Westerse demokratiese stelsel waarbinne hierdie pluralistiese maatskappy fungeer, spreek vir geestelike vryheid, die

1. Lamberty, Max. Roeping van het Westen, p. 181.

vrye keuse, die selfbeskikkingsreg van elkeen met dié voorwaarde dat in die uitoefening van hierdie reg die een nie afbreuk doen aan regte van 'n ander nie. Deel van die dilemma van hierdie stelsel is egter dat die individu dit dikwels moeilik vind om te onderskei tussen regte en voorregte, om die verband te beleef tussen vryheid en verantwoordelikheid, om die ewewig te vind tussen eie belang en dié van ander. Vryetydswaardes en -keuses en die uiteenlopende sieninge hieromtrent is ten nouste hiermee verweef.

Dit is wel so dat die breë massa nie altyd ewe veel belangstelling toon vir alle aspekte van die gemeenskapslewe nie, maar andersyds dien genoem te word dat daar om die probleem van vryetydsbesteding 'n belangrike geestesstroming en 'n ernstige poging tot besinning waar te neem is. Daar is 'n ontluikende bewuswording van die feit dat die huidige veranderingsloop van die gemeenskap in 'n sekere sin onafwendbaar is, of anders gestel: dat 'n terugkeer na vroeëre toestande nie meer deur die massa aanvaar sal word nie en dat die mens gedwonge is om die voorwaardes te bestudeer waarop die huidige welvaart hom verder sal kan ontwikkel.¹⁾ Daar kan verwag word dat hierdie bewuswording van probleemassepekte in die vryetydsektor sal groei namate die veranderingstempo versnel.

Vrye tyd is inderdaad 'n kultuurverskynsel en dit behels vryetydswaardes, -norme en -doelwitte wat in vryetydsaktiwiteite gestalte kry. Die erkenning al dan nie van vryetydswaardes hou fundamenteel verband met die beskawing waarin die individu leef en in die

1. Feldheim, P. De Sociologie van de vrijetijdsbesteding, p. 14.

besonder met die godsdienstige en ander ideologiese geestesstrominge wat op die bepaalde gemeenskap sy stempel afdruk.

In hierdie verband skryf D'Olieslager soos volg: "Een beschaving, bijvoorbeeld, die vanuit een overwegend Calvinistische of puriteinse ideologie aan het arbeid een belangrijke en waardevolle positie toekent, zal de vrijetijdswaarden veel enger zien dan een beschaving van het huidige democratische type, waarin de vrije tijd steeds centraler komt te staan.". Hy onderstreep ook die feit dat die omskrywing van vryetydswaardes afhanklik is van onder meer die sosio-professionele kategorie waaraan die individu behoort.¹⁾

Indien die hedendaagse Amerikaanse maatskappy die beste aanduiding gee van die aard van die maatskappy van more, dan toon dit aan dat die probleme van die vrye tyd weliswaar saamgaan met die ontbinding van die tradisionele sosiale groepe, maar ook dat aan die begrip arbeid - produktiewe arbeid - 'n verhewe plek bly toegesê word hoewel moontlik ook om ander redes as dié wat tradisioneel gegeld het. Dit blyk voorts dat die eie-tydse kultuur in 'n toenemende mate verbonde en gebonde is aan die aard van die arbeid. Kulturele ontwikkeling, in die eerste plek 'n middel wat toegang bied tot die hoër klasse van die maatskappy, het een van die voorwaardes geword van die vooruitgang en dus van die beskawing van die vrye tyd. Dit is dus gevaarlik om aan die arbeid 'n ondergeskikte posisie toe te ken; en dit ondersteun die siening dat die arbeidsaktiwiteite verander

1. D'Olieslager, G. Arbeidsmoraal, Vrijetydsmoraal, p. 80.

maar vir die massa nie in belangrikheid afneem nie. In hierdie lig gesien, verkry die probleem van die vrye tyd 'n verdere dimensie: die vrye tyd word 'n voortsetting van die arbeid.¹⁾

Voorts word die eietydse Westerse samelewing gekenmerk deur 'n wegbreking van tradisionele kultuurpatrone. Hierdie proses word aangemoedig deur die televisie en ander massakommunikasie-media wat kulturele homogeniteit bevorder deur dieselfde gedragsmodelle in die huise te bring van mense op alle vlakke. Die samelewing deel toenemend in 'n breë nasionale en in sekere opsigte internasionale kultuur - die "global village". Dit is 'n ope vraag hoe lank streeks-, plaaslike en klasse-subkulture onder sodanige invloede kan voortbestaan. Tog wys Willmott op 'n paradoks in die ontwikkeling van die Britse gemeenskap sedert 1900. Enersyds is daar die neiging tot sosiale gelykheid en kulturele homogeniteit, terwyl sekere essensiële elemente van die Britse sosiale struktuur neig om min of meer onveranderd te bly. As voorbeelde noem hy die beoefening van verskillende arbeidsvorme en klasseverskille veral betreffende hoër en tersiêre onderwys.²⁾

In hierdie verband kan drie groepe kultuurelemente onderskei word:

- (a) universele elemente - daardie elemente wat gemeenskaplik is vir die beskoude groep of samelewing;
- (b) besondere elemente - word gedeel deur die lede van 'n bepaalde sosiaal-erkende kategorie van die beskoude groep

1. Feldheim, P. op.cit., p. 16-17.

2. Willmott, P. Some Social Trends, pp. 286-291.

maar nie deur al die lede van die totale groep nie,
en

- (c) alternatiewe elemente. Dit het betrekking op daardie kultuurtreкке of -elemente wat gedeel word deur 'n sekere aantal mense in 'n beskoude groep of gemeenskap, maar wat nie gemeenskaplik is vir alle lede van die gemeenskap of selfs nie vir alle lede van 'n bepaalde sosiaal-erkende kategorie nie.

Indien hierdie indeling van kultuurelemente vanuit die oogpunt van sosiale verspreiding beskou word, dan is die "sosiale dwang" uiteraard die swakste vir die alternatiewe kultuurelemente en die sterkste vir die universele kultuurelemente. In die totale kultuur maak die universele kultuurelemente slegs 'n beperkte maar tog wel 'n fundamentele kern uit. Die besondere en, meer nog, die alternatiewe kultuurelemente vorm dan 'n tweede en derde kring wat om die kern 'n ruim veld afteken.¹⁾

Dit blyk dat die universele kultuurelemente in verhouding tot die totale kultuur aan die toeneem is ten koste van die ander twee groepe wat in hoofsaak die tradisionele kultuur verteenwoordig.²⁾ Dit is van belang om daarop te let dat vryetyds-aktiwiteite nie bloot die vergestaltung van vryetyds- of kultuurwaardes is nie, maar dat dit tegelyk ook as motiverende krag ingespan word om nuwe kultuurwaardes te vestig.

1. D'Olieslager, G. op.cit., pp. 71-72.

2. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, p. 162.

1.2 Waardes eie aan hierdie kultuur

Die voorgenoemde kultuurevolusie tref ook die arbeid. Arbeidswaardes en die mate van erns waarmee die arbeid benader word, staan steeds meer onder die invloed van 'n ontwikkelende "fun morality" in die V.S.A. - 'n neiging van kompulsiewe aard om te wil speel.¹⁾ 'n Onlangse ondersoek in Brittanje dui ook in dié rigting: dit het bevind dat werkers gemiddeld drie uur en twintig minute per week steel - die ekwivalent van vyf weke betaalde verlof per jaar - deur laat te arriveer, vroeg te loop, langer as die gemagtigde verposings te neem en bloot deur niksdoen in maatskappytyd.²⁾

Die mens is 'n werker, 'n verposer of speler en 'n skepper. Die afname in die arbeidstyd gekoppel aan die klaargeskepte aanbiedinge deur die vryetydsindustrie spreek sterk tot die mens as speler en verposer. Die tegnologiese beskawing gee hierdeur aansien aan die nuwe gestalte van die "after work man" vir wie die lewensin eerder uit die vryetydsektor spreek as uit die arbeid.³⁾

Of dit nou gaan om die vrye tyd of om die arbeid "de industriële maatschappij heeft het hebben voor ogen in plaats van het zijn, zij produceert beweging in plaats van leven. Zij verwekt verstrooiing in plaats van bewustzijn.". Die mens is veroordeel tot 'n geheel van simplistiese opvattinge wat hom terugvoer na die infantiele toestand. Die vrye tyd lok via die verlange

-
1. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 58.
 2. Smelser, N.J. De maatschappelijke uitdaging aan het ouderlijk gezag, p. 1.
 3. Beerling, R.F. e.a., Arbeid, Vrije Tijd en Creativiteit, pp. 10-14.

na geld, langs aggressiwiteit en erotiek.¹⁾ Te veel individue gebruik hierdie vrye tyd om van die lewe te ontsnap en te min gebruik dit om die lewe te verryk. In hierdie verband is Brightbill se woorde gelaai met betekenis: "In Western society, especially, we have become so enraptured with production and material successes that machines overshadow men and our character is out-glistened by our chromium."²⁾ Die neiging bestaan by die Westerling om homself te herken in sy besittings, sy siel te vind in sy motor, hoëtrousetel of kombuistoerusting - die een-dimensionele mens.³⁾ Dit volg dan dat die individu dikwels geëvalueer word kragtens dit wat hy besit.⁴⁾ Hierdie toedrag van sake het die individu in 'n groot mate weggestuur van die humanistiese en kulturele aantreklikhede van die lewe; en meer nog: met so 'n lewenskonep as stuur staan die individu ongevoelig teenoor die werklike potensiaal wat die lewe bied.

Tog, ten spyte van die afname in tydsbetrokkenheid by formele arbeid en ondanks die neiging tot oënskynlike onverskilligheid jeens die arbeid, staan die arbeid steeds as 'n belangrike determinant van status in die samelewing. In die industriële gemeenskappe loop die prestige-hiërargie min of meer parallel met die beroepstruktuur. Hierdie sentrale posisie van die beroep is maklik te verklaar aangesien daar duidelik beroepsverskille is betreffende vaardigheid, verantwoordelikheid en gesag, asook in die vereiste onderwyspeil en in die inkomste wat dit

-
1. Janne, H. De Beschaving van de Vrije Tijd, p. 14.
 2. Brightbill, C.K. Man and Leisure, p. 22.
 3. Marcuse, H. One-Dimensional Man, p. 9.
 4. Galbraith, J.K. The affluent Society, p. 133.

lewer. Voorts dra beroepe verskille in lewenstyle: onder meer betreffende werksure, kleredrag, spraak en kontakte, wat almal bydra tot statusoordele. Die lewenstyl is inderdaad 'n primêre element van status want wat die basiese vereistes van sosiale rang ookal mag wees, dit moet gewoonlik bevestig word deur simboliese en gedragselemente.¹⁾

Dit blyk dat hoe hoër die peil van industriële of tegnologiese ontwikkeling is, hoe groter die probleem van vryetydswaardes raak. Dumazedier meen dat afgesien van die ongeveer 5% werkloses en die 20% wat relatief arm is, alle Amerikaners betrokke is by die konsumpsie-wedloop wat dikwels minder 'n persoonlike behoefte bevredig as 'n behoefte aan konformiteit of prestige. Hierbenewens neig mense oor die hele wêreld om die rykste lande na te volg. Die Amerikaanse lewenstyl, waarin vrye tyd 'n belangrike rol speel, oefen onteenseglik 'n invloed uit deurdat hedendaagse modelle wêreldwyd deur die massakommunikasiemedia gedra word. Die vryetydswaardes veral, word al hoe minder deur plaaslike ervaring alleen bepaal deurdat laasgenoemde plekmaak vir die boodskappe afkomstig vanaf die beskawing wat die sterkste blyk te wees, die rykste is en die meeste prestigewaarde besit.²⁾

Hierdie boodskappe vertel onder meer van lewensekerheid, gelyke geleenthede vir almal, veralgemening van die kultuur, verheerliking van sport, waardering vir informasie, bewondering vir die wetenskap en tegniek, verlange na die eksotiese en die demokratisering van die liefde. Hierdie tipiese waardes, hoe onvol-

1. Chinoy, E. Status, pp. 256-6.

2. Dumazedier, J. Toward a Society of Leisure, pp. 237-9.

maak hulle ook al te voorskyn tree, is nie verteenwoordigend van 'n elite of hoërklas nie, maar is eerder die sosiotipe van die massa. Dit, meen Janne, is ongetwyfeld die mees betekenisvolle feit betreffende die eietydse Westerse kultuur. Die onderwerping aan die waardes van die maatskappy voed in elke individu die verlange om te slaag; dit wil sê om sy koopkrag en sy sosiale prestige te verhoog. Dit is die sosiale mens wat die maatskappy blyk voort te bring: die mens wat "homself maak.". Dit is meestal 'n persoonlike ideaal wat deur elkeen min of meer bewustelik aanvaar word.¹⁾

1.3 Basiese vorme van deelname

Benewens die genoemde waardes bestaan daar ook 'n reeks veront-rustende tendense in die huidige samelewing: onvoldoende weer-stand teen kondisionering; sekondêre sosiale verhoudinge wat die persoon weinig betrek; die neiging tot passiwiteit, met voorkeur aan die optrede van ander; aanvoeling vir spele waar-in die kompetisie in die toeval gesoek word; die drang na mag en geweld wat verskuil gaan in passiewe voldoeninge of in plaas-vervangende aktiwiteite; gestandaardiseerde kultuur waarvan 'n te groot gedeelte blote inligting bevat; vervreemding in die vrye tyd wat oorgaan in vervreemding in die arbeidsituasie; oppervlakkigheid in die aktiwiteite en verhoudinge wat voort-vloei uit die toename in prikkels en die reaksies daarop en, laastens, 'n oordrewe aangetrokkenheid tot beeldkyk ten nadele van redenering en van die langsame ryping van die grondig ge-assimileerde probleem.²⁾

1. Janne, H. op.cit., pp. 17-18.

2. Janne, H. op.cit., pp. 17-19.

Beerling borduur hierop voort en wys daarop dat die "after work man" min belang het by politieke, sosiale en kulturele kwessies. Hy weerhou hom dikwels van die maak van eie gevolgtrekkings uit inligting verkry via die massakommunikasiemedie omdat hy geïsoleerd is. Hoewel moontlik lid van verskeie ontspannings- en ontwikkelingsverenigings, loop hy gevaar om, ten spyte van al die positiewe elemente wat hiermee verband hou, 'n groot hoeveelheid sosiale en politieke energie te kanaliseer na die hede en min te rig op die toekoms; om meer gerig te wees op die klein sakies as op die grotes.¹⁾

Op grond van die wyse van deelname in die Westerse kultuur kan hierdie mens wat onderweg is vanaf die tradisionele situasie, beskryf word as iemand wat weg beweeg van die "binnenuitbepaalde-type" na wat Torenstra noem die "door-anderen-bepaalde-type".²⁾

Gans benader die wyse van deelname aan of betrokkenheid by die huidige samelewing vanuit 'n ander hoek. Na aanleiding van sy studie van 'n gemeenskap in Boston, onderskei hy twee basiese lewenstyle: die "routine-seekers" en die "action-seekers". Eersgenoemde is gegrond op 'n soeke na 'n geroetineerde lewe terwyl die tweede steun op 'n strewe na avontuurlike episodes. Hierdie twee terme onderskei tussen verskillende lewensbeskouings en tussen die wyses waarop gereageer word betreffende geleenthede en die maak van keuses. Tog blyk daar 'n mate van patroon - indien dan nie roetine nie - in die aksiesoekers se lewenstyl te wees: "Whatever the episode, the action-seeker

1. Beerling, R.F. op.cit., p. 22.

2. Torenstra, N. Jeugd en Sameleving, pp. 9-10.

pursues it with a vengeance, and lives the rest of his life in quiet - and often sullen - preparation for this climax in which he is usually said to be 'killing time'.".¹⁾

Brightbill onderskei op sy berut drie basiese vorme van deelname aan die eietydse vrye tyd en dit toon raakpunte met elk van die vorige sieninge. Hy noem dit kyk, bedrywigheid en verveling. Onder die kykaktiwiteite is drie kategorieë te onderskei:

- (a) "Zitten te zitten" - dit is om lugkastele te bou, dagdrome te droom, in neutrale rat te wees, te rus.
- (b) 'n Populêrder kategorie van hierdie vorm van vryetydsbesteding is sit-en-kyk. Ten spyte van die genotverskaffing en ander positiewe elemente wat hiermee gepaard gaan, hou die eensydigheid in deelname wesenlike gevare in - kom dit neer op "een niet erg evenwichtig samengesteld vrijetijds-menu waardoor we beginnen te verdorren aan de wijnstok.".
- (c) 'n Derde kategorie van kyk, wat Brightbill onder positiewe verveling noem, is die toestand van positiewe eensaamheid - 'n aspek waarvoor baie individue min geleentheid kry of maak.

Bedrywigheid as vorm van deelname aan die vrye tyd word min of meer gestel as teenpool van die aktiwiteite wat binne die kykvorm val. Die indruk word hier dikwels gelaat dat sommige individue die vrye tyd beskou as behorende tot dieselfde kategorie as traagheid. In hierdie uiterste situasie vind diegene

1. Gans, H.J. The Urban Villagers, pp. 28-29.

dit byna immoreel om nie druk besig te wees in die vrye tyd nie. Sommige individue werk net so hard in hul vrye tyd en verkeer onder dieselfde druk en spanning as wanneer hulle werk.

Aan die toestand van verveling kan niemand geheel en al ontkom nie. Dit spruit nie noodwendig voort uit te veel of te min vrye tyd nie, maar eerder uit 'n bepaalde geesteshouding; in negatiewe sin gestel: 'n "niet-leven"-houding.¹⁾

Dit blyk dat die kompensasie wat die vrye tyd bied, nie noodwendig heilsaam is en ewewig meebring nie. Die reklame-geïnspireerde geesdrif vir die reeds beplande en voorafvervaardigde vryetydsprodukte, waarin rekreasie die sleutelrol speel, steun in 'n hoë mate op die welvaart en op 'n geesteshouding wat gekenmerk word deur onder meer gemaksgug en vatbaarheid vir manipulering van buite.²⁾ Dit neig om die individu te voer na 'n oorwegend passief-ontvanklike ingesteldheid in sy vrye tyd. Na aanleiding hiervan stel De Grazia die volgende betreffende die situasie in die V.S.A.: "Though most Americans spend the greater part of their work time in sitting, their free time is not therefore spent standing. Some muscles may become developed at the expense of others, so that after a while sitting a long time is less tiring than standing two short minutes. The American, even after subtracting the hours he lies down for sleep, spends most of his twenty-four hours on his rump. Work may be so exhausting mentally or physically that it leaves free time heir to passivity. On the other hand, it may be in so well-cooled or well-heated an environment that

1. Brightbill, C.K. op.cit., pp. 35-42.

2. D'Olieslager, G. op.cit., pp. 409-412.

one will shirk free time outdoors just because of heat or cold.".¹⁾

'n Britse Goewermentsverslag van 1969 wys daarop dat werkgewers, sakebestuurders en professionele persone slegs die helfte soveel na televisie kyk maar feitlik twee keer so dikwels deelneem aan fisiese ontspanning as semi- en ongeskoolde arbeiders.²⁾

Passiewe vorme van deelname deur die massa en op kommersiële vlak, is 'n relatief moderne verskynsel en dit verteenwoordig 'n strydpunt in sieninge betreffende vryetydsgedrag. In die lig hiervan verdien die begrip passiwiteit nadere toeligting.

Dit is belangrik om daarop te let dat die woord passiwiteit kan verwys na òf fisiese òf geestelike gedrag òf na beide. Sommige kritici van die eietydse vryetydsituasie begin deur te wil wys hoe bewegingloos die mens geword het - liggaamlik gesproke - en poog dan om hierdie kritiek te verleng na passiwiteit van die gees. Hierdie kritiek het waarde maar die vryetydsgedrag kan nie doeltreffend geëvalueer word deur die tipiese maatstaf van aktief-passief nie. Die losse gebruik van die woord passief hou dus die gevaar in dat die essensie van die wyse van deelname nie uitgelig word nie.

Wanneer dit by die onderskeid aktief-passief kom, blyk daar nie 'n probleem te bestaan betreffende die fisiese of liggaamlike sy van die aktiwiteit nie: die wyse van die liggaamlike bewegingsbetrokkenheid is konkreet en betreklik eenvoudig afgebaken.

1. De Grazia, S. Of Time, Work and Leisure, p. 167.

2. Sillitoe, K.K. Planning for Leisure, p. 50.

Dit is egter op die gebied van die liggaamlik passiewe geestelike aktiewe waar die evalueringsprobleem homself voordoen en ten opsigte waarvan die terme "aktief" en "passief" te kort skiet.

De Grazia se siening werp meer lig op die probleem: "... the charge that free-time activities are passive should be founded on the split in spectatorship, between the old kind, in which any man in the audience could make himself heard on the spot, and the new kind, in which the word "uncritical" or "unthinking" fits better than passive."¹⁾ In dieselfde verband meen die Council of Europe Consultative Assembly dat daar aanduidings is dat die Westerse samelewing wegbeweeg van die era van die geskrewe woord na 'n nuwe periode wat hy noem die "planetary period of unreason".²⁾

In hierdie sin is die tendens dus in die rigting van "passiewe" geestesaktiwiteit wat gekenmerk word deur die relatiewe afwesigheid van krities-analiserende en skeppende inhoud. In hierdie vorm van deelname val die klem grootliks op ontvang en reproduseer met 'n veel geringer persoonlike teenprestasie - 'n passief-ontvanklike ingesteldheid wat in 'n bepaalde sin bestempel kan word as 'n verbruikersmentaliteit.

Hierdie tendens word weerspieël in onder meer die spel. Die spel beantwoord aan 'n fundamentele behoefte, naamlik aan ontspanning en globaal gesien, is die spel 'n vervangingsmiddel vir die onvolmaakte realiteit. Maar deur die moderne uit-

1. De Grazia, S. op.cit., p. 320.

2. Council of Europe Consultative Assembly, The Present Crises in the European Society, p. 12.

breiding van die vrye tyd gaan die spel sy geleentheidskarakter verloor - dit word 'n feitlik deurlopende sosio-kulturele aktiwiteit. Dit het tot 'n vaste behoefte ontwikkel en dreig om meer en meer gekommersialiseerd en geprofessionaliseerd te word. Daarom word dit dan ook in 'n toenemende mate 'n spektakel in plaas van aksie. Die spel word "passiefmentaal"; die "gespeelde lewe" word 'n realiteit van tweede rang. In elke instansie beteken spel deelname maar 'n begrensde en ten aansien van die sosiale lewe 'n geneutraliseerde deelname.¹⁾ Die gevaar bestaan voorts dat toeskouerskap en ander vorme van ontvangende deelname beoefen word as verlossing van verveeldheid of as ontsnapping van betrokkenheid.²⁾

Dit beteken egter nie dat daar aan die kant van die toeskouers 'n gebrek is aan emosionele identifikasie met spelers of spanne nie. Glasser skryf byvoorbeeld soos volg oor sokkerskaars in Brittanje: "Echoes of distant tribal loyalties can be heard in the wild scenes at big league matches. The brisk trade in club symbols, badges, rosettes, scarves and other regalia helps to create an atmosphere of close identification."³⁾

Dit blyk dat daar, veral in die stedelike gebiede, 'n sterk behoefte bestaan aan emosionele identifikasie met die plaaslike omgewing; 'n poging om die vroeëre lokaliteitspatrone te vervang wat tot enkele geslagte gelede nog bestaan het. Sedertdien het die koms van die massakommunikasiemedie en verbeterde vervoergeriewe die min of meer geslote lokaliteitsgrense in 'n

1. Janne, H. op.cit., pp. 11-12.

2. Faunce, W.A. Automation and Leisure, p. 90.

3. Glasser, R. Leisure, p. 142.

groot mate vernietig. Rekreasie, soos die arbeid, neig egter om te isoleer en te segregeer betreffende beide gesinne en individue en daar bestaan tans geen teken dat die spel en ander vorme van rekreasie hulle leen tot effektiewe buurt- en gemeenskapsbinding nie.¹⁾ Hier kan eerder gesoek word na 'n bepaalde soort gesagsbinding, 'n tipe verslaafraking wat 'n mate van vryheidsprysgawe impliseer. Sodanige deelname aan die vrye tyd is nie noodwendig bevorderlik vir die herstel van die inspanning en spanninge van die alledaagse lewe nie.²⁾

1.4 Disoriëntering

Indien 'n mens alles sou wou beleef wat die moeite werd is, sou jy baie lewens daarvoor benodig, en tog is 'n groot vyand van die vrye tyd, naamlik verveling, waarskynlik sterker as ooit. Die arbeider in die tyd van die agtienuurwerkdag sou hom beswaarlik kon voorstel dat die vrye tyd so 'n sware las³⁾ kon wees vir diegene wat van alle wortels losgeslaan is.⁴⁾

Hierdie algemene toestand van verveeldheid waarin baie individue hulle dikwels bevind, is slegs een van die oppervlakkige verskyningsvorme van 'n dieperliggende toestand van negatiewe eenzaamheid. Dit behels, skryf Couwenberg, 'n innerlike vervreemding van die individu van sy omringende wêreld van medemense en maatskaplike instellings, van sy arbeid en arbeidsomgewing, van die natuur, van homself en van die grond van sy bestaan: God.

1. Green, A.W. Recreation, p. 185.

2. Wielek, H. Vrije Tijd, p. 84.

3. Davis, J. Valuing, p. 31.

4. Wielek, H. op.cit., p. 72.

Die diepste wortel van die vereensamingsproses is juis die religieuse ontworteling. Dit word voltrek deur massale vervreemding van die Kerk en geloof wat besonder duidelik na vore tree in die verskynsel van onkerklikheid en buitekerklikheid, maar dit het ook diep ingedring in die kerklike groep.¹⁾

Hierdie eensaamheid tree na vore deur gevoelens van angs, onrus, onsekerheid en vertwyfeling²⁾ - nie slegs voortspruitende uit die eie situasie en omgewing nie maar ook uit 'n wêreldtoestand. Hoewel nie in dieselfde mate by almal aanwesig nie, is dit 'n wesenlike kenmerk van die hedendaagse lewensgevoel.

Hierdie lewensgevoel blyk die resultaat te wees van die same-spel van ideologiese en maatskaplike dryfkragte. In hierdie verband kan drie direkte faktore uitgesonder word.

- (a) 'n Losmaking van die Westerse mens uit die tradisionele geestelike en maatskaplike bindinge en sekerhede, 'n religieuse en sosiale ontworteling waardeur die individu geheel op homself teruggewerp word en uit en uit individualisties word.
- (b) 'n Gees van saaklikheid en nuttigheid wat inherent is aan die huidige maatskappy wat volgens rasionele beginsels georganiseer is. Bogenoemde twee faktore behels onder meer oormatige wedywering, kompetisie, eiebelang, die aftakeling van ander en die belangrikheid van die medemens kragtens sy bruikbaarheidswaarde.

1. Couwenberg, S.W. De vereenzaming van de moderne mens, pp. 16-31.

2. Couwenberg, S.W. op.cit., pp. 35-38.

(c) Die oorbelasting en die hiermee gepaardgaande gejaagde lewenstempo van die eietydse mens. Dit sluit in 'n oorvloed van onsamehangende prikkels en invloede, oppervlakkige indrukke, vlugtige kontakte en maatskaplike eise en verpligtinge. Hierdie uiterlike oorvloed lê soveel beslag op vele dat hulle nie tyd vind of afstaan om hulself oop te stel vir die wêreld van die medemens nie. Dit hou verband met 'n gebrek aan positiewe eensaamheid waardeur die uiterlike oorvloed innerlik verwerk en geïntegreer kan word tot 'n sinvolle geheel. Een van die gevolge hiervan is 'n verbrokkeling van die geesteslewe.¹⁾, 2)

Die vryetydsindroom moet nie beskou word as 'n probleem van slegs die Westerse wêreld nie: dit strek veel wyer omdat dit voortspruit uit 'n proses van aftakeling sonder 'n ooreenstemmende proses van opbouing. Die eietydse mens vind dit toenemend verwarrend, selfs oorweldigend, om te besluit wat waardevol geag moet word - wat sy tyd en energie werd is in die vrye tyd wat die huidige samelewing hom bied.³⁾ "In a state of no values the quality of aggression, man's fundamental store of creative capital, has no direction. Guided only by caprice, and under the influence of disappointment, fear and stress, it becomes destructive. We are already quite far along that road."⁴⁾

In 'n bepaalde sin is die probleme van die vrye tyd 'n spieëlbeeld van die toestand waarin die huidige Westerse kultuur hom bevind.⁵⁾

-
1. Couwenberg, S.W. op.cit., pp. 35-38.
 2. Grazer, R.R. The Natal Witness, p. 8.
 3. Davis, J. op.cit., p. 31.
 4. Glasser, R. op.cit., p. 213.
 5. Wall, M. Use of leisure mirrors cultural values, pp. 9-10.

2. Die invloed van die massakommunikasiemedia

2.1 Die media en kultuurkonsumpsie

Die faktore wat bydra tot die steeds toenemende veranderinge in die Westerse tegnologies-georiënteerde samelewing is nie slegs wyd in omvang, ryk aan verskeidenheid en uiteenlopend van aard nie, maar dit is ook op 'n komplekse wyse met mekaar verstrengeld. Voorts leen die menslike aksie en reaksie hom nie maklik tot die isolering en kwantifisering van sodanige samelewingsinvloede nie, met die gevolg dat eng wetenskaplike of objektiewe feite die navorser en opvoeder steeds ontwyk. Dit is dan ook die agtergrond waarteen 'n besinning oor die rol van die massakommunikasiemedia as slegs een groep van sodanige samelewingsinvloede gelees moet word.

Die aanhang wat hierdie media (in die besonder die geskrewe woord in sy vele vorme, die radio, die platespeler/bandmasjien, die televisie en die rolprent) geniet, is goed bekend. Die redes hiervoor verdien egter kortliks nadere vermelding. Hierdie faktore funksioneer ôf individueel ôf in samespan met ander en dit behels onder meer die volgende:

2.1.1 Die invloed van die tegnologie

Ontwikkeling op tegnologiese gebied het eerstens gesorg vir die daarstelling van hoëtroutoerusting wat binne die finansiële bereik van die meeste individue val. Voorts is dit ook verantwoordelik vir die daarstelling van 'n netwerk van installasies en organisasies wat massakommunikasie-inhoud vinnig en doeltreffend versprei.

Hierdeur bestaan die geleentheid dus vir die individu tot kits-

vermaak: die produk is klaar geskep deur ander en is op aanvraag beskikbaar vir verbruik.

2.1.2 Die verkoopsinvloed van die media

Die bestuurders van die media moet rekening hou met onder meer ekonomiese wette en gevolglik is hulle daarop ingestel om hul omset of getalle individue wat hul bereik, voortdurend te probeer vergroot. Die "verbruikersomset" is minstens deels afhanklik van die reklame waaraan die individu onderwerp word. In die proses word daar dikwels by die individu behoeftes geskep deur 'n langdurige proses van kondisionering of deur 'n proses van subtiele oorreding.

Voorts moet die produk hom as't ware self verkoop, wat beteken dat die gehalte van die produk in die reël daarop ingestel is om in die grootste moontlike getal mense se werklike of gekondisioneerde smaak te val. Die manipulerings van modetendense en die gebruik van sensasionele inhoud hou ook verband hiermee.

2.1.3. Samelewingsinvloede

Die sukses van die reklamepogings deur die media word bevorder deur die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid samelewingstoestande. Dit sluit in die beperkte binnenshuise en buitenshuise leefruimte van baie, veral stadsindividue, tesame met die gebrek aan genoegsame groot oop ruimtes in die stadsomgewing en die gepaardgaande neiging tot vervreemding van die natuur; beperkinge betreffende 'n verskeidenheid fisiese fasiliteite; die onpersoonlike karakter van die stad wat vereensaming in die hand werk; die welvaart wat die gekommersialiseerde rekreasie bevorder en heersende vryetydswaardes.

2.1.4 Die persoonlike situasie van die individu

Ter sake is 'n groot verskeidenheid persoonlike beperkinge betreffende vryetydsgebruik, insluitende die aard van die individu se opvoeding vir die vrye tyd; die individu se behoefte aan ontspanning; in baie gevalle sy neiging tot werklikheidsontvlugting en sy weerstand¹⁾ teen liggaamlike deelname.

Om die aard van die deelname deur die individu aan die massakommunikasiemedia se aanbiedinge perspektief te gee, dien kortliks gelet te word op die begrip massakommunikasiemedia wat 'n samestelling is van drie selfstandige begrippe, naamlik massa, kommunikasie en media.

Die pers, radio en televisie onder meer, benader die individu in die eerste plek nie as deel van die massa nie maar as individu. Die begrip "massa" verwys hier na massa-konsumpsie en massabemarking deurdat programme en produkte georganiseer en geproduseer word met die oog op die wydste moontlike trefkrag. Die begrip "massa" verwys dus nie hier in die eerste plek na die produk self nie, maar na die verbruik of verkope.

Die middels van massakommunikasie word gekenmerk deur 'n eenzijdige benadering; deur 'n eenrigtingverkeer van sender na ontvanger. Die sender kan 'n oppervlakkige beeld kry van hoeveel mense en watter ouderdomsgroepe veral gebruik maak van sekere aanbiedinge, maar die intensiteit van deelname en die reaksie daarop of die gevolge daarvan bly grootliks onbekend en problematies.

1. Janne, H. op.cit., p. 13.

Om die massa te kan aanspreek, om te kan meedeel, moet die sender soek na die grootste gemene faktor. Dit is juis hier waar die massa-element na vore tree: die groep word gelyk geag en hoewel die mededeling in 'n sin tot die individu persoonlik spreek, word die hele massa op dieselfde wyse deur dieselfde boodskap bereik. In hierdie sin, meen Schaafsma, moet eerder gepraat word van "publisiteitsmedia".¹⁾

'n Verdere aspek van hierdie samespel tussen kommunikasie as oordrag van idees en massa as die som van individue, is dat diegene wat nie die aangebode produkte ten volle begryp of verwerk nie - 'n proses wat bevorder word deur die tempo van aanbidding - hierdie verwronge beeld kan versprei onder diegene wat nie daaraan deel gehad het nie. Die ontvangers dien dus as subjektiewe skakels in die gemeenskap. Hierbenewens is ook ter sake die helderheid, verantwoordelikheid, die onbevooroordeeldheid, die realisme, die korrektheid en die eerlikheid van die sender.

Die belangrikheid van die kommunikasiemedie is enersyds geleë in die gebruik wat die sender daarvan maak, en andersyds, op welke wyse dit deur die ontvanger hanteer word. Die medium of instrument kan op sigself geen direkte invloed uitoefen nie. In die geval van die radio en televisie bepaal die medium egter wel die tempo van verbruik.²⁾

Die invloed van die massakommunikasiemedie grens feitlik aan die vanselfsprekende: die subjektiewe menslike element in die

1. Schaafsman, H. Beeldperspektieven, p. 31.

2. Schaafsman, H. op.cit., pp. 40-44.

gebruik daarvan. Tot die uiterste konsekwensie gevoer, behels dit onder meer 'n stryd tussen individualisme en persoonlike soewereiniteit enersyds en "ad-education" andersyds.¹⁾

Tog is 'n woord van waarskuwing nie onvanpas nie: die invloed wat spreek deur die massakommunikasiemedie kan nie geheel en al losgemaak word van die totale kompleks van maatskaplike invloede nie.

Onder die spesialiste op die gebied van die invloed van die massakommunikasiemedie word beide 'n positiewe en 'n negatiewe siening verteenwoordig. Die negatiewe, selfs pessimistiese siening of element daarvan tree sterk na vore; nie omdat die positiewe sy negeer word nie, maar eerder omdat dit as van-selfsprekend aanvaar word.

Die massakommunikasiemedie as draers en aanbieders van kultuur-inhoude aan die breë massa, het in 'n groot mate ingesny op die individu se uitsig op die wêreld - 'n funksie wat vroeër grotendeels deur die gesin, skool en kerk verrig is. Die individu word feitlik deurlopend bestook met beelde, klank en informasie; met klein brokkies kennis wat mank gaan aan onderlinge verband, sisteem of maatskaplike norm en wat lei tot gebreklike begrip van analise en sintese.²⁾ Hierdie versnipperde informasie word steeds versterk en voortdurend vernuwe. Dit speel op die gevoel en skerp die nuuskierigheid maar maak dit tegelyk oppervlakkig en ongesond. Dit dring die gesin reg-

1. Glasser, R. op.cit., p. 89.

2. Hicter, M. Algemene Analyse van een "Youth-Sick World".

streeks binne deur woord, beeld en lektuur en die massale aanwesigheid van die wêreld laat min tyd oor vir nadenke en kritiese verwerking. Die belangrikheid van gebeurtenisse word verdun deurdat opeenvolgende gebeurtenisse mekaar en die inslag daarvan verdring.¹⁾

Die bestaande kultuur raak toenemend gekommersialiseerd en val dusdoende oor na massakultuur. Hierdie massakultuur word hoofsaaklik geproduseer kragtens die normale norme van industriële produksie; dit word versprei deur massale verbreidings-tegnieke - die massakommunikasie-media - en dit rig sigself tot 'n geweldige agglomoraat van individue wat saamgestel is los van maatskaplike strukture. Dit word as't ware in groot hoeveelhede aan die massa opgedring in die vorm van verbruikers-artikels.²⁾

Vandag word dit feitlik as 'n noodsaak aangevoel om te kan beskik oor bepaalde produkte vir vryetydsbesteding. Dit is bepaald die geval met televisie die besit waarvan wydverspreid is. In 1974 besit die V.S.A. byvoorbeeld 474 stelle per duisend inwoners en Brittanje 305.³⁾

Die opkoms, omvang en toekomsmoontlikhede van gekommersialiseerde kultuur dui daarop dat die massakultuur die hoër kultuur al hoe meer verdring.⁴⁾ As teensy van die positiewe elemente wat massakultuur besit, onderskei Valvekens-Haven die volgende negatiewe eienskappe en gevare daarvan:

-
1. Janne, H. op.cit., p. 13.
 2. Valvekens-Haven, S. De Vrijetijds- en Kultuurkonsumpsie, p. 184.
 3. Ibrahim, H. Education for Leisure and the Political System, p. 36.
 4. Thompson, D. Discrimination and Popular Culture, p. 9.

- (a) Kultuur veronderstel die oproep van persoonlike reaksies terwyl massakultuur dit teenwerk, nie kritiek uitlok nie, maar nabetragting sluimerend hou. Omdat massakultuur nie 'n intellektuele wekroep uit nie en ook nie openheid vir kultuurwaardes besit nie, is die kulturele funksie daarvan beperk.
- (b) Een van die grootste probleme wat sterk na vore tree, sentreer om die kwaliteit van die massakultuur wat veral beoog om die wense van die publiek tevrede te stel: 'n publiek wat nie soseer kritiek uitspreek op die kwaliteit van die produkte nie, dog eerder om steeds meer produkte vra. Dit het tot gevolg dat kultuurkonsumpsie toeneem en dat die aangebode produkte al te dikwels gehomogeniseerd en veral gekommersialiseerd word. Hierdie verskynsel is aanvaarbaar in soverre dit kultuur binne almal se bereik stel, maar dit is 'n ander saak indien die kwaliteit van 'n twyfelagtige aard is soos so dikwels die geval blyk te wees.¹⁾

Omdat 'n groot persentasie van plaaslike televisieprogramme van oorsese oorsprong is, is sieninge hieroor ter sake. Mervis skryf onder meer:

"The only explanation I can offer is that the public, having been ground down into a kind of stupor by the normal T.V. fare, became hysterical when something as good as "Rich Man, Poor Man" hit the screen.

The public should accordingly be on guard to protect their own standards of judgement and their own canons of good

1. Valvekens-Have, S. op. cit., pp. 184-187.

taste. Unless they are on the alert their judgement will become so degraded by inferior programmes that they will be ready to accept anything that is put in front of them."¹⁾

- (c) Dit is nie bo alle twyfel seker dat 'n mens tussen al die swak kwaliteit produkte ook die beste sal leer ontdek en waardeer nie. Om byvoorbeeld via 'n kritiese houding deur die dikwels goedkoop ontspanning op televisie te kom tot 'n waardering van die kunssinnige en 'n afbreking van die waardelose elemente daarvan, is 'n lang en moeilike pad.
- (d) Hierdie grootskaalse konsumpsie van die produkte wat die media bied, hou die gevaar in om nuwe belangstellings te verdring of te onderdruk en bevredig al te goed die drang van die publiek na ontvlugting, gemak en, in wye sin van die woord, passiwiteit.
- (e) Die massale kultuurkonsumpsie word gekenmerk deur die vorme van belangstelling wat die verskillende uitinge van die massakultuur nie sien as 'n bron van intellektuele vooruitgang en persoonlike verryking nie, maar as 'n bron vir ontspanning.²⁾

Dit is dan ook die boodskap wat die reklame dra en hierdie gemaklike uitweg word juis gekondisioneer deur die psigologie wat ontstaan uit die arbeid en die stedelike relasies.³⁾

1. Mervis, J. The Propaganda Box.

2. Valvekens-Have, S. op.cit., pp. 184-187.

3. Janne, H. op.cit., p. 15.

Die massakommunikasie-media is nie bloot 'n ondersteuner van die boodskap nie, hul invloed op die publiek se sensitiwiteit en verbeelding is relatief onafhanklik van die boodskap.¹⁾

Hieroor skryf Abrams soos volg:

"Because television is so easily available it is given functions which have nothing to do with conscious choice or cultural discrimination. For people who watch a lot it is not just what they watch but the fact of watching that is important."²⁾

Dit beteken egter nie dat die boodskap 'n ondergeskikte of passiewe rol speel nie - allermens. Die reklame-inhoud tree sterk na vore. Die individu word gebombardeer met 'n massa advertensie-gegewens wat reeds bestaande tendense by die individu uitbuit; onder meer vrees in verskillende vorme en 'n bygelowige geloof in "wetenskaplike" outoriteit.

Die bestaande tendense word dus deur die reklame versterk. Hierbenewens lyk dit waarskynlik dat die veelvuldige klein druk- of gesagsinvloede meewerk om betekenisvolle veranderinge te bewerkstellig in die totale patroon van sosiaalaanvaarde waardes.³⁾ Die individu staan oop en feitlik weerloos teen die boodskap van "die goeie lewe" wat ewe sterk gekenmerk word deur weglatings as deur voorgehoue eienskappe.

Whitehead voer die probleem verder:

"The tendency to reinforce impulses which are socially undesira-

-
1. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, p. 154.
 2. Abrams, P. Radio and Television, p. 60.
 3. Nash, J.B. Philosophy of Recreation and Leisure, p. 129.

ble is only part of the problem. Even more insidious may be the advertiser's growing ingenuity in linking his product with ideas and images which are in themselves innocuous, pleasurable, even commendable. In consequence of this the concept of sexual love, manliness, femininity, maternal feeling are steadily valued for us by their mercenary association with a brand-name - as though the real human values they represent can be purchased by rushing out and buying a new shaving lotion, a new deodorant, even a new washing-machine."¹⁾

Verdere voorbeelde van die versterking deur die media van bestaande tendense is geleë in behoefte-uitbuiting, veral betreffende rekreasie, arbeid- of tydbesparing en status. Die oproepe deur die advertensiewese word beperk slegs deur die mens se vindingrykheid en sy gewete.²⁾

Dit blyk dus dat 'n komplekse sameloop van samelewingsfaktore bydra tot die rol wat die massakommunikasie-media speel: eers- tens, onafhanklik van die boodskap wat dit dra en tweedens, via die boodskap wat dit dra. Om hierdie invloede te omlyn is haas 'n onbegonne taak wat verder bemoeilik word wanneer dit gereduseer word tot een medium en nog verder tot een tipe program.³⁾ Die siening word egter wyd gehuldig dat die gees- vormende industrie as geheel onderskat word. Die gevaar ver- bonde aan die misbruik van die media deur die senders en die

1. Whitehead, J. Advertising, pp. 29-31.

2. De Grazia, S. op.cit., pp. 198-200.

3. Green, A.W. op.cit., p. 94.

oormatige gebruik daarvan deur die verbruikers word opgesom in die woorde van Nash:

"There is such a thing as atrophy of will power, and loss of ability to plot a course and to take yourself by the scruf of your neck. When this happens, adventure and courage to try new things gradually disappear and the individual floats with the current."¹⁾

2.2 Die media en kulturele waardes

Bepaalde aspekte van die gemoeidheid van die massakommunikasie-media met kulturele en dus ook vryetydswaardes en -norme het noodwendigerwys reeds na vore getree. Dit is egter belangrik dat hierdie aspek verder omlyn word.

In wese gaan dit hier om welke lewensbeskouing die gekommer-sialiseerde massakommunikasie-media neig om te dien. Dit is te verwagte dat die media, omdat hulle feitlik deurgaans op sakebeginselsgrondslag funksioneer, 'n pragmatiese houding sal inneem en materiële waardes voorop sal stel - 'n benadering wat in 'n sin rym met of aanklank vind by eietydse geestes-strominge.

In hierdie verband en na aanleiding van die snelle ontwikkeling van televisie in Brittanje, skryf Quinn soos volg:

"In such circumstances it is understandable perhaps, that the first concern of those responsible, including governments, has been to ensure the proper development of their television

1. Nash, J.B. op.cit., p. 128.

services from a physical and technical point of view. But whether this is the correct explanation or not, the fact remains that there appears to have been little, if any, interest on the part of governments in stimulating higher standards and better quality in television as they have in the cinema."¹⁾

Die landsregerings van die Weste bevind hulle as hoogste gesagsdraers oënskynlik in 'n toenemende mate in 'n posisie soortgelyk aan dié waarin die bestuurders van die massakommunikasie-media vasgevang is: net soos die bestuurders van die media moet mik na omset en verkope van hul vryetydsprodukte, en die waardes en norme wat deur hierdie produkte gedra word, dien-ooreenkomstig moet aanpas, net so is die regerings in 'n stryd gewikkeld om stemme te werf. Onder sodanige omstandighede bestaan die wesenlike gevaar dat 'n middeweg ingeslaan word wat algaande meer demokraties word en verskuif ten gunste van 'n filosofie en praktyk wat die massakommunikasie-media se behoeftes en doelwitte dien. Quinn se slotopmerking betreffende regerings se aandeel aan die daarstelling van beter gehalte rolprente kan egter nie sonder kommentaar afgemaak word nie. Die evolusie, deels ten goede, wat die rolprentbedryf in Westerse lande tydens die opkoms van televisie deurloop het, blyk gegrond te wees op 'n sameloop van verskillende omstandighede. Met die opkoms van televisie is die rolprentmark aanvanklik 'n gevoelige knou toegedien; gevolglik kon regerings dit bekostig om op hierdie gebied die stem te laat hoor. Dit verteenwoordig egter net die een sy van die aangeleentheid. Die rolprentbedryf moes nou steun op 'n veel kleiner mark en dit het daartoe

1. Quinn, J. The Film and Television as an aspect of European Culture, p. 164.

gelei dat die bedryf 'n elite kykerspubliek moes ontgin wat die onvermydelike hoër koste kon bybring.

In die ultra-demokratiese samelewing is normgewing, in die breë gesien, egter grootliks verskuif vanaf die elite-groep na die breë massa. Die massakommunikasiemedie het die normgewende funksie in 'n ruim mate oorgeneem en is ingestel op 'n veel laer sosio-kulturele laag van die bevolking. Om die massa te kan bereik, moet dit spreek tot die grootste gemene faktor: in Freudiaanse taal ook tot die id-behoeftes en tot die "subterranean values".¹⁾

By wyse van voorbeeld skryf Green in hierdie verband die volgende oor tienertydskrifte in die V.S.A.:

"Completely absent are the Protestant-ethic themes of yesterday, of exhortation to work hard and win; nothing whatsoever can be found about careers and planning for the future, not even about marriage and the family - somewhat surprising in material written largely for girls; nothing about how to make or fix this or that; nothing at all about education, except perhaps, for an article on 'How to Cram for That awful Exam'. And, it need hardly be added, completely absent are the religious and moral homilies of the day before yesterday.".²⁾

Hierdie siening van Green gee 'n aanduiding van die waardestroming waardeur die massakommunikasiemedie in Westerse lande gekenmerk word. Wanneer beide die B.B.C. en I.T.V. in Brit-

1. Matza, D. Subterranean Traditions and Youth, p. 105.

2. Green, A.W. op.cit., p. 137.

tanje tot vervelens toe die Derde Gebod oortree en wanneer 'n lord sy seksuele en dwelmmiddelgedrag koelbloedig bespreek en verontskuldig 45 minute lank onder demokratiese leiding van die onderhoudvoerder¹⁾ - dan dring die besef deur dat die invloed van die tradisionele Westerse waardes inderdaad verflou of verdwyn het.

Die slagspreuk van die media is "vryheid ten alle koste" - vir die bestuurders daarvan. Gedurende die afgelope 150 jaar is die massa grootliks losgemaak van die arbeidslawerny soos beheer deur die elite-groep en in die proses word hulle steeds meer losgemaak van die tradisionele grondwaardes en word hulle gevangenes van 'n nuwe vorm van gesag: 'n elite-groep wat teer op die vryetydskonsumpsie van die massa.^{2), 3)}

2.3 Die gesag van die media

Die voorgenoemde stelling verdien nadere toeligting. Die gesagsinvloed van die massakommunikasiemedie staan eerstens, in 'n bepaalde sin, oënskynlik los van die media self. Kragte wat binne die tegnologiese samelewing werksaam is, neig om by die individu 'n sekere ingesteldheid op die vrye tyd tot stand te bring en selfs te dwing: die ingesteldheid van die verbruiker en die verposer. Hierdie kragte sluit onder meer in die vele beperkinge rakende die vryetydsgebruik wat die individu in veral die stadsomgewing kan beleef; die aard van die arbeid en arbeidsorganisasie; die lewenstempo; die georganiseerde

1. I.T.V.-Program, Brittanje.

2. Brightbill, C.K. op.cit., p. 260.

3. Thompson, D. op.cit., pp. 17-18.

aard van die lewensinhoud; geldende waardes en 'n gevoel van vervreemding. Hierdie kragte bevorder gevoelens van eensaamheid en verveling; behoeftes betreffende ontsnapping en tydverdryf en uiteindelik reaksies wat die weg van die minste weerstand kies. Soos reeds gemeld, is van besondere belang die aanhang wat die massakommunikasiemedia geniet, ongeag die aard van hul produkte of die boodskap wat dit dra.

Die individu word dus deur die komplekse werkinge van samelewingsinvloede ontvanklik gemaak vir die verbruik van die produkte van die massakommunikasiemedia - word in 'n sin afhanklik gemaak van hierdie media om sy tyd te verdryf.

Die gesagsinvloed van die massakommunikasiemedia tree ook via die reklame na vore. Die eerste oogmerk van die bestuurders van die media blyk te wees om die maksimum moontlike omset te verkry, om soveel individue moontlik vir solank moontlik te betrek. Die individu word uitgenooi, uitgelok, subtiel ooreed of op blatante wyse gekondisioneer om mee te doen. Die aard van die aangebode produk word dienooreenkomstig bepaal.

'n Verdere aspek van hierdie gesagsinvloed tree via die produk op die lewensbeskoulike terrein na vore. Sommige put troos uit die gevolgtrekkings van baie sosiaal-wetenskaplike ondersoekers dat daar geen onteenseglike bewyse is dat die massakommunikasiemedia gevestigde waardes, norme en verwagtinge afbreek, wysig of vervang nie.¹⁾ Vanweë die aard van die kompleksiteit en omvang van verbandhoudende samelewingsinvloede sal sodanige bewyse moeilik geïsoleer kan word. Tog benodig

1. Schaafsma, H. op.cit., p. 134-135.

die leek geen wetenskap om, sonder dat hy die detail van die betrokke meganismes ken, te besef dat dit byvoorbeeld nie goed kan wees vir 'n kind om aan 'n oormaat geweld blootgestel te word nie¹⁾ - om soos in die geval van die gemiddelde Noord-Amerikaanse jeugdige, teen die ouderdom van 14 jaar reeds nagenoeg 18 000 mense op die televisie te sien sterf het nie.²⁾

Die argument van sommige bestuurders van die massakommunikasie-media dat hul poog om demokraties, verantwoordelik en onpartydig op te tree, gaan nie op nie. In 'n stelsel van eenrigtingkommunikasie kan die plooibaarheid en wederkerigheid van gesprek nie bereik word nie. Dit moet noodwendig insny op onder meer smaak, gedragskodes, lewenstyl, norme en waardes. Die enigste vraag wat in dié verband van belang is, meen Abrams, is wát voorgehou sal word, hóé, en deur wíé die boodskap bepaal sal word.³⁾ Die gevaar van die massakommunikasie-media lê daarin dat 'n klein energieke groepie by magte is om die gevolge van hul oordele en voordele op die gemeenskap af te dwing,⁴⁾ dikwels sonder dat die meerderheid in die gemeenskap besef wat plaasvind.

Voorts kan pogings tot 'n ultra-demokratiese benadering lei tot 'n normatiewe lugleegte wat die gemeenskap in hierdie verband as't ware herderloos kan laat. Abrams skryf die volgende vanuit die Britse situasie:

"At the same time, one cannot lead taste if one has no sense of

-
1. Larsen, O.N. Violence and the Mass Media, pp. 282-283.
 2. Kennedy, P. Children see 18 000 Deaths, p. 6.
 3. Abrams, P. op.cit., p. 63.
 4. McKeon, R., Merton, R.K. and Gellhorn, W. The Freedom to read, p. 97.

direction; one cannot raise standards unless one will allow that some things are better than others and some worse. And what has happened with these media is that the public service image of their own role has made broadcasters so afraid of imposing that they do seem to have lost all sense of direction. In its place they have set up a largely spurious public service ideal of impartiality. Other mass media may have the wrong values; one's first impression of radio and television is that they have no values."¹⁾

Die feit bly staan dat die bestuurders van die media hulle in 'n gesagsposisie bevind waarbinne hulle hul eie prioriteite bepaal. In die finale instansie staan die finansiële oorwegings bo die morele oorwegings; staan die bestuurders onverskillig teenoor die morele invloede²⁾ wat deur hul produkte gedra word.

Deur die stelsel van behoefteskepping op inisiatief van die produsente van massakommunikasie-media ontstaan die gevaar dat die vrye tyd kan ontaard tot 'n situasie waar die sosiale kondisionering alles determineer.³⁾ Die bemarkings- en oorredingsproses is blykbaar vinnig op pad om die funksie van sosiale leierskap uit die hande van die tradisionele geestelike leiers oor te neem.⁴⁾

Kraus vra tereg die vraag: "Do most Americans view their leisure choices as significant in the total quality of their

-
1. Abrams, P. op.cit., p. 63.
 2. Holbrook, D. Magazines, p. 150.
 3. Janne, H. op.cit., p. 15-16.
 4. Glasser, R. op.cit., p. 55.

living, and to what extent do they attempt to make intelligent choices about how their recreational time should be spent? Or, in effect, are their choices made for them?".¹⁾

'n Verdere wyse waarop die gesag van die media na vore tree, is die hoeveelheid vrye tyd wat dit in beslag neem en die tempo waarteen die produkte aangebied word. Dit neig om tot gevolg te hê nie slegs 'n lae intensiteit van verbruik of deelname nie, maar ook die verdringing of herorganisasie van ander aktiwiteite. Dit geld in die besonder vir televisie. Oormatige verbruik van mediaprodukte hou die gevaar in van verlies aan inisiatief en belangstelling: ten opsigte van beide die aktiwiteitsvlak en die ontvanger se belangstellingsgevoel.²⁾ Zweig meen dat die massakommunikasiemedie die individu lui maak; dat dit die beoefening van stokperdjies en tydverdrywe rem "it spreads the gospel of laziness".³⁾

Die media se gesag het ook uiteenlopende sosiale invloed tot gevolg: die gesin neig om meer dikwels saans tuis te wees as bedags;⁴⁾ dit verminder sosiale kontakte en wanneer vriende kuier, word die televisiestel dikwels aangeskakel;⁵⁾ 'n faktor wat gesprek teëwerk, ook in gesinsverband. Die media besit weliswaar die potensiaal om gesprek te stimuleer maar deur die kwantiteit en tempo van aanbieding laat dit minder ruimte vir

1. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 35.

2. Belson, W.A. The Impact of Television, pp. 275-287.

3. Zweig, F. The Worker in an Affluent Society, p. 109.

4. Belson, W.A. op.cit., p. 275-287.

5. Zweig, F. op.cit., p. 109.

gesprek.¹⁾ Hoewel die gesin deur deelname in 'n sekere sin saamgesnoer word, kan die sosiaal-geestelike binding oppervlakkig wees, juis omdat die media neig om gesprek te verdring en omrede deelname in die eerste plek 'n individuele aangeleentheid is.

"Want het individu trekt zich dikwijls terug in zijn eigen wereld, waarin niet alleen de intenties van de cineast verdwijnen, maar ook alle sociale verplichtingen en al de wetten van de dagelijkse logica, zodat verbeelding de vrije loop krijgt."²⁾

Hierdeur kom die lewenstyl van die gesin in die gedrang: die media kan 'n invloed uitoefen op die huiswerkroetine, die aard en tye van etes, slaaptyd, kommunikasie onderling, ensomeer. Terselfdertyd egter, toon televisie byvoorbeeld aan die gesin wie en wat hulle is. Ouergesag en dissipline word aan streng toetse onderwerp en grondliggende oorsake vir gebrekkige dissipline en ander probleme moet ook verder as die televisie gesoek word.³⁾

'n Verdere aspek van die gesagsuitoefening deur die massakommunikasiemedie hou verband met die ingesteldheid van die individu op beïnvloeding en sy vatbaarheid daarvoor. Demokrasiese beheer oor die invloedssfeer van die media in die Westerse pluralistiese samelewing blyk haas onmoontlik te wees,⁴⁾ tensy die publiek daarvoor opgevoed is. Daar is reeds skole in Brit-

1. Zweig, F. op.cit., p. 109.

2. Ahtik, V. Sociale Beplanning van de vrijetijdsbesteding, p. 4.

3. Du Toit, J.B. en Nel, E.M. Ons en Televisie, p. 25.

4. Du Toit, J.B. en Nel, E.M. op.cit., pp. 10-13.

tanje wat doelgerig in hierdie rigting werk: die kurrikulum maak voorsiening vir 'n program waarin reklametegniese bespreek word, advertensies ontleed word en 'n krities-analiserende benadering tot reklame aangemoedig word - in wese 'n reklame-weerbaarheidsprogram.

Soortgelyke onrus bestaan byvoorbeeld betreffende pornografiese materiaal. Die National Council of Juvenile Judges van die V.S.A. het reeds in 1956 tydens hul konferensie die volgende resoluëie betreffende hierdie aangeleentheid aanvaar:

"..... through their distribution to children and youth and their extensive encouragement to read them, contribute to the breakdown of the moral sense in children which today is causing an increase in juvenile delinquency throughout the nation and is often responsible for adult criminality.".¹⁾

Ten gevolge van hierdie beïnvloeding en vatbaarheid vir beïnvloeding, meen Kilpatrick, sal baie individue moontlik nooit weer hul geestes- en liggaamlike gesondheid herwin nie. Ander sal waarskynlik nooit van hierdie beïnvloeding vry wees nie.²⁾ Hulle mag wel vry wees van 'n gewete wat stelselmatig afgestomp is, maar hulle sal geestesgevangenes bly van 'n erotiese vorm van gesag wat hul lewens in 'n meerdere of mindere mate beheers.

Die laaste aspek wat onderskei word betreffende gesagsuitoefening deur die massakommunikasiemedia hou verband met die gevaar van 'n ander vorm van verslawing, naamlik dié van verslaafde deelname. Dit is skadelik wanneer dit heersend op die individu

1. Kilpatrick, J.J. The Smut Peddlers, p. 7.

2. Kilpatrick, J.J. op.cit., p. 8.

inwerk: dit oorlaai dan en verwar; dit stomp af en vergroef; dit maak die denke traag en die wil swak; dit stimuleer 'n passief-ontvanklike ingesteldheid - dit lei tot 'n "geestelijk bedelaarsleven".¹⁾

Dit moet aanvaar word dat die individu nie so direk op hierdie blootstelling reageer soos op 'n inspuiting nie. Elkeen hanteer en reageer op die media en verwerk die massa gegewens op sy eie besondere wyse volgens sy totale persoonlikheid, behoeftes en omstandighede. Dit is gevolglik slegs moontlik om tendense en gevare betreffende die invloed van die media uit te wys. Dit sou egter naïef wees om te wil glo dat daar nie grootskaalse beïnvloeding plaasvind nie.

Die beeld en voorstellings van die massakommunikasiemedie het bowenal in bepaalde situasies vir die mens werklikheidsbeeld geword: die aggressiewe gedrag, die aksent op materiële waardes en die beklemtoning van die seksuele onder meer, lei tot 'n valse werklikheidsbeeld en onrealistiese verwagtinge van die lewe.²⁾

1. Aalders, W.J. Handboek der Ethiek, p. 417.

2. Du Toit, J.B. en Nel, E.M. op.cit., pp. 10-13.

H O O F S T U K 6

DIE STADSMILIEU

1. Stedelike ontwikkelingstendense

Die probleme wat sentreer om rekreasie en die doeltreffende gebruik van vrye tyd is grotendeels eie aan die stadsmilieu, hoewel nie slegs daartoe beperk nie. Bepaalde aspekte van stedelike ontwikkeling vorm deel van die geheel van faktore wat aanleiding gee tot die vestiging van hierdie probleemgebied.

Hier is sprake van 'n stedelike revolusie wat sigself veral oor die afgelope eeu of wat in Westerse lande veral voltrek het. Die volgende syfers dui op die omvang van hierdie omwenteling in die V.S.A.

<u>Jaar</u>	<u>Persentasie van die bevolking op die platteland</u>
1850	85,0 ¹⁾
1960	17,5
1970	15,4 ²⁾

Gedurende die dekade 1960-1970 het die V.S.A. se bevolking gegroei met 15,7% terwyl die plattelandse bevolking met slegs 5,5% toegeneem het.³⁾ Dit blyk dus dat die verstedelikingsproses steeds meer veld wen in die V.S.A.

Die aard, groei en ontwikkeling van stede is afhanklik van 'n verskeidenheid faktore. Verskille in ekologie, geografie,

-
1. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 42.
 2. United States Department of Commerce and Bureau of Census, 1975, Statistical Abstract of the United States of America, p. 119.
 3. United States Department of Commerce and Bureau of Census, op. cit., p. 119.

geskiedenis, klimaat en natuurlike hulpbronne onder meer, in verskillende kombinasies, lei tot verskille tussen stedelike gebiede betreffende arbeid, struktuur, organisasie en lewenstyl. Hierdie verskille kan nie altyd gegiet word in meetbare terme nie - dit is hoofsaaklik kwalitatief van aard en hou dikwels verband met demografiese en ekonomiese gegewens. Die ooreenkomste of opvallendste uniformiteite is geleë in die mensgemaakte deel van die omgewing.¹⁾

Die snelle verstedeliking is in die eerste plek bevorder deur die veranderde en steeds veranderende aard van die arbeid. Die arbeid, soos ander ontwikkelingselemente in die stadsamelewing, bevat 'n element wat in stryd is met tradisie. Deur die proses van geografiese enersie beweeg arbeidskonsentrasie en bevolkingskonsentrasie saam: primêre industrieë lok die arbeid wat tegelyk as mark en motivering dien vir die vestiging van sekondêre industrieë. In die uiteindelijke komplekse samehang tussen stadsgemeenskap en die arbeidsituasie, dra arbeidsverdeling en meganisasie daartoe by dat die band tussen werker en die groter geheel langamerhand verlore raak: in die proses van massaproduksie en massahantering staan die werker relatief los van die behoeftes van die wat die mark verteenwoordig. Hier is dan ook prinsipieel aanwesig die neiging om van rasonale insigte gebruik te maak en om die tradisie te negeer.²⁾

Voorts loop arbeidsverdeling uit op spesialisering wat dikwels min opleiding verg en wat slegs op algemene vaardighede steun. In 'n kollektiewe sin vind sodanige spesialisering plaas in 'n

1. Anderson, N. The Urban Way of Life, pp. 108-109.

2. Mennicke, C.A. Sociale Psychologie, p. 97.

groot verskeidenheid rigtings wat afhanklik van mekaar fungeer. Oormatige spesialisering neig om uit te loop op roetine-handelinge en verveling. Ook meganisasie neig om die arbeid makliker te maak. Hoe meer gevorderd die gemeenskap se lewenstyl raak, hoe meer gebruik het hy vir meganisasie in sy werksplase, huise, vervoer en openbare dienste - selfs in sy rekreasie.¹⁾ Toenemende meganisasie laat relatief meer ruimte vir vrye tyd. Tog ten spyte van 'n positiewe sy van die eitydse arbeidsituasie, blyk dit dat die individu se bewegingsvryheid steeds meer ingeperk en sy beroepsinisiatief aan bande gelê word. Die arbeid word dus roetine en die individu word blootgestel aan 'n konstante psigologiese druk, of die teensy: 'n slaaf van die gewoonte deur 'n soort afstomping.²⁾ Dit blyk dat daar 'n toenemende wanbalans aan die ontwikkel is tussen tegniese doeltreffendheid en oorwegings rakende menswaardigheid. Revans het juis dit en die individu se reaksie daarop in gedagte wanneer hy skryf:

"Honest work has become universally unfashionable and humanity seems to be developing an allergy towards effort."³⁾

Hierdie gebrek aan inspanning en kwaliteit in die arbeid, meen Yukic, ontstaan deurdat die "fabriekstelsel" ondermynend optree teenoor die individu se ingesteldheid jeens die arbeid: die werker vind dit dikwels moeilik om homself met sy arbeid te identifiseer en dit hou negatiewe implikasies in vir sy selfbeeld.⁴⁾ 'n Konstruktiewe gebruik van die vrye tyd kan in

1. Anderson, N. op.cit., pp. 98-99.

2. Ahtik, V. Sociale Beplanning van de vrijetijdsbesteding, p. 4.

3. Revans, R.W. Culture, p. 35.

4. Yukic, T.S. op.cit., p. 48.

dié verband 'n kompenserende funksie verrig. Indien dit nie gebeur nie, is die gevaar groot dat die lewe vir die individu kan ontaard in 'n groot reëlmatige eentonigheid.

Dit is van belang om daarop te let dat die evolusie op beide die gebied van die arbeid en op dié van die stedelike ontwikkeling met mekaar verband hou, maar ook dat dit verreikende implikasies inhou vir die stedeling se lewenstyl en vir sy lewensbeskouing.

Industrialisasie en tegniese ontwikkeling hang al feitlik twee eeue lank nou saam en dit bring benewens industriële produksie en nuwe arbeidsvorme, 'n ontwikkeling ten opsigte van die vervoerorganisasie wat op sy beurt 'n verdere bydrae lewer tot bevolkingskonsentrasie en behuisingsvorme.¹⁾ Die nuwe vorme van saamwoon, veral hoë digtheidsbehuising, plaas besondere beperkinge op die individu se aktiwiteitsmoontlikhede.

Met hierdie faktor hang egter 'n verskeidenheid ander faktore saam wat elk op sy bepaalde wyse 'n bydrae lewer tot die aard en kwaliteit van die leefwêreld en lewenstyl van die stedeling. Die volgende faktore dien vermeld te word: vervoerdrukke wat dikwels dreig om veral die middestadgebied te versmoor; 'n gebrek aan doeltreffende oop ruimtes vir rekreasie; die hoë koste verbonde aan die daarstelling van opelug-rekreasieruimtes, veral in gevestigde gebiede; die lae prioriteite wat stadsbesture dikwels aan rekreasiegeriewe toeken; die gebrek aan 'n stedelike vryetydstradisie; die groot toename in die persentasie kinders en bejaardes in die bevolking²⁾ en die tendens

1. Mennicke, C.A. op.cit., p. 98.

2. Yukic, T.S. op.cit., p. 43.

in die rigting van die een-geslaggesin.¹⁾

Oor die ontwikkeling van Amerikaanse stede skryf De Grazia soos volg:

"The streets become tedious corridors. Without squares for people to gather in, a city increases the pressure to meet within houses, cuts down the range of contacts, raises the cost of a part of free-time activity by requiring it to go on in commercial, roofed-in buildings, and increases the dependence of public opinion on centralized house-penetrating means like the radio and T.V.".²⁾

Die groei van die beskawing is egter haas ondenkbaar sonder die migrasie vanaf een gebied na 'n ander. Die beweeglikheid van mense in en om die stad verteenwoordig dan ook 'n belangrike element in die eietydse stadsontwikkeling.

Daar bestaan 'n verskeidenheid moontlikhede waarom mense aangetrokke voel tot die stad; onder meer omdat dit meer en 'n groter verskeidenheid arbeidsmoontlikhede bied, as die platteland, omdat individue 'n beter bestaan in die stad visualiseer en moontlik misdeeld voel en ook omdat hulle beter onderwysgeriewe en -moontlikhede vir hul kinders in die stad sien.

Na aanleiding van hierdie migrasie vanaf die platteland na die stad, skryf Anderson die volgende:

"For most urbanization migration, the attractions and the compulsions are intermingled. For most such migrants, urbanization means a transition from one way of life to another. They

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, p. 220.

2. De Grazia, S. Of Time, Work and Leisure, pp. 166-167.

become urbanized by going to where the urban way of life is."¹⁾

Die aantreklikheid van die lewenstyl van die stad soos dit buite gevisualiseer en dikwels geïdealiseer word, hou ook verband met rekreasiemoontlikhede. Yukic meen dat rekreasië nie bloot 'n produk van verstedeliking is nie, maar dat dit 'n betreklik resente rede is vir die groei van stede.²⁾

Die stedelike lewenstyl vloei egter ook oor na en vind inslag in die platteland. In digbevolkte Europese lande soos Nederland, Denemarke en Wes-Duitsland blyk die hoofverskil tussen stad en landelike gebied geleë te wees in die aard van die arbeid; andersins blyk daar min verskil in gedrag en denke te wees.³⁾

'n Tweede vorm van migrasie wat onderskei kan word, is die beweging tussen die binnestad en die voorstede. In die V.S.A. vind voorstedelike ontwikkeling drie keer vinniger plaas as stedelike ontwikkeling.⁴⁾ In teenstelling met die beperkte ruimte en vryetydfasiliteite van die hoë digtheidskomplekse van die binnestedelike gebiede, bied die voorstedelike woongebiede groter moontlikhede vir vryetydsaktiwiteite: ruimte vir rekreasiegeleenthede, byvoorbeeld swembaddens, tennisbane en ander speelruimtes, 'n tuin of 'n werkswinkel.

Hierdie rekreasiemoontlikhede mag een van die redes wees vir die vinnige ontwikkeling van voorstedelike gebiede. Gesinne met

1. Anderson, N. op.cit., p. 96.

2. Yukic, T.S. op.cit., pp. 42-43.

3. Anderson, N. op.cit., p. 96.

4. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 102.

kinders neig juis om uit te wyk na die voorstede¹⁾ en die beweging hou waarskynlik verband met 'n groei in veral die jong gesin se sosio-ekonomiese status.

Verdere beweging vind plaas van woonplek tot woonplek en van voorstad na voorstad - onder meer omdat die ouer van werkplaas of die kind van skool verander. Hierdie vorme van groei en verandering is grootliks afwesig in landelike gebiede.²⁾, 3)

'n Derde vorm van migrasie wat kortliks genoem word, besit 'n tydelike karakter.⁴⁾ Beweeglikheid en die wil of behoefte om iewers heen te gaan vir ontspanningsdoeleindes bring mee 'n uit-tog uit die stede veral oor naweke en tydens vakansies. Stedelinge beweeg uit die massa saam met die massa om by rekreasie-orde nuwe massas te vorm. Dit blyk dan ook hieruit dat die stedeling dit moeilik vind om uit die massa te ontsnap. Hierdie vorm van migrasie veroorsaak dat vryetydsbesteding in baie gevalle sy plaaslike karakter verloor: nie slegs met die buurt van die fasiliteit moet rekening gehou word nie, maar ook met die bereikbaarheid van die fasiliteit vanaf die wyer omgewing. Die motelbedryf van die V.S.A. byvoorbeeld, wat 5% van die verbruikersbesteding absorbeer, weerspieël die omvang van die reis-en vakansie-industrie.⁵⁾

Beskikbare tyd, die welvaart en vervoergeriewe dra onder meer by tot beweging en migrasie in en om die stad. Dit bemoontlik

-
1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 220.
 2. Anderson, N. op.cit., p. 102.
 3. Hatt, P.K. en Reiss, A.J. Cities and Society, pp. 18-19.
 4. Van Mechelen, F. 180 dagen arbeid - 180 dagen vrije tijd, p. 41.
 5. Yukic, T.S. op.cit., p. 51.

nie slegs 'n groter mate van mobiliteit nie, maar dit stel ook individue in staat om vinniger en verder te beweeg.¹⁾ Hierdeur verkry die stad ook 'n tydsperspektief, naamlik dat afstand in tydsterme gemeet word.

Waar die eerste industriële periode gekenmerk is deur 'n hoë mate van mobiliteit wat gekonsentreer het om die arbeidsfaktor, beweeg die Westerling toenemend in die rigting van 'n mobiliteit wat hoofsaaklik op die vryetydsektor ingestem is.²⁾

2. Vrye tyd in die stadsmilieu

Vanuit die groot verskeidenheid eienskappe wat op direkte of indirekte wyse die stedelike leefruimte kenmerk en wat 'n primêre invloed uitoefen op die individu se vryetydsmoontlikhede en op sy lewenstyl, word die volgende vyf eienskappe genoem:

- * Die stad huisves 'n groot verskeidenheid individue betreffende ouderdom, inkomste, ras, aspirasies, persoonlikheid, onderwysvlak en enige ander faktore wat smaak en graad van rusteloosheid of stabiliteit beïnvloed. Dit lei tot 'n verskeidenheid belangstellings en behoeftes, gehore, luisteraars, kykers, toeskouers en deelnemers.
- * Uit bogenoemde vloei 'n verskeidenheid fasiliteite voort wat gekenmerk word deur spesialisering binne elke gebied. Die organisasie en aanbieding van aktiwiteite wat met hierdie fasiliteite verband hou, bied self vryetydsmoontlikhede enersyds en arbeidsmoontlikhede andersyds.

1. Brightbill, C.K. Man and Leisure, pp. 53-54.

2. Van Mechelen, F. op.cit., p. 41.

- * Die stad dien voorts as brug, ook vir vryetydsdoeleindes, na die buitewêreld via die groot bevolking en wel op die volgende wyses:

- (i) deur die moontlikheid wat dit bied vir toegang tot relatief vreemde gedragstyle deur die verskeidenheid individue wat dit huisves;
- (ii) deur die teenwoordigheid van besoekers; en
- (iii) deur die relatiewe toegang tot wêreldbeelde via die massamedia.

In hierdie sin is die stadsgemeenskap veel meer as bloot 'n "stoorplek": dit dien ook as skakel met die samelewing as geheel.

- * Die stad verteenwoordig ook die hart en siel van "lewe" en "opwinding" waardeur veral jeugdiges aangetrek word; maar, meen Kaplan, "when translated into noise, traffic and confusion, this drives them out in middle age."¹⁾
- * Die stadsmilieu neig voorts om die individu te vervreem van die natuur. In kollektiewe verband gesien, bestee die eietydse Amerikaner besonder min van sy vrye tyd aan 'n soeke na natuurwaarhede - 'n faktor wat nadelig inwerk op kulturele en geestelike waardes.²⁾

Hierdie eienskappe, onder meer, tree rigtingbepalend op betrefende die individu se aanpassing in die stadsamelewing. Saam

1. Kaplan, Max. Leisure, pp. 242-246.

2. Lewis, O. Further observation on the Folk-Urban Continuum and Urbanization, p. 126.

hiermee moet rekening gehou word met die feit dat sommige individue in die stad is maar nie van die stad nie, terwyl ander nie permanent in die stad woon nie, maar tog wel van die stad is.

Omdat vryetydsbesteding in hoofsaak sosiale aktiwiteit behels deurdat dit meestal uitgevoer word saam met, in die teenwoordigheid van of met die oog op die medemens, is dit belangrik om 'n nadere blik te kry op die individu se verhouding tot en met die medemens in die stadsgemeenskap.

Waar die begrip "gemeenskap" in die tradisionele sin verwys na 'n relatiewe gemeenskaplikheid tussen individue binne dieselfde geografiese omgewing betreffende hul lewenstyl, met inbegrip van geldende norme en waardes, verwys dit in stedelike verband primêr na die fisiese, in hoofsaak mensgemaakte, leefruimte en die organisasie daarvan as gemene faktor. Waar die klem dus tradisioneel op saam-belewing val, val dit in stedelike sin eerder op same-lewing.

Sosiale aktiwiteit as komponent van die individu se lewenstyl is nie 'n massaverskynsel nie maar kom in hoofsaak voor in kleingroepverband: binne die gesins- en familiekring, binne die buurt, die kerkgroep, binne formele en informele groepe insluitende subkultuurgroepe, ensomeer.¹⁾

Veralgemenings betreffende die aard van die lewenstyl in die stad waarby sosiale aktiwiteit en vryetydsbedrywighede ingesluit is, moet om verskillende redes met omsigtigheid hanteer word.

1. Pahl, R.E. Whose City? p. 99.

Moderne stedelike vervoer stel baie individue in staat om uit die arbeidsgroep uit te beweeg na die outonomie van hul persoonlike situasie of om minder gebonde te wees aan die sosiale invloede van die gesin of die buurt. Individue in 'n lae sosio-ekonomiese vlak, onder meer, besit dikwels nie die middele of het nie die geleentheid hiertoe nie. In so-danige gevalle kan die buurt homself op die individu af-dwing.¹⁾

Die vorm, grootte en stabiliteit van behuising is 'n verdere faktor wat die lewenstyl raak en wat lei tot buurtverskille.²⁾ Baie nou verwant hieraan is die sosiale rangstand en die inkom-stevlak van die individu.³⁾

Die stedelike bevolking neig om hom geografies te versprei in buurte met uiteenlopende kenmerke: die hoër sosio-ekonomiese groepe neig om hulle op die periferie van die stad te vestig, terwyl die laer sosio-ekonomiese groepe neig om te konsentreer in die ouer, dikwels vervalde buurte, naby die middestad. Hierdie stadsbuurte is nie noodwendig stabiel nie; dit word geraak deur onder meer voortdurende verskuiwings van gesinne; die ontvolking van 'n buurt wat kinders betref; 'n toename in die getal bejaardes en die herontwikkeling van vervalde buurte wat individue in die laer sosio-ekonomiese kategorie uitdryf.

Die beweging binne woonbuurte en veranderinge in die aard van woonbuurte neig om fundamentele gemeenskapsverhoudinge te ondermyn, insluitende dié rakende bure, buurtaangeleenthede, lojaliteit teenoor standarde en gebruike van die omgewing en

-
1. Lewis, O. op.cit., p. 130.
 2. Wippler, R. Sociale Determinanten van het Vrijetijds-gedrag, p. 129.
 3. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 235.

weerstand teen ongewenste invloede of kragte. In buurte waarbinne grootskaalse beweging plaasvind, sukkel instellings soos die kerk, skool en burgerlike organisasies om 'n stempel op die buurt af te druk: die vitale kragte eie aan die gemeenskap of buurtskap raak in 'n wisselende mate verlore.¹⁾

Saam met hierdie groter fisiese mobiliteit het die sosiale mobiliteit van die stadslewe bygedra tot die feit dat lokale instellings hul vroeëre beheer oor vryetydsaangeleenthede ontnem is. As faset van toenemende formalisering van die lewe moet onder meer die gesin, skool en kerk nou meeding met massarekreasie.²⁾

'n Relatief nuwe ontwikkeling op hierdie gebied wat vinnig besig is om veld te wen in die V.S.A., maar ook in ander Westerse lande, is die vestiging van gemeenskap- of burgersentrums.³⁾ Hierdie sentrums is die feitlik natuurlike toevoeging tot die voorstedelike koopsentrum en is ingestel op die voorsiening van vryetydsfasiliteite - in hoofsaak op kommersiële basis. In lande soos die V.S.A., Brittanje, Duitsland, Frankryk, Nederland en België is 'n sterk rekreasie-professie aan die ontwikkel, bestaande in baie gevalle uit universiteitsopgeleide individue wie se taak dit is om gemeenskapsrekreasie te beplan, te koördineer en te administreer met die oog op maksimum benutting van beskikbare fasiliteite.

In historiese perspektief gesien het stedelike ontwikkeling nie tred gehou met die inwoners se vryetydsbehoefte nie. Dit het

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 241.

2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 239.

3. Johnson, E.H. Social Problems of Urban Man, pp. 71-72.

dan gelei tot 'n situasie wat Kaplan soos volg saamvat:

"Cities are growing in number and size, with subcommunities, differentiated economically and socially, with a high degree of congestion and critical slum conditions in some central areas, and with magnified problems of space, facilities, and opportunities for recreation in all areas."¹⁾

Die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid individue en instansies²⁾ uit verskillende agtergronde en met verskillende lewensbeskouings benadeel voorts die werking van informele kontroles of gesagsinvloede wat steun op oorrading en gewoonte om individue te motiveer om op te tree in belang van die groep. Die groter mate van kontak na buite maak byvoorbeeld die invloed van die gesin en die buurt minder dominant.³⁾

Dit blyk dat die uitlewing van sluimerende waardes hierdeur bevorder word. Volgens Young se siening is die gemeenskap nie alleen horisontaal nie, maar ook vertikaal in lae verdeel; is daar 'n fundamentele teenstelling te bespeur dwarsdeur die waardestelsels van al die lede van die gemeenskap. Langs die amptelike waardes van die samelewing bestaan daar 'n tweede stel: die sluimerende waardes. 'n Voorbeeld hiervan is die soeke na opwinding: die samelewing neig juis om ingestelde tye te voorsien waartydens hierdie waardes na vore tree - vakansies, feesgeleenthede en sport. Dan word die sluimerende

1. Kaplan, Max. op.cit., p. 37.

2. Anderson, N. op.cit., p. 69.

3. Yukic, T.S. op.cit., p. 45.

waardes uitgeleef eerder as die reëls wat alledaags geld, byvoorbeeld:

- * uitgestelde gratifikasie - korttermyn hedonisme
 - * beplanning van optrede - spontaneïteit
 - * onderskraging van burokratiese reëls - ego-ekspressiwiteit
 - * roetine - nuwe aktiwiteit, opwinding
 - * harde, produktiewe werk
- beskou as 'n deug - afkeur van werk.¹⁾

Die gevaar bestaan vir die toekoms dat deur die verswakking van stedelike gesagsinvloede, deur 'n toename in vrye tyd en 'n toename in die rol wat sport speel, die uitlewing van hierdie sluimerende waardes meer alledaags kan word - vir sommige individue selfs die norm kan verteenwoordig.

3. Stadsmilieu en stedeling

Daar is melding gemaak van die aanloklikheid van die stad vir minstens 'n deel van die landelike bevolking. Die stedelike invloed op die landelike omgewing is egter meer ingrypend in die digbevolkte tegnologies-georiënteerde lande. Sommige Europese lande is reeds in die verband genoem. Die telefoon, motor, elektrisiteit, radio en televisie, rolprente en snelweë dra almal daartoe by om die landelike lewe te omvorm.

Die boer is byvoorbeeld blootgestel aan die ekonomiese kragte van die stad: hy is in 'n sin afhanklik van die verspreiders en verwerkers van sy produkte en is blootgestel aan prysskommelings en kopersweerstande. Hy leun ook swaar op arbeid wat

1. Young, J. The Drugtakers, pp. 125-126.

onder stedelike invloed al hoe duurder word. Die boerdery-bedryf raak toenemend gekommersialiseerd en gespesialiseerd.

Hierdie stedelike invloed word ook gedra deur diegene wat uitwyk uit die stede, wat in die semi-platteland woon en in die stede werk en wat dusdoende die stedelike lewenstyl na die platteland bring.^{1), 2)} Dit verteenwoordig 'n nie-migrasie-element in verstedeliking: die lewenstyl kom na die individu toe wat nie in 'n stedelike omgewing woon nie. In hierdie sin is verstedeliking uitwaartsbewegend.

Hieruit volg dan dat 'n besinning oor die aard en invloed van die stadsomgewing noodwendig ook raakpunte sal hê met die landelike omgewing.

3.1 Atomisering

Die stad neig om die individu se enkelingskap na vore te dwing: hy gaan mank aan verhoudinge met die medemens wat hom ken, 'n sekere soort waardering vir hom het en met wie hy deur gemeenskaplike herinneringe, opvattinge en gewoontes gebonde is sodat hy in elke opsig 'n heel bepaalde vormkrag van die gemeenskap ondergaan. Hy staan as enkeling te midde van 'n massa prinsipieel gelyksoortiges. Daar bestaan natuurlik wel verskille wat elk in die ander waarneem, maar die stad as samewoningsvorm slaan nie ag hierop nie. Onderlinge kontak selfs tussen bure ontbreek grootliks en van 'n gemeenskapsbewussyn is daar haas geen sprake nie. Onderlinge gesellige verkeer met kennisse vind tog plaas maar dit ontbreek aan 'n deurlopende patroon.

-
1. Miller, N.P., en Robinson, D.M. op.cit., pp. 226-229.
 2. Clinard, M.B. Urbanization, pp. 310-317.

Mennicke beskryf die situasie van die stedeling soos volg:

"Als atoom koopt of krygt hij een courant, als atoom gaat hij een winkel of een restaurant binnen, als atoom stapt hij in de tram en als atoom let hij op het verkeersein; als atoom word hij door de reclame toegesproken, als atoom loopt hij naar een vergadering toe, als atoom wordt hij uitgenodigd om aan alle mogelijke gemakkelikheden deel te nemen en als atoom slaat hij een incident gade, dat ergens plaats vindt."¹⁾

In die stadslewe is die individu in hoofsaak anoniem en los van tradisionele lojaliteite en groepe. Sy eie identiteit en status is selde anders as individueel.²⁾ Hy word vanuit die stad in hoofsaak in massaverband gesien en as deel van die massa waardeer. Die atomisering wat die stedeling ondergaan, beteken in 'n sekere sin massavorming: hoe groter die massa word, met ander woorde hoe meer individue hulle laat behandel as gelyksoortige deel van die groot massa, hoe groter die tevredenheid van die administratiewe instansie van die stad: hoe sterker is die gevoel dat die doel bereik is, naamlik uitbouing en konsentrasie.³⁾

Miller sien die situasie so:

"There is a critical need in the community for constructive forces that will strive to provide the opportunities for release and relaxation from some of the stresses and strains

1. Mennicke, C.A. op.cit., pp. 99-101.

2. Anderson, N. op.cit., pp. 100-101.

3. Mennicke, C.A. op.cit., pp. 101-102.

of these conditions, to allow people to come together in pleasurable association during their leisure time, for companionship, for recreational enjoyment together."¹⁾

3.2 Massifikasie

Met die opkoms van die tegnologie, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, is onder meer die V.S.A. gekonfronteer met die besondere probleme van die "massa-samelewing"²⁾ wat in intensiteit en in omvang steeds toeneem. Hierdie samelewing het gegroei uit die massifisering van verbruik, kultuur en vryetydsgebruik. In 'n bepaalde sin word die massa- of stedelike gemeenskap gekenmerk deur 'n sterk uniformiteit en homogeniteit; dit besit 'n eie lewenstyl en word onder meer gekenmerk deur die voortbrenging van 'n stereotipe individu.³⁾ Onder invloed van baie fasette van die massagemeenskap kan onder meer sy sosialisering, gedragspatrone, koopgiere, eetgewoontes en vryetydsbesteding deur samelewingskragte gemanipuleer word.

Die massamens, of beter gestel, die gemassifiseerde mens,⁴⁾ is 'n individu wat nie slegs noodgedwonge 'n groot deel van sy tyd aan die massasituasie blootgestel is nie, maar wat homself ook tuis voel in die massasituasie; wat bewustelik of onbewustelik van sy selfbeskikking afgesien het en wat homself aan die anonieme lewenstroming en aan die massabefnvloeding oorgegee het. Hy werk in die massabedryf met sy gelykmakende tendense;

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op.cit., p. 236.

2. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, pp. 48-49.

3. Yukic, J. op.cit., pp. 48-49.

4. Haring, B. De spanning tussen godsdienste en samelewing, pp. 138-139.

hy bevind hom nie slegs in die drukte en die gedrang van die naamlose massa in die strate en in vervoermiddele van die stad nie, maar hy bestee ook sy vrye tyd aan vermaak wat op die groot massa afgestem is. Hierdie massa-psigologiese ervaring toon hoe geredelik die massa homself laat vervoer, los van enige redelike verantwoording.¹⁾

Wijffels skryf voorts:

"De onverwoekering van de heldere rationele cultuurfactoren door onklare irrationele en troebele emotionele krachten in het leven der massas is een van de duidelijkste manifestaties van die cultuurcrises die wij beleven."²⁾

3.3 Egalisering en sensasie

Die stedeling verkry daagliks nuwe indrukke en word gedwing om op steeds meer prikkels te reageer. Dit gee daartoe aanleiding dat hy ontvanklik moet wees vir prikkels; dat hy beweeglik moet word om in soveel dinge en gebeure moontlik deel te hê. Diegene wat nie ontvanklik genoeg is nie, bly agter. Hierdie gebeure spruit voort uit die struktuur van die stad en op die duur kan geen stedeling geheel en al daarvan ontkom nie.

Mennicke onderskei twee gevolge wat hieruit voortvloei. Eerstens lei dit onvermydelik tot 'n besondere soort oppervlakkigheid. Daar is wel diegene wat hierdie rykdom aan prikkels kan inspan om 'n ryk en innerlik besonder onafhanklike geestelike lewe te verkry, maar hulle is in die minderheid. Dit

1. Wijffels, A.H.M. Massa-ontspanning in de Vrijetijdsbesteding, p. 26.

2. Wijffels, A.H.W. op.cit., p. 26.

gaan hier om die groot meerderheid wat nie uit individuele innerlike krag leef nie, maar eerder uit die sosiologiese invloede.

As tweede gevolg noem hy die feit dat die groeiende ontvanklikheid vir prikkels lei tot 'n ongevoeligheid: die gewone prikkels beteken op die duur min. Die gevolglike noodsaaklikheid om die prikkels immer te versterk kom dus weereens uit die struktuur van die stad voort.¹⁾

Die sensasiewekkende prikkels moet nie alleen sterk wees nie, maar moet ook op soveel individue moontlik inwerk. Dit is juis die oogmerk dat die sensasionele die stryd met ander prikkels moet wen - die aandag van verreweg die meeste individue moet trek. En dit kan natuurlik alleen suksesvol plaasvind nadat die egaliseringsproses voltrek is.²⁾

In hierdie egaliseringsproses is die effektiëste "opvoeders" die vryetydsindustrie, hoewel alle industrieë hierby betrokke is. Die industrieë wat in die individu se sosiale en vryetydsbehoefte voorsien, is besonder effektiëf in hul beïnvloeding van die massa betreffende hoe hulle moet aantrek en hulself moet versier, hoe hulle hul huise moet inrig en hoe hulle hul vrye tyd moet aanwend. Hierdie beïnvloeding beweeg van stad na agterland maar ook van stad na stad.³⁾

Dit is dan kenmerkend van die stadsmens oor die algemeen dat hy honger na sensasie:

-
1. Mennicke, C.A. op.cit., pp. 103-104.
 2. Mennicke, C.A. op.cit., pp. 103-105.
 3. Anderson, N. op.cit., pp. 109-110.

"Het maakt daarbij voor de massamens niet veel uit, van welke kant het sensationele hem geboden wordt. Zijn massa-instinct wijst hem met zekerheid de weg die de grote hoop gaat."¹⁾

Voorts lok die vatbaarheid vir sensasie ook die strewe om sensasie op te wek wat in 'n toenemende mate die aangewese moontlikheid word om die selfgeldingsdrang te bevredig. Die bevrediging wat in prestasie of in die arbeid self geleë is, moet afneem onder omstandighede wat dit vir die individu moeilik maak om tot innerlike besinning, tot konsentrasie en tot selfstandigheid te kom. Die terrein wat hom by uitstek leen tot die opwekking van sensasie is sport. Dit blyk uit die belangstelling daarin onder alle lae van die bevolking.²⁾

Die rol van geld en materiële besit in die eietydse maatskappy hang op 'n natuurlike wyse saam met die tegnologiese en industriële ontwikkeling. Die verskil tussen arm en ryk behou nie alleen sy betekenis nie, maar word selfs groter en skerper. In die breë gesien word geld - en hierdie tendens besit 'n onweerstaanbare invloedskrag - toenemend 'n gemeenskaplike noemer waarop die lewensinhoud van individue gebring kan word. Dit is ook in hierdie sin dat sensasie verdere betekenis verkry.

3.4 Distansiëring

Die hoë bevolkingsdigtheid van die stad ondermyn die gevoel van persoonlike identiteit. Die gemeenskaplike emosies wat bioskoopgangers byvoorbeeld ervaar, disintegreer tot onpersoonlikheid en anonimiteit sodra die rolprent verby is. Hierdie

1. Haring, B. op.cit., p. 139.

2. Mennicke, C.A. op.cit., p. 106.

afstandsbelewing wat verlies aan identiteit insluit, verklaar deels waarom buitensporige aandag aan akteurs, televisiepersoonlikhede, sportlui en soortgelyke kulturele "helde" gewy word.

Die klagte word dikwels teen stedelinge ingebring dat hulle nie aktiewe belangstelling toon in openbare aangeleenthede nie en dat die gebrek aan deelname die demokratiese stelsel ondermyn. Hierdie gebrek aan deelname impliseer dat in teenstelling met tradisioneel landelike gemeenskappe, die stad vryheid bied om op minimale skaal betrokke te raak. Die stedeling verweer homself juis teen die veelvuldigheid van gebeure en morele oordele wat binne die heterogene gemeenskap op sy pad lê, deur 'n selektiewe sensitiwiteit teenoor sy leefwêreld te ontwikkel - in 'n bepaalde sin 'n nuuskierige afsydigheid. Hy onttrek sy aandag aan die meerderheid mense, dinge en gebeure om hom op 'n wyse wat met gesigsinkrimping vergelyk kan word. Sy selektiewe sensitiwiteit isoleer hom van die volle trefkrag van die verwarring van oordele en die bombardement van prikkels en gebeure beskikbaar vir waarneming. Dit verklaar moontlik ook minstens deels die oënskynlike onverskilligheid van die stedeling betreffende die sigbare nood van ander om hom.¹⁾

Stadslewe en 'n verstedelikingspatroon weerspieël besondere omstandighede en toestande waarin individue neig om hetero-geen, anoniem en geïsoleerd te wees. Hierdie onpersoonlike verhoudings of sekondêre kontakte neig om formeel en kunsmatig van aard te wees en om oor te vloei na die verhouding

1. Johnson, E.H. op.cit., pp. 71-72.

met en ingesteldheid teenoor samelewingsinstellings soos die skool, die kerk en plaaslike besture. Dit dra ook by tot 'n groter mate van differensiëring in die stadsamelewing tussen openbare en persoonlike krisissituasies in teenstelling met die tradisioneel minder gedifferensieerde samelewings.¹⁾

Reaksies op openbare krisissituasies in die stad toon volgens Elias die volgende tendens:

"The equivalent in these societies (large scale industrial societies), fluctuations of economic slumps and prosperity, are, by comparison, distant and impersonal. The fluctuations of feelings, the sorrows and the joys connected with them are in a different key. They have the character of comparatively long and slow and low waves in the climate of opinion."²⁾

In die persoonlike sfeer moet groot vrees en groot vreugde, groot haat en groot liefde, getemper word in die uiterlike verskyningsvorm. Om as normaal bestempel te kan word, word van die volwassene in die stadsameling verwag dat hy sy emosies betyds binne sekere perke sal damp: "Often enough, they are no longer able to show it. The control they exercise upon themselves has become, in part, automatic. The control - in part - is no longer under their control."³⁾

Die waarneembare emosiedrumpel is as't ware hoog gestel. Hierdie tendens is kenmerkend van veral die arbeidsituasie, maar dit is allermens van die vrye tyd uitgesluit.

1. Yukic, T.S. op.cit., p. 44.

2. Elias, N. en Dunning, E. The quest for excitement in unexciting societies, p. 1.

3. Elias, N. en Dunning, E. op. cit., p. 2.

'n Verdere uitvloeisel van hierdie distansiëring met sy gepaardgaande aksent op sekondêre kontakte in die stadsamelewing is sosiale verdraagsaamheid.¹⁾ Die stedeling leer 'n groot verskeidenheid gedraginge ken wat die wydte van die skaal beïnvloed waarvolgens hy gedrag evalueer. Dit beteken egter nie dat hy alles goedkeur wat hy waarneem nie, maar die besef dat hy geen sosiale beheer het oor die optrede van mense om hom nie, mag lei tot 'n aanvaarding daarvan of tot 'n neutrale houding daarteenoor - mits die gedrag nie te radikaal is nie. Hierdie sosiale verdraagsaamheid van die stad bied dus aan die stedeling groter gedragsvryheid en omdat hy in hoofsaak anoniem is, kan hy dit waag om op buitengewone wyse te handel - 'n faktor wat soms aanleiding gee tot uitspattige gedrag.²⁾

Hierdie distansiëring of afstandsontwikkeling wat plaasvind tussen die individu en sy medemens kan ten slotte deur die volgende vyf eienskappe omlyn word:

* 'n Gevoel van magteloosheid.

Daar ontstaan by die individu 'n verwagting dat sy eie gedrag nie die resultaat kan bepaal of bereik waarna hy streef nie.

* Betekenisloosheid.

Hierdie gevoel beklemtoon die onsekerheid van die individu betreffende dit wat hy behoort te glo. Dit hou ook verband met die onvoorspelbaarheid van die toekoms.

1. Hatt, P.K. en Reiss, A.J. op.cit., pp. 18-19.

2. Hatt, P.K. en Reiss, A.J. op.cit., pp. 18-19.

* Isolاسie.

Dit dui op 'n gevoel van loswees van die samelewing.

Voorts kan dit kommer insluit oor die verdringing van die hoër kultuur deur die massakommunikasiemedia.

* Self-vervreemding.

Die individu kry die gevoel van vreemdelingskap in sy leefwêreld deurdat hy nie altyd inpas of tuisvoel in die rol wat hy moet speel nie. Dit geld vir beide die arbeids- en vryetydsituasies. Hy doen dikwels mee om die vergoeding te ontvang wat buite hierdie aktiwiteite geleë is.

* Normloosheid.

Hierdie afstandson ontwikkeling word laastens gekenmerk deur 'n verlies aan effektiwiteit van sosiale norme - norme wat dikwels vaag gedefinieer is en wat nie steun op grondwaardes nie; deur 'n die-doel-heilig-die-middele-houding.¹⁾

3.5 Lewenstyl

Daar is twee aspekte van die lewenstyl wat hier van belang is, te wete die rolle van die individu en die streefwaardes wat hieruit te voorskyn tree.

Elke individu leef in 'n verskeidenheid rolle. Die kind, byvoorbeeld, wissel van die rol van seun of dogter na dié van broer of suster, na leerling met betrekking tot die onderwyser en vriend met sy maats. Die volwassene se rolle is groter in verskeidenheid en ook ingewikkelder van aard.

1. Johnson, E.H. op.cit., pp. 33-34.

Die stadsituasie vergroot die skeiding tussen rolle aangesien hierdie rolle nie in die klein en intieme verband van 'n homogene gemeenskap neerslag vind nie. Die stedeling ondervind dus groter las om sy rolle te integreer en aangesien baie van hierdie rolle direk verband hou met persoonlike verhoudinge, is dit maklik om uiteenlopende style te ontwikkel vir verskillende rolle.

'n Groot gedeelte van die stedeling se kontakte is voorts anoniem van aard en word nie gevorm deur rolverwagtinge nie: in dié sin dat niemand wat vir die individu belangrik is en wie se verwagtinge sy gedrag mag beïnvloed, teenwoordig is nie. 'n Vreemdeling in nood word byvoorbeeld nie geredelik gehelp nie omdat hy onbekend is - amper nie van betekenis is nie.^{1), 2)} Hierdie verskynsel hou voorts ook verband met die feit dat dit waarin die stedeling glo, neig om belangriker te wees as dit wat hy doen.³⁾

Die tweede aspek van die lewenstyl wat melding verdien, is die feit dat die individu se streefwaardes in die reël oorheers word deur die materiële. Revans wys byvoorbeeld op ondersoeke wat bevind het dat Britse werkers feitlik deurgaans voel dat hulle onderbetaal word en dat dit gewoonlik beteken dat hulle voel dat hulle meer verbruikersgoedere verdien soos motors, yskaste en wasmasjiene.⁴⁾ In werklikheid kom dit neer op 'n stryd tussen werker en werkgever betreffende die

-
1. Hatt, P.K. en Reiss, A.J. op.cit., pp. 18-19.
 2. Revans, R.W. op.cit., p. 427.
 3. Miller, H.L. en Woock, R.R. Social Foundations of urban education, p. 5.
 4. Revans, R.W. op.cit., p. 36.

verkryging van maksimum inkomste. Die versadigingspunt van die behoeftes sal nooit bereik word nie want naas die objektiewe behoeftes kom daar 'n steeds groter uiteenlopende, dringende reeks subjektiewe behoeftes wat veral verband hou met die vrye tyd en wat versin, aangedik of aan die lewe gehou word deur die reklame.¹⁾ Hierdie materiële komponent van die stedeling se streefwaardes verteenwoordig tegelyk ook 'n feitlik kompulsiewe aspek van sy lewenstyl.

3.6 Grondwaardes

'n Algemene miskenning van tradisionele grondwaardes is te bespeur, nie slegs betreffende die aard en doel van die samelewing as geheel nie, maar ook betreffende sy instellings in die besonder. Dit word deur baie aanvaar, meen Revans, dat daar byvoorbeeld min sin in is om die taak van die kerk te bespreek aangesien min individue, veral in die stad, hul vandag daartoe wend.²⁾ Gevolglik word primitiewe onwetendheid op godsdienstige gebied nie meer as 'n gebrek aan ontwikkeling beoordeel nie.

Die tegniek wat 'n besondere bydrae sou kon lewer tot die verruiming van die geestesontwikkeling van die mens, "heeft voor een deel de ware menselijke geestesbeschaving geabsorbeerd."³⁾ Die tradisionele Westerse waardes wat gefundeer is in die Christelike geloof, blyk steeds in 'n toenemende mate in die stedelike opset verdring te word deur oppervlakkige, materiële streefwaardes en deur pragmatiese stellingnames. Die gesag

1. Janne, H. Arbeidmoraal, p. 15.

2. Revans, R.W. op.cit., p. 56.

3. Haring, B. op.cit., p. 146.

wat dus uit die religieuse waardes spreek, word vervang deur 'n kollektiewe, feitlik anonieme gesag.

Die vryetydsindustrie, byvoorbeeld, het ook op die Sondag beslag gelê en die kerk as't ware gedwing om mee te ding, toegewings te maak en die stryd selfs gewonne te gee. Yukic skryf in hierdie verband:

"Material developments have molded every phase of American life including religion and the use of leisure."¹⁾

Voorts bring die moderne demokrasie die ontwikkelde gemassifiseerde mens, vir wie die egte geestesontwikkeling en insig in die groot lewensprobleme in hoofsaak ontwyk, in die waan dat hy bevoeg is om oor alle kwessies te oordeel.²⁾ Die dikwels onstabiele waarde-oordele spruit geredelik voort uit van-buitere bepaalde invloede eerder as uit innerlik-verwerkte grondwaardes of uit 'n duidelik-geartikuleerde lewens- en wêreldbeskouing.

3.7 Geweld, verzet en gesag

Die samelewing was nog nooit vry van geweld nie maar die mate van geweld wat vandag veral die stedeling omring, hou 'n uitdaging in vir die huidige beskawing. Enkele voorbeelde hiervan spreek uit die agenda van 'n simposium van The Centre for the study of Contemporary Civilization getiteld Violence in the World Today, Universiteit van Nice, 1968: spanninge en verwarring in die eietydse humanisme; geweld en moreel; terrorisme en psigologiese geweld; die teater, literatuur,

1. Yukic, T.S. op.cit., p. 56.

2. Haring, B. op.cit., p. 148.

die rolprent; televisie; sosiale konflikte; die Derde Wêreld; atoomwapens; internasionale geweld.¹⁾

Benewens hierdie wrede, intimiderende en opsienbarende vorme van geweld, onderskei Jean Onimus ook 'n andersoortige, minder opvallende, dog moontlik gevaarliker, vorm van geweld, naamlik dié van indoktrinasie en geestelike omvorming. Hierdie vorm van geweld trag om die individu deur die vriendelike en kuns-sinnige aansien in 'n onsigbare kokon toe te spin:

"Wanneer iemand onervaren, onaangepast aan het ingewikkelde leefklimaat word overspoeld met klemmende beroepen op zijn onderbewuste sowel as zijn bewuste natuur, op idealen sowel as op zijn instinkten, word hij een werktuig, alhoewel hij denkt dat hij in vrijheid kiest. Dit interne geweld word nauwelijks gevoeld. Toch schaaft het veel erger, want het overmeestert mensen en legt beslag op hun welwillendheid. Je er tegen beschermen vraagt om een zekere mate van immuniteit en doorlopende waakzaamheid, die de capaciteiten van de meeste mensen te boven gaat."²⁾

Hierdie indoktrinasie en geestelike omvorming waarby kondisionering inbegrepe is; die situasie van die individu in die digbevolkte stadsleefwêreld en die beperkte moontlikhede om daarvan te ontsnap, dra onder meer by tot 'n versnelde lewenstempo met 'n gepaardgaande toename in beperkende reëls waarmee die individu rekening moet hou. Hierdie omstandighede versterk op

-
1. Hicter, M. Algemene Analyse van een "Youth-Sick-World" in Inspraak van de Jeugd in de Huidige Maatschappij, p. 9.
 2. Ominus, Jean, aangehaal deur Hicter, M. op. cit., p. 10.

hul beurt die tendens, hetsy na 'n uiterste passiwiteit in die vorm van òf onttrekking òf oorgawe, hetsy na 'n konflik met die sosiale norme: 'n verset teen die konformistiese dwang. Tog rig die vryetydsbesteding en die arbeid in die tegnologiese samelewing sigself toenemend tot aanvaarde sosio-kulturele modelle. Die druk in die rigting van die konformisme word steeds sterker.¹⁾

Die verskillende vorme van openlike geweld en verset blyk grootliks simptome te wees van 'n oormatige gesagsbelewing wat sy oorsprong vind in beide die vrye tyd en die arbeid. Dit is dikwels 'n reaksie op die onsigbare geweld waaraan die individu blootgestel word deurdat hy bewustelik of onbewustelik ervaar dat sy individualiteit en menswaardigheid geweld aangedoen word.

Daar bestaan geleenthede, onder meer in die huislike kring, in die buurt, in die vryetydsituasie en in die arbeid, wanneer die individu geestelike en fisiese beweegruimte begeer. Die individu het 'n behoefte aan persoonlike en spontane self-onthulling en -ontdekking.²⁾ Die gesag wat deur 'n oneindige reeks beperkende faktore en reëls tot die individu spreek, raak dikwels oorweldigend en die verset wat voortspruit uit hierdie swak gedefinieerde gesagsgeheel, tree dikwels op onverwagte wyses in onverwagte situasies na vore: agter die motor se stuur, in die gesinsituasie, teenoor die skool, kerk en ander samelewingsinstellings, in die arbeidsituasie - selfs op die sportveld.

1. Ahtik, V. op. cit., pp. 4-6.

2. Revans, R.W. op. cit., p. 29.

4. Oriëntering in die stadsmilieu

In hierdie verband val veral twee probleemgebiede op. Die eerste gebied raak die geestesgesondheid van die individu.

Die groot toename in die voorkoms van geestesiektes en geestesafwykinge word grootliks toegeskryf aan die invloed van die stedelike samelewingsinhoud. Yukic meen dat Amerikaners, byvoorbeeld, blootgestel is aan sosiale druk, persoonlike probleme en geestesspanninge wat begeleidende verskynsels is van 'n intensief geïndustrialiseerde, stedelike samelewing. Hy verwys onder meer na 'n aantal moderne verbandhoudende invloede. Hy noem eerstens die gejaagde lewenstempo en angs wat voortspruit uit 'n strakke lewenstyl en arbeidsituasie en wat moontlik nie voldoende ontladings en kompensasies bevat nie. Onder tipiese spanninge onderskei hy werkloosheid, gebrekkige ekonomiese sekuriteit, 'n disintegreerling van standaarde betreffende die sosiale en institusionele lewe, 'n afname in die positiewe invloed van die gesin en die buurt en 'n hoë voorkoms van onsedelikheid, misdadigheid en selfmoord. 'n Groot deel van hierdie agteruitgang, meen hy, val saam met swak lewensomstandighede - 'n komponent van die industriële stadsamelewing.¹⁾

Die tweede probleemgebied raak die individu se situasie binne die stadgemeenskap. In die lig van wat reeds in hierdie verband genoem is, blyk dit dat stedelinge neig om los van mekaar te leef: hul lewenstyl gaan mank aan onderlinge kommunikasie, aan erkenning vir mekaar se waarde en bydraes tot die samelewing,

1. Yukic, T.S. op. cit., p. 45.

en aan gevoel vir mekaar veral in noodsituasies - elemente wat 'n fundamentele bydrae lewer tot die ordelike verloop binne die samelewing. Dit is met ander woorde ook die gebrekkige saam-belewingselement wat die individu se oriëntering binne die stadsamelewing kompliseer. Kwant skryf tereg:

"Maar de zamen-zijn is de grondwaarde van ons bestaan, omdat binnen het zamen-zijn alle ander waarden, juist in hun eigenheid, tot hun recht komen."¹⁾

Die individu dra 'n verantwoordelikheid, nie slegs as afsonderlike individu nie, maar ook as lid van die samelewing - 'n verantwoordelikheid wat nie onder die lede van die samelewing verdeel kan word nie. Dit is laasgenoemde verantwoordelikheid wat neig om in die stadsamelewing te verflou.

Rekreasie kan beskou word as 'n voorkomende aktiwiteit - 'n aktiwiteit van terapeutiese waarde - in die gemeenskapslewe. Deur gesonde vryetydsgewoontes te kweek, kan die individu bydra tot die verkryging van 'n eie innerlike ewewig en selfvertroue wat noodsaaklik is vir sy geestesgesondheid.

Die waarde van en die behoefte aan gesonde vryetydsgewoontes spring al hoe meer in die oog. Voorts word daar doelbewuste, hoewel nog sporadiese pogings in stede aangewend om ongewenste samelewingselemente teen te werk; onder meer deur desentralisasie, deur die vestiging van burger- en ontspanningsentrums en deur die bevordering van kuns, sport en ander tydverdrywe.²⁾

1. Kwant, R.C. op. cit., p. 96.

2. Mennicke, C.A. op. cit., p. 99.

Owerhede kom geleidelik tot die gevolgtrekking dat rekreasie 'n besondere geleentheid aan stedelinge bied om mekaar op persoonlike vlak te ontmoet.

Hierdie rol van rekreasie het ook betrekking op die plattelandse gemeenskap. Namate die plattelander sy lewenstyl na dié van die stedeling oriënteer, loop hy gevaar om aan dieselfde probleme blootgestel te word.¹⁾

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 333.

H O O F S T U K 7

JEUG

1. Inleidend

Die jeugdige binne die tegnologiese samelewing en in die besonder binne die stedelike tegnologiese samelewing, bevind hom in 'n besonder komplekse situasie. Net soos die volwassene is hy ook blootgestel aan daardie samelewingsinvloede en -kragte waarna in die voorafgaande paragrawe verwys is, maar omdat hy nog onderweg is na volwassenheid, nog soekend is na 'n eie identiteit, tref hierdie beïnvloeding hom op 'n besondere wyse. Sy situasie in die samelewing verskil enigermate van die van die volwassene: hy staan in 'n besondere verhouding teenoor die volwassene en die volwasse-wêreld, en gevolglik reageer hy anders op hierdie beïnvloeding as die volwassene.

Die verwysingsveld van die begrip "jeug" besit relatiewe grense. Dit omsluit eerstens die tienergroep.¹⁾ Alle tienderjariges neem egter nie deel aan die sogenaamde tienerkultuur nie: die arbeidende tiener, dié in die gewapende magte, dié wat getroud is, is chronologies tienderjariges maar nie noodwendig kultureel nie.

"They are the neophytes in the adult culture of our society. They may share some aspects of teenage culture but for the most part, they are expected to perform adult roles in adult dress. Teenage culture is essentially the culture of a

1. Bernard, J. Teenage Culture, p. 2.

leisure class.¹⁾

Bernard meen voorts dat feitlik alle kinders ongeag hul sosiale stand in die vroeë tienderjare in die tienerkultuur staan, maar dat minder as die helfte in die later jare werklik daaraan deel het. In die eerste fase sluit dit seuns en dogters in gelyke mate in: die tweede fase word egter oorheers deur die seuns. Die verskil lê hoofsaaklik op die gebied van smaak wat na vore tree deur die wyse waarop geld, wat in albei fases 'n belangrike rol speel, gespandeer word. Waar die eerste fase meer gekleur word deur standarde van die laer sosio-ekonomiese groep, word die tweede fase meer gekenmerk deur die standarde van die hoër sosio-ekonomiese groep.²⁾

Thurlings plaas jeugdiges in die ouderdomsgroep 15 jaar tot 25 jaar. Hy wys daarop dat verwysing na "die" moderne jeug implisiet van die veronderstelling uitgaan dat daar wel so iets bestaan. Op grond van verskille in ouderdom, opvoeding, werk, belangstelling, sosio-ekonomiese agtergrond en lokaliteit onder meer, kan sodanige verwysings hoogstens dui op die makro-jeuggemeenskap.³⁾

Ook Hicter beklemtoon die relatiwiteit van die begrip "jeug". Syns insiens wissel die begrip onder meer die land tot land of van volk tot volk. Die relatiwiteit van die begrip lê

1. Bernard, J. ibid.

2. Bernard, J. ibid.

3. Thurlings, J.M.G. De Oudere Jeugd in Relatie tot onze Maatschappij, pp. 8-10.

voorts daarin dat die bevolkingsamestelling binne die maatskappy verander het en nog steeds besig is om te verander en dat 'n besondere kort tydvak twee agtereenvolgende generasies van mekaar skei.

Hy skryf in hierdie verband die volgende:

"Hoewel structuren en waarden niet zo snel verander als de techniek, wete onderwijzers dat kinderen van een gezin wanneer zij respectievelijk 20, 15 of 12 jaar zijn, niet tot dezelfde generatie behoren; zij zijn onderworpen aan de invloed van totaal verschillende maatstaven van gedrag en verschillende groepsculturen, die niet alleen verzet tegen de ouders veroorzaken, maar ook verwijdering tussen de kinderen van een gezin. Dit is gedeeltelijk de oorzaak van de toegenomen spanningen in de gezinnen en van het probleem om een goede vader te zijn."¹⁾

Ook Torenstra meen dat die begrip "jeug" oor die grense van tiener vloei. Hy onderskei twee hoofmylpale wat op volwassenheid in die gemeenskap dui: voltydse toetrede tot die arbeidsmark en die bereiking van getroude status. Selfs studente, ouer as jong werkendes of getroudes, geniet nie dieselfde status nie as gevolg van hul andersoortige deelname aan die kultuur van die volwassene.²⁾

'n Verdere aspek van die relatiwiteit van die begrip "jeug" wat deur Jonkergouw genoem word, is dat die jeugfase nie los gesien kan word van kindwees enersyds en van volwasse-wees

1. Hicter, M. Algemene Analyse van een "Youth-Sick-World", p. 11.

2. Torenstra, N. Jeugd en Samelewing, pp. 3-6.

andersyds nie. Hier is 'n groot verskeidenheid regte en pligte ten aansien van die jongmens ter sake, soos dit sosiaal-feitlik beleef word: òf in sosiaal-maatskaplike terme, òf deur juridies vasgelegde leeftydsgrense wat die uitdrukking is van maatskaplike opvattinge oor wat jongeres en volwassenes ten opsigte van mekaar wil, mag en moet.¹⁾

Dit is dus haas onmoontlik om ongenuanseerd te praat van "die" jeug. Onder die oppervlakte is allerlei groepsnorme en lewenstyle te ontdek wat 'n beeld gee van die werklike veelvormigheid van die jeugstruktuur; wat dui op die beperkinge by die gebruik van 'n gemeenskaplike noemer.

Tog is dit onvermydelik dat die begrippe "jeug" en "jeugkultuur" gebruik sal word wanneer daar verwys word na tendense, strominge en situasies binne die makro-jeuggemeenskap.

Die aanloop van die huidige stand van die jeugsituasie kan 'n honderd jaar en langer teruggespeur word toe begin is om jeugdiges los te maak van funksionele rolle in die ekonomie, deur onder meer die instelling van beperkende vakleerlingskapkodes, beperkende arbeidswetgewing, verpligte onderwys en die onttrekking van leerlinge aan landbou-aktiwiteite. Hoe uiteenlopend die kragte ookal mag wees wat aanleiding gegee het tot die verwydering van produktiewe rolle, het dit meegebring dat 'n groot en energieke komponent van die samelewing gedeaktiveer is sonder dat hierdie segment se status en funksie opnuut en duidelik omskryf is. Die grens van kind-jeugdige en jeugdige-volwassene is voorts vervaag en hiermee saam die wisselwerking

1. Jonkergouw, A.J.M. Werk-en-de-Jeugd, p. 96.

tussen vryheid en verantwoordelikheid.¹⁾ Dit hang ten nouste saam met die kunsmatig verlengde jeugtydperk,²⁾ veral betreffende jeugdiges uit die middelklas wat langer op skool bly: 'n verskynsel wat dikwels lei tot gekruisde oriëntasie.³⁾ Dit kom daarop neer dat jeugdiges uit die laere milieus streef na burgerlike gedrag en lewenstyl terwyl dié uit die meer welgestelde milieus neig om hulle te vereenselwig met 'n romantiese konsepie van die proletariese leefwyse en kledingstyl.

Die situasie van die jeug is voorts in die besonder geraak deur die ekonomies-industrieel-technologiese ontwikkeling sedert die Tweede Wêreldoorlog. Waar die jeugdige vroeër sterk onder die invloed van die ouer/volwassene gestaan het - dus ook onder die invloed van tradisie - en die jeugmode oorwegend konformisties was, staan hy nou sterk onder die invloed van Amerikanisering en die welvaart. Die eietydse jeugmode en -kultuur word in 'n hoë mate gekenmerk deur 'n nonkonformisme na buite toe, maar dit werk soms 'n strakke konformisme na binne toe, na die eie groep toe, in die hand.⁴⁾

Van hierdie na-oorlogse jeug skryf die Council of Europe Consultative Assembly soos volg:

"These young people were transformed by the pressure of adults who invented the industry of leisure, the industry of youth,

-
1. England, R. A theory of middle-class juvenile delinquency, pp. 244-245.
 2. Hichter, M. op. cit., p. 15.
 3. De Haas, G.C. Bespiegelingen over kleren die door jonge mensen gedragen worden, p. 36.
 4. De Haas, G.C. op. cit., pp. 33-34.

which is a fertile source of profits. These same young people were, and still are exploited by constant renewals of subculture".¹⁾

2. Die situasie van die jeug

In wese gaan dit nie om "die" jeug nie, maar om die situasie van die jeug: hul denke en handeling, hul idees, opvattinge en strewes. Hul norme en waardes kan begryp word alleenlik vanuit bepaalde konkrete verhoudinge in die samelewing. Hiermee saam moet rekening gehou word met die bydrae wat die jeug maak tot verandering vanuit hul eie verworwe situasie.²⁾ Die eietydse jeug is dikwels die aanbieder van die nuwe, indien nie die skepper daarvan nie.³⁾

Die situasie van die Westerse jeug word op 'n besondere wyse beïnvloed deur die welvaart - is as't ware geskep deur die welvaart - en hiervan blyk die Amerikaanse samelewing die toonbeeld te wees. Die boodskap van hierdie samelewing word wêreldwyd deur die massakommunikasiemedia uitgedra. Die welvaart het dit moontlik gemaak dat ons samelewing dit kan bekostig om 'n groot groep jeugdige te akkommodeer wat buite die arbeidsmark staan maar wat op groot skaal spandeer of indien hulle wel deel van die arbeidsmark uitmaak, vry is om hul verdienste op hulself te spandeer.

Van hierdie invloedryke "leisure-class" met sy groot koopkrag, skryf Bernard soos volg:

-
1. Council of Europe Consultative Assmebly. The Present Crisis in the European Society, p. 9.
 2. Torenstra, N. op. cit., p. 4.
 3. Thurlings, J.M.G. op. cit., p. 10.

"They have to be catered for. The values of teen-age culture become a matter of concern to the advertising industry. What teen-agers like and want, what they think is important. As contrasted with the traditional agencies charged with socializing youngsters, the advertisers and the mass media flatter and cajole. They seek to create desires in order to satisfy, rather than as the parent, teacher or minister must often do, to discipline, restrict, or deny them. The advertiser is, thus, on the side of the teen-ager."

En verder:

"The teen-ager's relentless consumption is essential to the economy, and it is they who direct it, not their parents."¹⁾

Die sogenaamde konsumpsiematskappy maak feitlik 'n religie van hul belangstelling in die jeug. Etiese oorwegings staan dikwels op die agtergrond terwyl generasieverskille beklemtoon word om sodoende die "jeugmark" te vergroot.²⁾

'n Groot deel van die bevolkings in Westerse lande geniet reeds 'n sekere mate van die beskawing van die vrye tyd³⁾ en hierin staan die jeug sentraal. Die stelsel van massaproduksie wat hierdie beskawing moontlik maak, die produktiewe ondernemingsgees en metodes van massaverspreiding het gelei tot 'n samelewing met 'n besondere massakarakter en wat gekenmerk word deur onder meer 'n gelykskakelende element. Hierin is, soos vroeër

1. Bernard, J. op cit., pp. 3-5.

2. Borel, D.H. De Huidige Crises in de Europese Maatschappij, p. 5.

3. Davis, D.M. Het Erfdeel van de toekomst de beschaving van de Vrije Tijd, p. 32.

gemeld, die tradisie verbygestreef. Davis beweer in hierdie verband dat jongmense waarskynlik nie meer hul norme afstem op dié van hul ouers of op die eise wat die tradisie stel nie, maar veel eerder uit 'n geheel van opvattinge wat afkomstig is uit die "groep" waartoe hul behoort of waarby hul graag ingeskakel wil raak.¹⁾ Dit spreek onder meer uit hul kleredrag, vermaak, voorkeure en behoeftes. Hierdie groepkarakter het egter sy ontstaan in die invloed wat uitgaan van die verwarrende verskeidenheid²⁾ belangstellende persone en instansies.

Hoe langer die oorgang duur vanaf kind na maatskaplik-volwassene, des te groter is die moontlikheid dat die jeugdige as oorgangsfiguur in onsekerheid sal verkeer betreffende die verwagtinge van sy omgewing. Posisie-onduidelikheid en rolonsekerheid³⁾ van jeugdiges lei daartoe dat hulle steun sal soek by mekaar asook by allerlei helde met wie hulle hulle kan identifiseer.

Baie waarnemers aanvaar dat daardie Westerse lande wat 'n oorwegend geïndustrialiseerde en verstedelike kultuur bereik het, 'n probleem van adolessensie ondervind - soms na verwys as die tiener- of jeugprobleem. Mays meen tereg dat daar in werklikheid nie so iets soos 'n jeugprobleem bestaan nie; dat daar slegs 'n netwerk van probleme bestaan waarin beide oud en jonk gelyktydig betrokke is. Dit is essensieel

1. Davis, D.M., *ibid.*

2. Galbraith, J.K. *The affluent Society*, p. 53.

3. Jonkergouw, A.J.M. *op.cit.*, p. 95.

'n kwessie van aanpassing van en tussen die verskillende ouderdomsgroepe en generasies en dit raak wyses waarop die sosiale status, ekonomiese onafhanklikheid, psigologiese sekuriteit en individuele outonomie bereik word deur die opkomende jonger generasie wat, terwyl hulle nie langer beskryf word as kinders nie, weerhou word van die volle verantwoordelikhede van volwasse burgerskap.

Hy meld voorts dat die gedrag van 'n groep van die jongeres deur die volwassenes beskou word as vyandig, aggressief en sosiaal ontwrigtend tot 'n mate wat ongekennd was voor die Tweede Wêreldoorlog. Die lei tot angsgevoelens aan die kant van sommige volwassenes en onsekerheid by die betrokke jeugdiges terwyl die twee status- en ouderdomsgroepe mekaar konfronteer oor 'n soms wye kloof van vervreemding. Hy vat die situasie van die jeug soos volg saam:

"Their immense vitality and economic strength on the one hand and their inertia, uncertainty and lack of moral purpose on the other is everywhere commented on, usually adversely, as though youth existed in a social vacuum untouched and uninfluenced by movements in the adult world."¹⁾

Deel van die dilemma waarin so baie jeugdiges hul bevind, is geleë in die feit dat binne 'n toenemende pluralistiese samelewing die gesag van die gesin al hoe minder gesteun word deur instansies van buite.²⁾ Die verhouding ouer-jeugdige is noodsaaklikerwys altyd enigermate 'n spanningsverhouding³⁾

-
1. Mays, J.B. Teenage Culture in Contemporary Britain and Europe, pp. 23-24.
 2. Hawthorn, G. A sociological portrait: family background, p. 879.
 3. Jonkergouw, A.J.M. op. cit., p. 110.

en onder omstandighede soos pas geskets, word die moontlikheid vergroot dat baie ouers sal abdikeer en daardeur verdere onsekerheid en onstabiliteit in jeuggeledere sal skep.

Dit is duidelik dat jeugdige genoegsame vryheid van optrede en invloed besit om te rebelleer teen frustrerende faktore in die sosiale struktuur.¹⁾ Onder hierdie faktore van frustrasie tel 'n gebrek aan leiding en gesag: 'n gebrekkige strukturering van die jeugdige se sosiale ruimte.²⁾

Die motivering vir hierdie stelling is vol vanselfsprekendhede en gevolglik word in die verbygaan slegs na die rol van die massakommunikasiemedie as deel van die vryetydsindustrie verwys.

Hoewel die jeugdige mag voel dat hy inisiatief aan die dag lê, dat hy in vryheid keuses maak, is hy in werklikheid te dikwels hiertoe gekondisioneer via die massaverkooptechnieke wat skynbehoeftes en 'n genietingsmentaliteit³⁾ bevorder.

Die media speel 'n beslissende rol omdat dit besluit oor die smaak betreffende kleding en ontspanning en allerlei behoeftes van miljoene jongmense.⁴⁾

Hoewel die jeugdige homself in sommige opsigte vryer as vroeër gemaak het van spesifieke volwassenes, staan hy tog sterk onder die gesagsinvloed van sekere komponente van die

1. Mays, J.B. op.cit., p. 24.

2. Jonkergouw, A.J.M. op. cit., p. 122.

3. Racine, A., e.a. De Nozems: een socio-culturele fenomeen van ons tijd, p. 282.

4. Davis, D.M. op. cit., p. 32.

volwasse-wêreld; word hy as't ware vanaf 'n afstand beheer en beïnvloed - 'n invloed wat hy nie noodwendig bewustelik as sodanig beleef nie.

Hier gaan dit prinsipieel nie om die "meedoen" nie, maar om die "hoe" en die "waarom" van die meedoen, met ander woorde van beslissende belang is die geestelike en karaktereien-skappe betrokke by die meedoen.¹⁾

Die volgende beskrywing deur Davies is treffend: hieruit spreek onder meer die gesag van die mode en die bereidheid van baie jeugdiges om saam met die stroom te dryf:

"Watching Top of the Pops in one of Lancashire's dockland youth clubs. On the screen, swaying bodies, gay and fashionable clothes, space-age decor, music to match. The weekly ritual confirmation of youth's popular image. Freedom, wealth, confidence, unconventionality - all unmistakably symbolised.

Around me, a different scene. Fashion caricatured. Skirts short and revealing, but not truly mini - only turned up at the hem. Hair, both boys' and girls' long but simply straggling, without style, sheen or grooming. No bell-bottoms or frills, snappy waistcoats or high-neck shirts. Just tired and shapeless sweaters and stained blue-denim jeans. Faces pale and drawn, probably undernourished. Movements lethargic, without conviction. A microcosm of Lancashire's imprisoned youth."²⁾

1. Lamprecht, H. Exploitatie van de Teenager, pp. 7-8.

2. Davies, B. Non-Swinging Youth, p. 8.

Kortliks gestel kom dit daarop neer dat die jeug nie in die beskuldigde bank staan nie; die maatskaplike invloede waar-teenoor so baie van hulle weerloos staan is hiervoor te sterk en te geraffineerd. Die berekende psigo-tegniese beïnvloeding tot deelname aan 'n standaardpatroon veral in die rol van verbruiker en in die besonder in die vrye tyd, word al hoe duideliker aantoonbaar.¹⁾

Dit is egter nie die hele jeuggemeenskap wat deel in die welvaart nie:²⁾ die skoolpligtige word deur wetgewing uitgesluit van voltydse werk; deeltydse take sluit aan by die vereistes wat die tienerkultuur stel: somerkampe, supermarkte, koerantaflowerings, kroostros, ensomeer - dit verwyder die tiener nog nie van die inslag van sy kultuur nie. In die breë gesien, is dit nie onderhewig aan die dissipline van die volwassene se arbeidswêreld nie.³⁾

Die leerling wat vroeg skool verlaat, gewoonlik uit die laer sosio-ekonomiese groep, moet dikwels tevrede wees om met die onaantreklike werkvorme te begin. Voeg hierby gebrekkige onderskraging en dit kan maklik lei tot 'n toestand waar die jeugdige sy lewenswaardes moet soek in sy vrye tyd.

Vir die meeste jeugdiges speel die arbeid dus 'n ondergeskikte en selfs negatiewe rol in hul kultuur,⁴⁾ terwyl die sosio-ekonomiese stand as kultuurfaktor sterk na vore tree.

1. Lamprecht, H. op.cit., p. 9.

2. White, D. The Young Workers, pp. 457-461.

3. Bernard, J. op.cit., p. 7.

4. Dansereau, H.K. Work and the Teenager, p. 46.

Die jeugdige bevind hom dus in die situasie waarin die vrye tyd 'n besondere rol speel. Na aanleiding van 'n omvattende ondersoek in Nederland, beskryf Wippler hierdie funksie van die vrye tyd soos volg:

"Het feit dat de vrijetijdsbesteding van de jeugd gekenmerkt is door vitaal-ekspansieve activiteiten, veel diversiteit en frequente informele contacten wijst er op dat jeugd een levensfase is waarin het verkennen van de omgevende werkelijkheid en het zoeken naar eigen identiteit een centrale plaats innemen."¹⁾

Tog is waarnemers dit eens dat die huidige Westerse samelewing nie voldoende geleentheid bied vir die doeltreffende kristallisering van hierdie funksie nie. Die jeuggroep, vryer, welvarender en talryker as ooit te vore, word gedryf deur 'n dadedrang maar staan te dikwels gefrustreerd in die groot leegte.^{2), 3)} Die vrye tyd word te dikwels in desperaatheid aangewend vir ontsnapping na die onwerklike wêreld,⁴⁾ wat deur die volwasse-wêreld as alternatief voorgehou word: dit hou juis die gevaar in dat dit die verkenning deur die jeugdige van die omgewende werklikheid rem. Die jeugdige se vryheid en inisiatief om te eksplloreer en te eksperimenteer kom so-doende in die gedrang.

-
1. Wippler, R. Sociale determinanten van het vrijetijds-gedrag, p. 130.
 2. Torenstra, N. op.cit., p. 9.
 3. Racine, A., e.a. op. cit., pp. 291-292.
 4. Racine, A., e.a. op. cit., p. 282.

3. Jeugkultuur

Die komplekse struktuur van die eietydse maatskappy stel in 'n toenemende mate eise aan die jeugdige en vergroot steeds die onsekerheid betreffende die eie situasie. Hierdie onsekerheid word verder gesterk deurdat die jeugdige as nòg kind nòg volwassene minder aangewese is op die gesin - veral die oop gesin wat baie van sy opvoedingskrag verloor het - sodat hy hom meer na sy portuurgroep rig om as "persoon" tot sy reg te kom. Dit bring mee dat die jeugdige kennis sal neem van watter eienskappe, gedragsvorme, norme en waardes, opvattinge en kleredrag deur "die ander" gewaardeer word en watter nie. Hierdie gerigtheid op ander raak nie soseer spesifieke individue nie, maar eerder die "onpersoonlike" mens, die vae beeld van "die" tiener wat uit die geheel van die lewe van die portuurgroep na vore kom. Na hierdie onpersoonlike geheel van invloede word verwys as die tiener- of jeugkultuur: 'n geheel van gedraginge, situasies en materiële gegewens. Dit is in hoofsaak 'n vryetydskultuur; dit is 'n wisselende geheel wat sterk beïnvloedbaar en baie gevoelig is vir die mode, soos gemanipuleer deur die massakommunikasie-media - 'n feit waarmee die reklame en die vryetydindustrie rekening hou.^{1), 2), 3)} Die jeugkultuur word dus gekenmerk deur voortdurende verandering en diversiteit.

Young onderskei drie hoofstrominge binne die breë jeugkultuur: 'n konformistiese stroom, 'n delinkwente stroom en 'n Boheemse stroom.

1. Kriekemans, A. Jeugd Problematiek, p. 45.

2. Lamprecht, H. op. cit., p. 27.

3. Berger, P.L. en Berger, B. Sociology, pp. 245-246.

Na aanleiding van eersgenoemde meen hy dat die oorgrote mederheid van die jeug inval by wat deur die volwassenes van hul verwag word: toewyding aan hul werk of studies sonder dat hulle hul relatief lae statussituasie bevraagteken. Hy skryf voorts:

"Their sense of status is derived, then, not from their productive roles, but from the world of leisure: athletics, dancing, the aesthetics of clothes and physical prowess, motorbikes, cars or surfing. Youth culture is a subculture embodying the subterranean values, and status within it is measured in terms of this yardstick."¹⁾

Afwykende gedrag van oppervlakkige aard kom wel voor maar dit word op 'n besondere wyse misgekyk deur die volwassene want daar bestaan, meen hy, "a conspiracy of silence" tussen die generasies wat potensiële konflikte sluimerend hou.²⁾

'n Klein minderheid van die jeug het deel aan die delinkwente jeugkultuur en dit is treffend dat hulle dikwels geassosieer word met 'n lae sosio-ekonomiese status: ook wat hul toekomstverwagtinge ten opsigte van veral materiële besit betref. Hierdeur is hulle geneig om hulle van hul werk of skool te distansieer en hulself sterk in te stel op hul vrye tyd. Twee faktore wat delinkwente gedrag bevorder, is eerstens die afwesigheid van vrees dat die loopbaan benadeel kan word en tweedens die feit dat hierdie stroom dikwels in 'n buurt beweeg wat

1. Young, J. The Drugtakers, pp. 142-143.

2. Young, J., ibid.

besonder permissief is in die sanksionering van sodanige gedrag. Hierdie twee faktore dui op 'n mindere mate van interne en eksterne sosiale beheer wat daartoe lei dat sluimerende waardes sterker beklemtoon word as wat die samelewing verwag. Die vrye tyd en die hede staan sentraal in teenstelling met die onsekere toekoms. Hierdie groep sny aan by Gans se "action seekers".¹⁾

Die kultuur van die delinkwente jeug kom dus tot stand onder meer wanneer 'n deel van die jongmense afgesny word van die materiële belonings wat die stelsel bied: 'n goeie betrekking, 'n huis of 'n motor is dikwels nie vir hulle binne redelike bereik nie. Die werk en die skool is vir hulle betekenisloos as instrument of as middel tot 'n doel deurdat dit ondoeltreffend is vir die verkryging van gewaardeerde materiële goedere.

Die Boheemse stroom, in hoofsaak die hippie-groepe afkomstig uit veral die middelklas, reageer fundamenteel anders, aldus Young. Ten aanvang, minstens, is die individu in hierdie subkultuurgroep in staat om 'n suksesvolle materiële lewe te lei. In die praktyk vind hy egter die belonings onvoldoende om sy aanvaarding van die gangbare arbeidsetiek te regverdig. Ook hy stel sy lewe in op sy vrye tyd, maar anders as met die delinkwente jeugdige, doen hy dit uit eie keuse. Hy staan uitgesproke teenoor die samelewing en verskil daarvan op ideologiese vlak.

1. Gans, H.J. The Urban Villagers, pp. 28-29.

Young skryf:

"He evolves social theories which uphold subterranean values as authentic guides to action, and which attempt to solve the problem of the domination of the ethos of productivity.".¹⁾

Die Boheemse kultuur plaas besondere klem op seksuele genot, fisiese welsyn en genieting; vandaar die feit dat dwelm-middels dikwels so sentraal in hul lewens staan. Voorts is die beginsel van uitgestelde gratifikasie nie vir hul aanvaarbaar nie. Dit beteken nie slegs 'n beklemtoning van plesier nie, maar ook 'n totaal verskillende konsep van tyd.²⁾

Berger en Berger onderskei twee groepe kenmerke van die jeugkultuur wat betrekking het op veral die delinkwente en die Boheemse elemente daarvan: estetiese eienskappe en morele eienskappe. Hulle verwys onder meer na die karakteristieke smaak in die jeugkultuur, veral betreffende persoonlike voorkoms en die kunste. Die klem val op 'n besondere vorm van gemeenskaplikheid; op 'n sin vir tuishoort binne die groep; op kollektief gedeelde ekstase: waardes wat in stryd is met die gees van die burokratiese samelewing.

Op morele vlak staan hulle gemeenskapsvorming teenoor die individualisme en wedywering van die volwasse wêreld. Die eerlikheid en opregtheid van die volwassene word gewantrou en word sterk klem gelê op wegbreking van gesag en op 'n najaag

1. Young, J. op.cit., p. 147.

2. Young, J. op.cit., pp. 142-150.

van plesier sonder 'n gepaardgaande skuldgevoel.¹⁾

Mays meen dat na beraming minder as een derde van die jeug in Engeland tussen ouderdomme 14 en 20 jaar aan 'n erkende organisasie of vereniging behoort. Dit is veral onder die res dat sosiale euwels maklik opduik. Hy voer aan dat daar in die Weste 'n oënskynlike toename is in onder meer seksuele aktiwiteite, skobbejaktendense, dwelmmiddelmisbruik, drankmisbruik en bendeforming.²⁾

Wat bendeforming betref, het Yablonsky interessante opmerkings. Hy onderskei drie hoof-bendetipes wat baie ooreenstem met die drie jeugkultuurtipes van Young, maar wat slegs klein groepies binne die makrojeuggemeenskap verteenwoordig.

Die sosiale bende is 'n relatief permanente organisasie wat om 'n spesifieke stabiele lokaliteit sentreer; 'n kafee, nagklub, hotel, strand, en so meer. Die lede is onderling intiem bekend en 'n sterk ons-gevoel bestaan. Die aktiwiteite is in hoofsaak "sosiaal" gerig en vereis 'n hoë mate van verantwoordelike sosiale interaksie. Delinkwente gedrag kom selde voor behalwe onder druk van buite. Die lede aanvaar die norme en waardes van die samelewing en verteenwoordig die emosioneel stabiele element van die buurt.

Die delinkwente bende is primêr georganiseer vir die uitvoer van verskeie onwettige dade; sosiale interaksie is van sekondêre belang. Die hoofdoelwitte is die verkryging van opwinding en inkomste. Soos in die geval van die sosiale

1. Berger, P.L. en Berger, B. op.cit., pp. 244-245.

2. Mays, J.B. op.cit., pp. 26-27.

bende is hierdie bendetipe se lede in die reël ook emosioneel stabiele individue wat gesosialiseer is tot die aanvaarding van hierdie gedragpatrone. Hulle aanvaar die materiële sukseswaardes van die samelewing maar verwerp die normatiewe wyses vir die bereiking daarvan.

Die gewelddadige bende se organisasie berus op emosionele gratifikasie en geweld is die tema waaromheen al die aktiwiteite wentel. Sport, sosiale en selfs delinkwente aktiwiteite is slegs sekondêre aspekte van hul patroon van geweld. Selfs onder mekaar, verbaal en fisies, vorm negatiewe gedrag en geweld 'n belangrike tydverdryf. Die organisasie en lidmaatskap van die bende wissel gedurig afhangende van die emosionele behoeftes van die lede.¹⁾

Uit die voorafgaande blyk dit dat die oorgrote meerderheid van die jeug, ten spyte van die oppervlakkige andersheid van hul kultuur, nie op lewensbeskoulike vlak verskil van die volwasse wêreld nie. Dit skyn slegs minderheidsgroepe te wees wat in stryd is met waardes en norme van die samelewing. Om egter die beeld van die jeugkultuur te verstaan soos dit dikwels deur die massakommunikasiemedie voorgehou word, moet rekening gehou word met die wyse waarop die afwykende gedrag van klein groepies jeugdiges te dikwels oordryf en as die algemeen geldende norm gestel word.²⁾

Wilkens verduidelik hierdie verskynsel soos volg:

"But the situation in a society of extreme social segregation

1. Yablonsky, L. The Violent Gang, pp. 169-172.

2. Young, J. op. cit., p. 176.

is that there is widespread lack of direct information of one social group about another. It is in precisely this type of society that one would expect the media to provide a large amount of one's social knowledge. Now the type of information which the mass media portrays is that which is "newsworthy". In a sentence, it selects events which are atypical, presents them in a stereotypical fashion, and contrasts them against a back cloth of normality which is over-typical. The atypical is selected because the everyday or humdrum is not interesting to read or watch, it has little news value. As a result of this, if one had little face-to-face contact with young people one's total information about them would be in terms of extremes."¹⁾

Ook Bernard beklemtoon die sosiale statifikasie in die jeugkultuur. Wat skoolleerlinge betref, beweer sy dat die akademiese rigting neig om te lei tot skeiding. Hierdie skeiding word weerspieël in kleredrag, tipe bioskoop besoek, dans, vergaderplekke en afspraakpraktyke. Hoewel 'n mate van vervreemding deur die hele jeugspektrum heen geskied, kom dit skerp voor onder leerlinge uit die laer sosio-ekonomiese stand.²⁾

Terwyl die massakommunikasiemedie aan die een kant 'n skewe beeld van die jeugkultuur projekteer en geneig is om die voorkoms van afwykende en antisosiale gedrag te oordryf, is die aanduidings daar dat hierdie vorme van gedrag wel aan die toeneem is. Die siening word wyd gehuldig dat die jeug in

1. Wilkens, L., aangehaal in Young, J. op. cit., pp. 176-180.

2. Bernard, J. op. cit., pp. 8-10.

Westerse lande byvoorbeeld meer antisosiaal is as hul voorgangers; dat jeugoortreding aan die toeneem is; dat nuwe vorme van kriminele gedrag ontstaan het uit nuwe geleenthede, onder meer 'n toename in motordiefstal.¹⁾

Daar word volstaan met enkele voorbeelde:

- * Luidens die Task Force-verslag is gemiddeld 1 640 motors per dag gedurende 1967 in die V.S.A. gesteel. Van die persone wat in dié verband aangekla is, was 61% jeugdiges onder 18 jaar en die grootste jaargroep was vyftienjariges. Die ooreenstemmende persentasie vir gewone diefstal is 52%.²⁾
- * Gedurende 1972 is 70 000 persone in Brittanje as vermis aangegee en hiervan was 75% onder die ouderdom van 18 jaar.³⁾
- * Alkoholisme blyk sterk aan die toeneem te wees in Kanada. Die swaai is van dwelmmiddels na alkohol. Daar word geraam dat ongeveer 1% van sestienjariges kroniese alkoholiste is.⁴⁾

Bordua meen dat plattelandse jeugdiges minder rebels is teenoor norme van die samelewing as hul eweknieë in die stedelike

1. Mays, J.B. op. cit., pp. 26-27.

2. Task Force Report of the President's Commission on Law Enforcement and Administration of Justice, aangehaal in Kraus, R. Recreation and Leisure in Modern Society, pp. 376-381.

3. I.T.V. Nuusberig, 24 Mei 1973, Brittanje.

4. Wolfish, N. Toespraak vir die Canadian Pediatric Society, p. 5.

gebiede.¹⁾ Clinard beweer ook dat daar 'n groter mate van misdaad in die stede dwarsdeur die wêreld voorkom as op die platteland; dat gegewens aantoon dat misdaad toeneem na mate die platteland onder stedelike invloed kom. Twee faktore wat hierin 'n rol speel, is gebrekkige identifikasie met die gemeenskap of buurt en armoede.²⁾

Om 'n vollediger beeld te kry van die negatiewe aspekte van jeugkultuur, meen Racine, moet steeds rekening gehou word met die feit dat dit beleef word in funksie van 'n sosiaal-kulturele gegewe: na die wyse waarop die globale maatskappy aan die een kant en die besondere milieu aan die ander kant die oorgang van kindwees na volwassenheid beskou en organiseer; na die situasie wat aan die leeftydgroep toegemeet word, asook in funksie van die invloede en prikkels van alle aard^{3), 4)} wat op die jeugdiges inwerk.⁵⁾

Deur hul voortvarendheid en idealisme, deur hul entoesiasme en vitaliteit wil die jeug veranderinge vinnig sien plaasvind, voel hulle dat hulle 'n vinniger en beter bydra kan maak. Omdat hulle egter los staan van die praktyk, besef hulle nie altyd hoe moeilik en langsaam dit is om teorie en praktyk met mekaar te versoen nie.⁶⁾

-
1. Bordua, D.J. Delinquent Subcultures; p. 66.
 2. Clinard, M.B. Urbanization, pp. 310-312.
 3. Halloran, J.D. en Brown, R.L. Television and Delinquency, p. 181.
 4. Larsen, O.N. Violence and the Mass Media, pp. 282-284.
 5. Racine, A., e.a., op. cit., p. 278.
 6. Rinderspacher, M. The Present Crises in the European Society, p. 52.

Hulle staan los van agtergrondsgegewens en baseer hul sieninge bloot op 'n pragmatiese lewensbeskouing: 'n denke van feit na feit.¹⁾ Uiterste groepies is selfs revolusionêr, maar te dikwels sonder die idee om iets in die plek te plaas van dit wat hulle wil aftakel.²⁾

Die pluralistiese samelewing waarin tradisionele grondwaardes geneutraliseer word,³⁾ laat die neiging by die individu ontstaan om waardes te kies wat vir hom gerieflik val;⁴⁾ kweek as't ware 'n selfsugtige lewenshouding. Die vorme van gedrag wat sommige groepe jeugdiges openbaar en wat deur die volwasse wêreld as protesvorme gesien word, is dan in der waarheid reaksies op die eie situasie wat mank gaan aan leiding en strukturering enersyds - met ander woorde in 'n bepaalde sin wyer vryheidsgrense - en wat andersyds 'n aanklag uitlok teen 'n liefdelose en deur saaklikheid en nuttigheid beheersde maatskappy.⁵⁾

In hierdie verband skryf Ross soos volg:

"A feeling that you owe nothing to society can easily result if society itself acts as though it owes nothing to you."⁶⁾

Dit is wanneer die jeugdige sy gesin, die skool of die gemeenskap benader kragtens die ingesteldheid van "julle" en "julle

-
1. Brentjens, H.J.H. De Oudere Jeugd in Relatie tot onze Maatschappij, pp. 21-25.
 2. Council of Europe Consultative Assembly. op. cit., p. 47.
 3. Brentjens, H.J.H. op. cit., p. 24.
 4. Cloward, R.A. en Ohlin, L.E. Delinquency and Opportunity: a theory of delinquent gangs, pp. 109-110.
 5. Couwenberg, S.W. De vereenzaming van de moderne mens, pp. 55-56.
 5. Ross, S. A mug's game, p. 14.

s'n" in plaas van "ons" en "ons s'n" dat sy protes na uiterstes toe neig;¹⁾ dat hy negatiewe eensaamheid beleef.

Jeugkultuur, meen Beets, is in 'n sekere sin die teenkultuur van die gehumaniseerde mens, die sogenaamde bevryde mens, en dit blyk bevolk te wees met eendimensionele mense wat ontwikkel onder die heerskappy van akute spanningsontlading, ongeduldige verwagtinge en 'n pluk-die-oomblik-mentaliteit.²⁾

4. Selfaktualisering

Die bepaalde subkulture wat deur jeugdiges geskep of aangehang word, die afwykende lewenstyle wat hul openbaar en die vorme van protes wat na vore tree, is dus onlosmaaklik verweef met die situasie waarin individue en groepe hulle binne die komplekse samelewingstruktuur bevind.

Die eietydse Westerse jeug, meen Thurlings, val meer saam met 'n jeug wat hom nie duidelik laat skei van "volwassenheid" en die "volwasse samelewing" nie. Dit is 'n nuwe jeug: 'n jeug wat hom nie meer laat lei deur 'n innerlike kompas nie, maar deur "radar" - 'n veelvoud van prikkels van buite wat sy koers help bepaal. Dit is 'n jeug wat hom nie meer laat opvoed deur die gesin nie, maar wat weet dat hy in 'n belangrike mate in sy eie leefruimte gevorm word. Dit is 'n jeug wat ten aansien van vele sosiale en kulturele verskynsels volwasse "gemaak" is, maar wat binne die struktuur van die samelewing onvoldoende geleentheid kry om aan 'n eie volwassenheidsbeeld gestalte te gee.³⁾

-
1. Nash, J.B. Philosophy of Recreation and Leisure, pp. 102-103.
 2. Beets, G. Opvoeding tot Ongehoorsaamheid, pp. 10-13.
 3. Thurlings, J.M.E. op. cit., pp. 10-11.

Hierteenoor word die jeugdige se volwassewording gekompliseer deur 'n gedisoriënteerde samelewing. Volgens Revans het die meeste mense in Brittanje byvoorbeeld nog deel aan "a culture apparently based upon machinery, elementary education and commercial advertising; it is a culture largely dependent on, and often, hostile to, the culture of the establishment, which we may assume is enshrined in university education and ritualised in the traditional arts. Both of these cultures I believe have become insensitive, at least in their practical expression to certain values helping to determine the present condition of man. I try to show that the mechanised inhumanity and intellectualised irresponsibility of those cultures has led to their rejection, often violent, by large numbers of the youth expected to enter them."

En voorts:

"I suggest that this rejection in its turn, now leads them unaided by their supposed teachers, to search for new values, new images of the person, new forms of self-expression, new needs for identity and new objects for belief."¹⁾

Arlott verwys juis na hierdie disoriëntering binne die samelewing wanneer hy die volgende oor die Britse sokkersituasie skryf:

"Saturday has replaced the old Sunday morning as the working man's time of glory. The football match, core of Saturday, is for many orderly youthful citizens as well as the unruly,

1. Revans, R.W. Culture, pp. 4-5.

the compensation for a week of monotonous depressing work, and, often, despiriting family life For many of the youngsters, especially when they travel to an away fixture, the football match is simply the justification for a day out, away from the restrictions of the town where they live and are known."¹⁾

Die gebrekkige strukturering van die samelewing bemoeilik die jeugdige se gang tot volwassenheid en die formulering van 'n eie lewensbeskouing. Selfaktualisering is afhanklik van twee hoofinvloedsvlakke: dit wat die self voel wat bereik is en dit wat ander op die self rig deur die oordele wat hulle vel. Green skryf in hierdie verband onder meer dat psigiese belonings in die huidige samelewing nie tred gehou het met die verhoging in die lewenstandaard nie - 'n feit wat maklik oor die hoof gesien word:

"Aggressive and envious egalitarianism, by passing a negative judgement upon exceptional conduct and achievement, has, created that conformity scare and it is not only in the schoolroom and the recreation program that recognition for achievement tends to pass over individuals in favor of groups and teams."²⁾

Hieruit volg dus dat die gevaar bestaan dat ondernemingsgees, motivering, persoonlike deelname en volharding gerem kan word, deur gebrekkige of negatiewe belonings en dat die individu se selfbeeld en sy volwasseywording hierdeur geraak word.

1. Arlott, J. Like dogs through Arab villages, p. 20.

2. Green, A.W. Recreation, p. 151.

In hierdie verband speel verwysingsgroepe¹⁾ en -invloede 'n belangrike rol deurdat dit die individu lei tot 'n gedragskeuse uit 'n verskeidenheid moontlikhede. Douglas onderskei vier funksies van sodanige groepe. Die normatiewe funksie behels die voorsiening van norme en waardes waardeur die individu sy gedrag rig. Benewens hierdie voorsiening van norme en waardes bied dit voorts 'n basis vir selfevaluering: 'n vergelykende funksie. Die ondersteunende funksie tree na vore deurdat die individu se ego of gevoel van eiewaarde versterk word. Die identifiserende funksie hou verband met die vorige drie en bied aan die individu 'n basis van identiteit.²⁾

Die gedisoriënteerde Westerse samelewing is 'n vrugbare teelaarde vir 'n groot verskeidenheid verwysingsgroepe en -invloede maar dit lei tegelyk tot 'n wisselende mate van onsekerheid en vervreemding op die pad na volwassewording.

Ter voorbereiding vir en toetrede tot volwassenheid is daar twee kwalifikasies wat geld en waaroor die jeugdige helderheid moet kry: volwassenheid beteken nie dat die individu mag doen en laat wat hy wil nie - hy bly onderworpe aan die maatskaplike norme; dit beteken ewemin dat hy steeds ten volle verantwoordelik gereken sal word vir al sy dae. Dit beteken wel dat hy self mag en dikwels moet besluit watter gedrag binne die maatskaplike norme val en watter gedrag in sowel sy eie as in die samelewing se belang is; dit beteken voorts dat hy tot verantwoording van sy dae geroep kan word

-
1. Pahl, R.E. A Sociological portrait: friends and associates, p. 981.
 2. Douglas, J., e.a. Human Behaviour in Marketing, pp. 192-195.

en dat hy hom op die verantwoordelikheid van ander mag beroep slegs in gevalle waar besondere omstandighede geld.¹⁾

Die groot probleem waarmee die jeugdige te kampe het, is dan juis om tot selfstandige besluitneming oor te gaan en om die gepaardgaande verantwoordelikheid te dra: om verantwoordelike keuses te maak en daardeur 'n mate van gedragsvryheid in te boet onder die gesag van 'n duidelik geformuleerde lewens- en wêreldbeskouing.

Die jeugdige verlang nie grenslose vryheid nie en het gesagsleiding nodig om tot verantwoordelike volwassenheid te kom. Te midde van oorweldigende keusemoontlikhede staan hy egter verbysterd, soek hy juis sinvolle leiding wat spreek uit die lewende voorbeeld van die volwasse wêreld om hom heen.

1. Jonkergouw, A.J.M. op. cit., p. 98.

H O O F S T U K 8

DIE GESIN

1. Enkele gedagtes oor die resente evolusie van die gesin.

Die opvoedingsfunksie van die gesin word oënskynlik in 'n toenemende mate aangevul en selfs in sommige opsigte vervang deur invloede en instansies buite die gesin namate die kind ouer word. Ten aanvang, minstens, leer die kind via die gesin die grense van aanvaarbare gedrag ken; absorbeer hy die norme en morele standaarde van die gesin.

In die beoefening van hierdie opvoedingsfunksie - 'n vorm van sosiale beheer - word die gesin weer op sy beurt beïnvloed en geraak deur samelewingskragte, gesetel in onder meer die eie stedelike of landelike gemeenskap, die buurt, die vriendekring of maatsgroep, die skool, die kerk, sport-, kultuur- en vryetydskontakte en die massakommunikasiemedia. Waar die sanksies van die gemeenskap byvoorbeeld in duie stort, ondermyn dit terselfdertyd ook die gesag van die gesin. Die gesin as integrale deel van die wyer gemeenskap, poog ook om hom daarmee te identifiseer en dra in hierdie opsig by tot die handhawing van standaarde in die gemeenskap. Dit beteken egter nie dat elke gesin wat die gemeenskapsnorme handhaaf, dieselfde gedragspatrone volg nie, maar eerder dat die meeste gesinne hul individualiteit, minstens na buite, openbaar in nie-afwykende vorme¹⁾ hoewel dit 'n eie stempel mag dra.

'n Harmonieuse, stabiele en dinamiese gesinslewe dra belangrike

1. Farmer, M. The Family, pp. 14-16.

elemente by tot gesonde geestes- en emosionele ervaring en vorm die basis vir die normale groei en ontwikkeling van gesinslede.

Dit is hiertoe dat gesinsrekreasie 'n aktiewe, positiewe bydrae kan lewer. Die probleem is egter dat daar (onder invloed van onder meer die industrieel-tegnologiese en die stedelike ontwikkeling) ingrypende en kommerwekkende veranderinge in die gesinstruktuur en -situasie ingetree het. Dit het die tradisionele gesinslewe ontwrig en ontwrigtende aanpassings¹⁾ geverg.

Weens 'n gebrek aan empiriese gegewens - deels by gebrek aan gesofistikeerde navorsingsmetodes en ook op grond van die kompleksiteit van hierdie terrein - bestaan daar uiteenlopende aannames, spekulasies en sieninge betreffende die stand van die eietydse gesin. In hierdie verband kan twee hoofbeskouinge onderskei word.

Albei beskouinge aanvaar dat die gesin in die proses van industrialisering 'n redelike mate van funksieverlies ondergaan het, maar hulle verskil wat die implikasies hiervan betref. Kragtens die beskouing van die grootste groep het die gesin hierdeur van sy bindings- en opvoedingskrag prysgegee. Kragtens die beskouing van die tweede groep het hierdie funksieverlies egter daartoe gelei dat die oorblywende funksies versterk is en dat die gesinsbande hierdeur verstewig word.

Van besondere belang is eerstens die funksieverlies van die gesin. Scheuch skryf in hierdie verband die volgende: "Such

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, p. 251.

a loss of functions and their transference to specific institutions leads many to believe that the leisure functions, too, have followed this process of disintegration. This appears to be the dominant opinion among family sociologists, often coupled with the belief that commercial and organisational provisions have largely taken the place of the family, and that leisure in general has turned into a merely individualistic concern."¹⁾

Yukic sny ook aan by hierdie beskouing. Hy meen dat die gesin die vryetydspatrone van kinders sterk beïnvloed tot die bereiking van adolessensie. Waar gesinsdisintegrasie en gesinslosheid egter intree, laat dit ruimte vir die vroeër ontwikkeling van vryetydsdryfvere wat saamval met die kind se vroeër onafhanklikheidswording.²⁾ Die toenemende aanvaarding van die feit dat jeugdiges in "vry" omgewings weg van die huis af woon - koshuise, losieshuise, woonstelle en kamers - kan voorts tot gevolg hê dat baie kinders ook vir 'n beperkter tyd deel in die huislike sfeer³⁾ en invloed.

Dit is voorts ook belangrik dat verwys sal word na sommige van daardie veranderinge in die samelewing wat tot die evolusie van die "moderne" gesin bygedra het, aangesien die gesin die sosiale instelling is wat sekerlik die meeste geraak word deur vinnige en onegalige sosiale veranderinge.

1. Scheuch, E.K. Family Cohesion in Leisure Time, pp. 67-68.

2. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 55.

3. Glasser, R. Leisure: Penalty or Prize? p. 184.

Robbins noem die volgende:

- * Daar bestaan groter vryheid vir die individu betreffende die keuse van 'n lewensmaat.
- * Individue bly slegs getroud vir so lank as wat hulle so voel. Die vrou kan nou geredeliker aan die huwelik onttrek aangesien sy nie meer in dieselfde mate as vroeër blootgestel is aan ekonomiese, sosiale en kulturele diskriminasie nie: die sterk institusionele kontrole van die gemeenskap is iets van die verlede.
- * Afgelei van en gepaardgaande met die voorgenoemde is die besliste afname in manlike gesag en oorheersing.
- * Hierdie veranderinge het gelei tot 'n nuwe status vir die vrou en die kinders in die gesin.
- * Die stadslewe met onder meer sy digte samedromming van mense en sy beperkte leefruimte, sy gebrek aan privaatheid en sy gekommersialiseerde vermaak, het in 'n groot mate gesinsgesentreerde vryetydsbesteding verdring en die versplintering van die gesin op dié vlak bevorder.¹⁾

Die groter demokratisering van die organisasie van die gesin wat onder meer deur bogenoemde veranderinge teweeggebring is, het gelei tot groter gesagslosheid²⁾ en ongelukkig soms ook gesagloosheid.

Ander faktore wat hiertoe bygedra het, sluit in:

-
1. Robbins, F.G. The Sociology of Play, pp. 37-38.
 2. Farmer, M. op. cit., p. 24.

- * die verwydering tussen huis en werkplaas en die daaruit-spruitende reistyd wat die man se kontaktyd met die gesin beperk;
- * die arbeids- en verdienstemoontlikhede vir die vrou, wat op 'n besondere wyse betrekking het op die hegtheid van die gesin en die gesag van die man;
- * beperkinge in gesinsgrootte;
- * gesinsdisintegrasie en meer egskeidings, wat ook verband hou met veranderinge en seksmoraliteit;¹⁾ 2)
- * 'n afname in die voorkoms van die verlengde gesin;³⁾
- * meer vrye tyd en groter welvaart.⁴⁾

Die aard en funksies van die gesin het dus verander onder die invloed van samelewingsveranderinge wat voortspruit uit onder meer industrialisasie, die ontwikkeling van die tegnologie, die welvaart en stadsvorming. Die gesinslede het statusveranderinge ondergaan en nuwe rolle gevind.

In die digbevolkte gemeenskap moet die gesin, ten einde 'n redelike mate van privaatheid en vryheid van kritiek of inmenging te verseker, sekere versperrings opbou en hierdeur ontstaan verdedigingshoudings. Die neiging is tot min pri-

-
1. Parsons, T. The Stability of the American Family System, p. 97.
 2. Peterson, J.A. Ontbinding van het huwelijk door scheiding, echtscheiding en dood, pp. 52-57.
 3. Farmer, M. op. cit., pp. 24-25.
 4. Wilkens, E.J. An Introduction to Sociology, pp. 157-158.

mêre groepverhoudings buite die gesin; tot minder geleentheid om nou betrokke te raak in die gemeenskap of selfs in die familiegroep. Die gevoel van 'tuishoort' is òf afwesig òf swak: sosiale kontakte word meestal op 'n onpersoonlike, kunsmatige vlak gehou.

Sekondêre groepverbande speel dus 'n belangrike rol. Klubs en belangegroepe, dikwels ver van die huis geleë, word aktief ondersteun. Op die wyse word 'n groot aantal kennisse opgebou maar die individu en die gesin besit min vriende van wie hulle veel weet.¹⁾

Die sogenaamde "oop kultuur" van die stadsgemeenskap bring voorts 'n hoë mate van sosiale beweeglikheid mee wat daartoe lei dat elke lid van die gesin genoodsaak word om sy eie status te verwerf: die kind doen dit in die skoolsituasie en in die maatsgroep; die vader word gekonfronteer met mededinging op arbeidsvlak²⁾ en die werkende moeder verdien deels deur haar werk ook hoër sosiale en ekonomiese status.³⁾

Gepaard met die funksieverlies en die groter demokratisering van die gesin, blyk daar tans ook groter druk te wees op die man-vrou-verhouding:

"The shift is from the consanguine family, emphasising the husband-wife bond. It is clear that this pattern is becoming

1. Farmer, M. op. cit., pp. 27-28.

2. Farmer, M. op. cit., p. 18.

3. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 252.

increasingly dominant, spreading downward from the middle class inside each country and from the richer to the poorer countries, as part of the growing "Westernisation" of the world."¹⁾

Hierdie kerngesin verloor 'n groot mate van sy behoudendheid weens die afwesigheid van die derde geslag en dit is tegelyk ook baie kwesbaar want dood, siekte en verlating kan onmiddellike en verreikende gevolge inhou vir die gesinslede, veral vir die kinders.²⁾

Die man-vrou-verhouding word voorts geraak deur die feit dat individue op jeugdiger leeftyd trou as vroeër; dat hul langer lewe; dat hulle kleiner gesinne het en vroeër klaar is met kinders grootmaak; dat meer vrouens buite die huis werk en dat meer egskeidings voorkom. Benewens die invloed wat hierdie faktore op die man-vrou-verhouding uitoefen, raak dit ook die lewenstyl van die gesin insluitende die hoeveelheid vryheid wat aan die kinders toegelaat word.³⁾

Nou verwant aan die veranderinge in gesinsverhoudinge is die tendens in die rigting van wat Willmott die "huis-gesentreerde samelewing" noem. Onder die invloed van die welvaart is huise vir 'n groot deel van die bevolking groter en beter toegerus,⁴⁾ veral indien bygereken word dat gesinsgroottes en die voorkoms van die verlengde gesin afgeneem het.

1. Willmott, P. Some Social Trends, pp. 293-294.

2. Miller, H.L. en Woock, R.R. Social Foundations of Urban Education, p. 119.

3. Willmott, P. op. cit., p. 294.

4. Willmott, P. op. cit., p. 295.

Vir diegene wat egter nie deel in die welvaart nie, is die huis of woonstel in die reël klein: die beknoptheid en gebrek aan privaatheid, die vervalte toestand van baie van hierdie wooneenhede en die onvermoë om dit uit te brei, stel besondere eise aan gesinsverhoudinge, huweliksmoreel¹⁾ en vryetydsvulling.

Hierdie situasie kry verdere betekenis indien rekening gehou word met die aanduidings dat in baie gesinne meer tyd as vroeër in die huis deurgebring word: "Television, for instance, means that the family can be entertained - or bored - together in the home, instead of separately in the cinema."²⁾

Terwyl die massakommunikasie-media die gesin saamtrek in die huis, stimuleer dit nie aktiewe gesinspeelsheid en gesinskommunikasie nie:³⁾ individuele gesinslede staan dikwels veel minder in onderlinge geestelike kontak as onder die betowering van onder meer die radio en die televisie.⁴⁾

2. Die gesin en vrye tyd.

Die arbeidsituasie van die ouers en die skoolsituasie van die kinders kan 'n belangrike invloed uitoefen op die vryetyds-gedrag van die gesin - net soos die vryetydsbehoefte van die gesin kan inwerk op die arbeidsgedrag van die ouers en op die skoolgedrag van die kinders.

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 252.

2. Willmott, P. ibid.

3. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 259.

4. Haring, B. De Spanning tussen Godsdienst en Sameleving, p. 149.

Die sentrale posisie wat die arbeid inneem, is gevestig in die tydsafbakening en die lokaliteitsafbakening daarvan. Die ononderbroke en herhalende arbeidssessies is in die reël los van ander aktiwiteite en dit segregeer die werkers van die nie-werkers, onder meer die huisvrou, kinders en bejaardes, in 'n veel groter mate as in die pre-industriële samelewing. Die situasie is kompleks vir skofwerkers wie se lewensritme nie gesinkroniseer is met veral dié van die gesin nie. So-danige werkers, meen Roberts, vind dit dikwels moeilik om vaderskap bevredigend te beoefen.¹⁾

Die regimentasie in die arbeid het tot gevolg dat die dag en die week verdeel word tussen arbeid en alle ander aktiwiteite: "Work becomes the central fact, leaving everything else - social gatherings, religious observances, sport, gossip, singing and dancing, story-telling or reading, hobbies, love-making, contact with children - distinctly peripheral, to a far greater degree than they are when work can be interrupted for social contact or even broken off for hours or days and the time lost made up by extra effort or prolonged work in unorthodox hours."²⁾

Hierdie vorm van gesagsinvloed wat uitgaan van die ouer se arbeidsituasie na die gesin se vryetydsituasie, is ook in 'n sin wederkerend: die ouer kan in sy arbeid voor keuses gestel word deur die eise en behoeftes van die gesin. Aspekte waaroor hy tot besluit gedwing mag word, behels onder meer hoe hy sy tyd moet indeel; hoeveel aandag hy moet bestee aan

1. Roberts, K. Leisure, p. 14.

2. Harding, D.W. Values in an industrial Society, p. 191.

'n groter verdienste of moontlike bevordering en of hy bevordering moet aanvaar of 'n nuwe betrekking moet seek wanneer dit verhuising en/of 'n mate van gesinsontwrigting sal meebring.¹⁾

Ekonomiese oorwegings speel 'n belangrike rol in hierdie wisselwerking tussen arbeid en vrye tyd in gesinsverband. Van Mechelen wys tereg daarop dat die maatskappy van die vrye tyd wat die Weste besig is om te betree, 'n maatskappy is van die welvaart²⁾ in die ruim sin van die woord: dit dui nie slegs op oorfloed vir 'n groot deel van die bevolking nie, maar dit verwys ook na 'n sterk ingesteldheid op steeds uitkringende materialistiese streefwaardes.

Dit beteken, aldus Van Mechelen, dat die verskillende invloede wat die maatskappy van die welvaart op die bevolkingsaanwas kan uitoefen, in terme van 'n groot deel van die bevolking herbenoem kan word, naamlik die beïnvloeding van die maatskappy van die vrye tyd op die bevolkingsaanwas³⁾ en dus ook op die gesinsgrootte. Die huwelikstadium waarop die meeste kinders gebore word, hou ook hiermee verband.

Resente gegewens dui juis daarop dat die Westerse wêreld eersdaags die punt sal bereik waar die bevolkingsaanwas tot stilstand sal kom. Dit is inderdaad reeds die geval in onder meer Oos- en Wes-Duitsland, Oostenryk en Brittanje, terwyl lande

-
1. Guest, D. en Williams, R. How Home Affects Work, p. 114.
 2. Van Mechelen, F. 180 dagen arbeid - 180 dagen vrye tyd, p. 40.
 3. Van Mechelen, F. ibid.

soos Frankryk, Italië, die Skandenawiese lande en die V.S.A. vinnig op pad is na hierdie punt.¹⁾

Dit blyk dat geboortekontrole en geboorteregulering in 'n toenemende mate 'n vanselfsprekendheid word in 'n steeds groeiende aantal gesinne. Dit is egter nie duidelik watter rol ekonomiese oorwegings in hierdie verband speel nie. Die meeste waarnemers huldig die mening dat dit blykbaar 'n belangrike oorweging is.

Bell noem die volgende implikasie van hierdie verskynsel:

"If childbearing is over, for the statistically average woman, by 26, then her oldest child will be independent much sooner than when women were still bearing children in large numbers in their forties. With the increased life expectancy of both spouses, this means that most marriages can expect at least two decades childfree existence, as opposed to five or six years, sixty years ago."²⁾

Die kleiner gesin, die langer periode van "kinderloosheid" in die huwelik en die groter aandeel van die getroude vrou aan die arbeidsmark, moet noodwendig neerslag vind in die gesin se vryetydsgedrag. Die neiging, byvoorbeeld, tot kleiner gesinne en die groot verskeidenheid beskikbare werkbeparende en huishoudelike toebehore³⁾ en produkte is deels verantwoordelik vir 'n vorm van arbeidsrevolusie in die gemiddelde huishouding: minder tyd word nou oor die algemeen aan werk in

1. Gesondheidsnuus, Maart 1979, Vol. 2 Nr. 11, p. 9.

2. Bell, C. A sociological Portrait: Marriage, p. 933.

3. Butler, G.D. Introduction to Community Recreation, pp. 17-18.

die huis bestee wat meer vrye tyd aan die gesinslede besorg. Dit is waarskynlik dat oormatige beskikbare vrye tyd die huisvrou dikwels dryf tot arbeid buite die huislike sfeer, terwyl die werkbeparende huishoudelike toebehore wat hierdie vrye tyd help moontlik maak het, 'n finansiële las kan meebring wat haar dwing om te gaan werk. Baie gesinne kry finansiëel swaar¹⁾ juis as gevolg van onoordeelkundige spandering en te hoë doelwitte.

Riesman en Roseborough skryf in hierdie verband soos volg oor die jong gesin:

"Once married, even though wage canalization brings high starting incomes, the young adults are trained (?) to spend up to and beyond them in rapidly accumulating the full package they have learned in general to consider basic.

The immediate indulgence that was once a lower-class characteristic, in comparison with the delayed and calculated future-orientated saving of the middle-class, has now infiltrated the middle-class so that increased income increments are spend rather than saved - and, indeed, dissaved through instalment buying.".²⁾

Hierdie spanderingspatroon van die jong gesin blyk 'n voortsetting te wees van die patroon wat deur jeugdiges gevolg word. Jeugdiges spandeer vryelik op vryetydsgoedere, met die gevolg dat hulle sentraal staan in reklameveldtogte: hulle gee die pas

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 254.

2. Riesman, D. en Roseborough, H. Careers and Consumer Behaviour, p. 204.

aan en nie die volwasse samelewing nie.¹⁾

Die invloed wat dus van die vervaardiger en die aanbieder van vryetydsprodukte uitgaan na die jeugdige, raak ook die oueres en die ouers: òf op direkte wyse òf via die jeugdige. 'n Verdere neerslag van hierdie beïnvloeding vind waarskynlik plaas deurdat die spanderingsgewoontes en dus ook deels die vryetydsgewoontes en -waardes van jeugdiges voortgesit word in hul latere gesinslewe.

Die verwantskap tussen die gesinswaardes en die individu se vryetydswaardes blyk sterk te wees,²⁾ maar dit is nie meer duidelik wat die aard van die wisselwerking is nie. Daar kan verwag word dat die gesinswaardes gedurende die vooradolessente periode van die kinders die oorheersende rol in hierdie wisselwerking speel. Hierna is die kind se emosionele en fisiese verbintenis met die gesin op sy laagste³⁾ en word hy sterk beïnvloed deur die maatsgroep en ander jeugkultuurinvloede. Dit moet verwag word dat die adolessent se vryetydswaardes ook op hul beurt 'n mate van invloed sal uitoefen op die gesinswaardes - die "stille sameswering" waarna vroeër verwys is, dui blykbaar in hierdie rigting.

Die gaping wat dikwels na vore tree tussen die vryetydsbelangstellings, -aktiwiteite en -waardes van die kinders en die ouers, bevorder op sigself 'n mate van gesinsdisorganisasie enersyds, maar blyk anderwyds ook die gevolg te wees van gesinslosheid of gesinsdisorganisasie.

1. Roberts, K. op. cit., p. 45.

2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 50.

3. Roberts, K. ibid.

Oor hierdie wisselwerking tussen gesinsverhoudinge en vrye tyd skryf Miller en Robinson soos volg:

"Underlying these important matters of relationships are the demands and elements in self-fulfillment, which in some way influence each individual in our society. One of these demands is that children shall be born and raised and that the home shall be the centre of this process Here he learns many leisure-time skills and, more important, develops many leisure-time interests.

For these reasons, as well as for reasons of family relationships, the family and the strength and vitality of its life are important considerations for recreation, which assumes as one of its key functions the strengthening of family life."¹⁾

Rekreasie en opvoeding vir die vrye tyd, meen Miller en Robinson, is funksies van die eietydse gesin en word beïnvloed deur die veranderinge in die gesinslewe en die gepaardgaande veranderende behoeftes. In sommige situasies oorheers spanning, konflik en misdeeldheid die bindende kragte, met die gevolg dat disorganisasie en disharmonie intree.²⁾

Daar is byvoorbeeld minstens 'n miljoen kinders in die V.S.A. wat in inrigtings van een of ander aard woon; daar is verder etlike miljoene wat met slegs een ouer saamwoon; en hierby moet nog die miljoene volwassenes getel word wat vereensaam geraak het deur mislukte huwelike.³⁾

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 254.

2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 255.

3. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 256.

Een van die primêre redes vir huweliksdisharmonie, meen Janne, is geleë in die veelvuldige prikkels waarmee die individu en dus ook die gesin bestook word. Dit lei tot 'n verlange na "aktiwiteit" en in die afwesigheid van die prikkels ontstaan 'n gevoel van leegheid:

"Dat alles is vulsel voor een tyd die tot het uiterste versnipperd ligt, het knaagd aan de werkelijke ontwikkeling van de persoonlijke vorming, aan het huishoudelijk werk, aan de opvoeding, aan het contact met de kinderen en ten slotte aan de huwelijksharmonie. De interne relaties van het gezin dreigen aldus "secundair" in plaats van "primair" te worden, terwijl tog het "echt paar" de affectieve toevlucht is van de moderne mens tegen de druk van een sociaal leven waarin de relaties "secundair" zijn."¹⁾

Hierdie versnippering van tyd en die onderwerping aan veelvuldige prikkels hou voorts die gevaar in dat die emosionele geborgenheid van die gesinslede nie tot sy reg kom nie; dat kinders minder geleentheid vind om perspektief te kry op hul belewenisse en ervarings en dat minder geleentheid gevind word vir die gesin om sy gesindheid teenoor maatskaplike norme te formuleer en te herformuleer.²⁾

3. Bejaardes en vrye tyd.

Die situasie van 'n groot persentasie van die bejaardes in die eietydse Westerse samelewing is treffend: waar bejaardes vroeër dikwels deel uitgemaak het van die verlengde gesin,

1. Janne, H. Arbeidsmoraal, Vrijetijds-moraal, p. 14.

2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 94.

staan hulle vandag grootliks op hul eie - 'n faktor wat bygedra het tot die geleidelike kleinerwording van huishoudings sedert ongeveer 1890.¹⁾ Een van die redes wat hiervoor aangevoer word, is dat vryetydsaktiwiteite meer georiënteer is tot die kerngesin as tot die verlengde gesin of die familie.²⁾

Die eietydse konsep van die gesin blyk in hoofsaak beperk te wees tot getroude status en die grootmaak van kinders.

Dubin wys byvoorbeeld daarop dat ongeveer 50% van alle weduwees en wewenaars bo 65 jaar in die V.S.A. wat nie in inrigtings woon nie, op hul eie woon, terwyl ongeveer 10% van dié groep by mense inwoon aan wie hulle nie verwant is nie.³⁾

Die verbrokkeling van die familie-georiënteerde gemeenskap het bejaardes in 'n groot mate geïsoleerd gelaat. Hierdie verskynsel word beklemtoon deur die vraag na ouetehuse en sosiale dienste vir bejaardes.⁴⁾

Die situasie van die bejaarde dui daarop dat hy sy funksie in die verlengde gesin verloor het weens veranderinge wat binne die samelewing en die gesin ingetree het.

Harding stel die gedagte wyer:

"Industrial societies create much of their "problem of ageing" by tacitly assuming that the only things seriously worth doing are the things older people can no longer do effectively. The old are left without a convincing function in their community."

1. De Grazia, S. Of Time, Work and Leisure, p. 71.
2. Scheuch, E.K. op. cit., p. 91-92.
3. Dubin, R. Industrial Workers' Worlds, pp. 122-123.
4. Leach, E. What kind of Community? p. 709.

Too often the elderly themselves cannot believe in the worth of activities not geared to the productive system and we feel no longer astonishment on hearing of those who break up in apathy and boredom and soon die after retirement."¹⁾

Die bejaarde se rol as ouer, vriend, kollega en buurman verander steeds met sy jare. Voorts kan verwag word dat sy status en finansiële situasie sal verswak vanaf die oomblik van aftrede²⁾ - status op grond van prestasies gelewer gedurende die loopbaan word nadelig getref deur die vinnig veranderende samelewingsituasie.³⁾ Hy mag selfs sy ekonomiese onafhanklikheid inboet en gesondheidsprobleme ondervind.

In die lig van die voorgenoemde is dit vir die bejaarde noodsaaklik om nuwe belangstellings te ontdek wat sal bydra tot lewensin en lewensvreugde. Aktiwiteite wat vroeër op die rand van belangstelling gelê het, mag nou beskou moet word as die belangrikste aktiwiteite.⁴⁾

Vrye tyd in aftrede konfronteer egter die industriële samelewing met 'n skaal van waardes wat afgelei is van die industriële lewe. Hierdie vrye tyd gaan juis mank aan 'n stel eiesoortige waardes, veral vir diegene wie se vryetydsbedrywe voor aftrede gekenmerk is deur kompetisie, oppervlakkige sosialiteit, vertoon en opvallende konsumpsie. 'n Beperkte inkomste in aftrede skep dan 'n probleem vir diegene vir wie koopkrag vroeër

1. Harding, D.W. op. cit., pp. 191-192.

2. Roberts, K. op. cit., p. 48.

3. Sergeant, G. A Textbook of Sociology, p. 162.

4. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 47.

die paspoort was tot die selfbeeld, status en verligting van verveeldheid. In hierdie sin, meen Harding, moet daar in plaas van te praat van 'n probleem van die vrye tyd, gepraat word van "the problem of living, of developing some part of the immense range of possible human satisfactions not given by our gainful occupation."¹⁾

Lucas skryf tereg: "Too many people retire FROM something rather than TO something."²⁾

Daar blyk dus 'n anomalie te bestaan gedurende die finale lewensfase: die bejaarde besit min sosiale verpligtinge, het in die reël geen arbeidsverpligtinge buite die huis nie en is goed toegerus met vrye tyd en tog blyk sy vryetydsaktiwiteite en -belangstellings meer beperk te wees as in vroeëre stadia. In hierdie opsig, meen Roberts, bevind die bejaarde homself in 'n soortgelyke posisie as die werklose: aftrede isoleer hom van die hoofstroom van die sosiale lewe en ondermyn daardeur sy kapasiteit om die vroeëre vryetydservaring te behou.³⁾

4. Vryheid en gesag.

Een van die belangrikste knelpunte in die eietydse gesin behels die aard van die dissipline wat die kind op verskillende ouderdomme opgelê word. Parsons, onder meer, meen dat die fundamentele tendens ongetwyfeld beweeg het in die rigting van groter vryheid en hoër verwagtinge ten aansien van kinders.⁴⁾

1. Harding, D.W. op. cit., p. 195.

2. Lucas, C. Gerontology, p. 12.

3. Roberts, K. op. cit., p. 13.

4. Parsons, T. Elastische Bindingen, p. 43.

Die demokratisering van die gesin - 'n betreklik resente verskynsel - het meer ruimte gebring vir 'n vertroulike vriendskaplike omgang. Hierdie gesinsopset bied aan sy lede groter vryheid in beweging, raakpunte en aktiwiteite. Dit bied geleentheid om mekaar veel meer te bejeen as selfstandige persoonlikhede wat binne sekere grense die reg het op 'n eie roetine en lewenstyl. Hierdeur is 'n groot mate van verinnerliking van die gesinslewe moontlik. Terselfdertyd word die gesin egter ook kwesbaarder gemaak as wat vroeër die geval was. Die demokratiseringsverskynsel hou voorts die gevaar in dat dit kan lei tot 'n te vroeë emansipasie van kinders; dat die pendule na die ander uiterste toe kan swaai, weg van die vroeëre eensydig-otoritêre opvoeding af, in welke geval die gesinsopvoeding mank kan gaan aan onder meer normgewing en die ontwikkeling van selfdisipline.¹⁾

Dit gaan dus prinsipieel om die verhouding tussen vryheid met verantwoordelikheid enersyds en gesag andersyds. Smelser onderskei vier tendense met betrekking tot gesag in die eietydse maatskappy wat op kinders en jeugdiges betrekking het. Hierdie verbandhoudende tendense word van mekaar onderskei om 'n aanduiding te gee van die kompleksiteit van die gesagstruktuur ten aansien van kinders - 'n struktuur wat veel meer behels as bloot die verswakking van ouerlike gesag.

* Daar het inderdaad 'n relatiewe verswakking van ouerlike gesag ingetree. Die duidelikste voorbeeld behels die vorming van kinders tot ekonomiese selfstandigheid en die toesig oor kinders. Onderwysinrigtings het hierdie aspekte

1. Couwenberg, S.W. De vereenzaming van de moderne mens, pp. 100-101.

van die ouerlike gesag grootliks oorgeneem.

- * Hierteenoor bestaan daar die tendens tot konsolidasie - selfs tot 'n relatiewe toename in die gesag van die ouer gedurende die eerste lewensjare van die kind. Gedurende hierdie tydperk is die ouer se toesig waarskynlik meer eksklusief: weg van die invloed van die verlengde gesin, die familie en in baie gevalle ook die buurt wat vroeër 'n groot rol gespeel het. Die kind word dus in hierdie stadium deur minder plaasvervangende gesagsdraers gekonfronteer.
- * In 'n absolute sin word meer van kinders en jongmense gevra ten opsigte van gesag as seker ooit tevore. Nie slegs ten opsigte van die akademiese skoling nie, maar ook van die skoolgedrag en lojaliteit, insluitende buite-kurrikulêre betrokkenheid, het daar saam met die skoolstelsel 'n nuwe gesagsvorm ontwikkel. Hierdie gesagsvorm kan grootliks verskil van dié van die ouer en kan voorts deurwerk na die vrye tyd van die ouer en die gesin via die skoolgaande kind. In sommige opsigte verlang die eise van die groep, die klas, die maats 'n enersheid, 'n gehoorsaamheid aan sekere eise, norme en waardes¹⁾ wat dikwels onderskeiding op hoër vlak ondermyn.

Die ouers deel dus in gesag waarop hul vroeër min of meer alleenreg gehad het. Dit verteenwoordig waarskynlik 'n toename in die eise wat die gesag aan die kinders stel. Hierdie aspek verdien later verdere aandag.

1. Green, A.W. Recreation, Leisure and Politics, p. 154.

- * Die laaste tendens waarop Smelser wys, is die enorme verspreidheid van gesag wat ingetree het oor veral ouer kinders en jongmense. Namate die ervaringsveld van die kind uitkring, brei die aantal gesagdraende persone en instansies uit: die ouers, die skool, die kerk, die Sondagskool, jeugverenigings, sport en ander vryetyds-aktiwiteite, jeuggroepe, die maatsgroep, vermaaklikheidsinstansies en die verskeidenheid massakommunikasiemedia. Elkeen besit sy bepaalde rangorde van waardes en norme, en uit die groot verskeidenheid moet die jeugdige keuses maak: elkeen vra om sy aandag, sy belangstelling en sy deelname.¹⁾

Dit gaan hier dus nie bloot om 'n verswakking van die gesag van die ouers nie, maar ook om 'n diskontinuiteit van:

- (a) die ouers se gesag, deurdat hul dit moeilik vind om hul gesagsbeoefening af te baken, juis omdat hul tyd saam met die kinders beperk is, en
- (b) die gesagsinvloed van die verskeidenheid gesagsdraers en gesagsvorme. Hierdeur werk hulle mekaar teë, neutraliseer hulle mekaar of bots hulle met mekaar.²⁾

Daar is egter 'n verdere tendens wat die gesagsituasie in die gesin vertroebel het, veral sedert die Tweede Wêreldoorlog, naamlik die uitsprake van gesaghebbendes op die terrein van die opvoeding. Nadat 22 000 000 kopieë van dr. Benjamin

-
- 1. Smelser, N.J. De Maatschappelijke uitdaging aan het ouderlijk gezag, pp. 47-49.
 - 2. Farmer, M. op. cit., p. 49.

Spock se boek oor kinderopvoeding versprei is, verander hy byvoorbeeld van siening:

"With other child experts, he preached the doctrine of parental submissiveness. Now he confesses 'we didn't realise until too late our know-it-all attitude was undermining the self-assurance of parents' and attributes the 'brattiness' of American children today to lack of parental firmness."¹⁾

Dit blyk dus dat terwyl samelewingskragte grootliks verantwoordelik is vir 'n herverdeling van gesagsuitoefening oor kinders en die gesin, daar ook 'n mate van bewuste gesagsabdikasie aan die kant van die ouer teenwoordig is. Dit vind plaas onder meer in die geloof dat dit die korrekte opvoedingspad is om te volg.

'n Verdere dimensie betreffende gesagsuitoefening in gesinsverband raak aan die sosio-ekonomiese status van die gesin. Na aanleiding van 'n studie van voorstedelike gesinne in die V.S.A. kom Gans tot die slotsom dat werkersklasouers aanvanklik strenger op hul kinders is as middelklasouers en dat hulle lyfstraf geredeliker toedien. Na mate die kinders egter ouer word, word die proses omgekeer: die werkersklaskind ontvang groter vryheid terwyl die middelklaskind vergelykenderwys veel minder ontvang.²⁾

Berelson en Steiner stel hierdie aangeleentheid soos volg:

"Lower class infants and children are subject to less parental

1. Natal Daily News, The. Spock's Confession. Hoofartikel.

2. Gans, H.J. An Anatomy of Suburbia, p. 424.

supervision but more parental authority, to more physical punishment and less use of reasoning as a disciplinary measure."

Miller en Woock meen voorts dat die middelklaskind in adolesensie onder veel strenger toesig kom as die werkersklaskind en as gevolg van sy makliker aanvaarding hiervan, slaag hy beter daarin om individuele konflikte met volwassenes binne aanvaarbare perke te hou. Terwyl dit vir die middelklaskind 'n probleem is om sy onafhanklikheid te vestig, is die onsigbaarder probleem van die werkersklaskind in teenstelling hiermee die moeiliker hantering van sy onafhanklikheidsbehoeftes.²⁾

Uit die voorgenoemde blyk dit dat die evolusie wat in Westerse lande in en om die gesinslewe afspeel, belangrike implikasies inhou vir gesagsverhoudinge binne en buite die gesin; vir gesagsverhoudinge in die vrye tyd maar ook in die skool- en arbeidsituasie. Dit is 'n aangeleentheid waaroor daar van owerheidsweë lank reeds kommer uitgespreek word. Hieroor skryf Green soos volg:

"There is a considerable denunciation of soft living - the togetherness, the decline in 'moral' and spiritual values, the 'permissive upbringing' of children. The proffered solution is a 'strong and happy family'."³⁾

-
1. Berelson, B. en Steiner, G.A., aangehaal deur Brightbill, C.K. Man and Leisure, p. 124.
 2. Miller, H.L. en Woock, R.R. op. cit., p. 125-126.
 3. Green, A.W. op. cit., p. 149.

In 'n komplekse, heterogene of mobiele maatskappy blyk die belangrikste probleem nie soseer die absolute betekenis van die ouerlike gesag te wees nie, maar eerder die verhouding van die ouerlike gesag tot ander vorme van gesag.

H O O F S T U K 9

DIE SKOOL

1. Die situasie van die skool.

In die tradisionele benadering tot die onderwys is min erkenning verleen aan die bydrae wat vryetydsaktiwiteite kan maak tot die opvoeding van die individu.¹⁾ Hierdie erkenning het egter gegroei na mate die samelewingstruktuur in kompleksiteit toegeneem het en daardeur ook nuwe behoeftes ontstaan het. Die skool het nie alleen 'n groot deel van die verantwoordelikheid vir die voorsiening in die vryetydsbehoeftes van sy leerlinge van die gesin, die kerk en die gemeenskap²⁾ oorgeneem nie, maar het ook op indirekte wyse begin voorsien in sommige van die vryetydsbehoeftes van die gesin en die gemeenskap.

Die wyse waarop die skool vryetydswaardes, -gesindhede, -benaderings, -tegnieke en -aktiwiteite hanteer, hang baie nou saam met onder meer die waardes, norme, verwagtinge en behoeftes van en kragte binne die gesin, die gemeenskap en die samelewing. Hierdeur ontstaan daar 'n ingewikkelde gesagstruktuur met 'n wisselwerking tussen die skool en die wêreld daar buite.

Die taak van die opvoedende onderwys en dus ook die opvoedings- taak van die skool spesifiek betreffende die vrye tyd, gaan mank aan 'n gevestigde vryetydstradisie en dikwels ook aan 'n

1. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, pp. 56-57.

2. Debenham, J. en Parsons, M.J. The Future of Schools and Families, p. 2.

verantwoordbare filosofie. Hierdie taak word verder bemoeilik deur onder meer die bevolkingsaanwas en die feit dat leerlinge langer op skool bly. Die volgende gegewens verwys na die situasie van die V.S.A.

(a) Persentasie sestien- tot twintigjariges op skool

Ouderdom	1920	1940	1960
16	50,8	76,2	86,3
17	34,6	60,9	75,6
18	21,7	36,4	50,6
19	13,8	20,9	32,8
20	8,3	12,5	23,5 ¹⁾

(b) Persentasie toename in leerlingtal: 1960-1974

Vlak	%
Primêre skool	6,2
Sekondêre skool	51,0 ²⁾

As gevolg van die kompleksiteit en omvangrykheid van die skool se taak en die groeiende behoefte aan opvoeding vir die vrye tyd, is dit gebiedend noodsaaklik dat die skool indringend sal besin oor sy funksie in hierdie verband.

Racine en andere meen dat 'n "goeie vryetydsbesteding" gelei-

1. Kaplan, Max. Leisure: Theory and Policy, p. 262.
2. United States Department of Commerce and Bureau of Census, Statistical abstract of the United States, pp. 107-117.

delik en reeds van kleintyd af aangeleer word; dat dit saamhang met die kind se nuuskierige gees, sy oopheid vir die nuwe en sy gretigheid om te ontdek en te skep.

Hulle skryf voorts:

"Die vlam, so hewig soms ook bij kinderen met beperkte intellectuele capaciteiten, heeft er behoefte aan te worden onderhouden en gevoed. De adolescent met zijn lome geest, zijn doffe en ontnuchterde blik, die verveeld van de ene nachtkroeg na de andere slentert, is eens te meer het product en het slachtoffer van een opvoeding in school en gezin die deze vlam reeds in zijn vroegste jaren heeft laten uitdoven. Men zal zeggen dat wij veel van de school vergen; maar de ontwikkeling van gezonde belangstelling, van gaven en talent, in een woord de vorming voor de vrijetijdsbesteding, is sozeer verbonden met de ontwikkeling van de intelligentie, de affectiviteit en de gemeenschapzin, dat de eerste van de georganiseerde opvoedingsinstellingen, in chronologische orde en in orde van belang, er belang moet aan hechten."¹⁾

Dit is die taak van die skool om 'n aandeel te besit in die praktiese, teoretiese²⁾ en morele³⁾ en dus ook die lewensbeskoulike aspekte van vryetydsopvoeding; om daardeur die moontlikheid aan die jong geslag te bied om oordeelkundige keuses te maak uit die toenemende aantal moontlikhede betreffende vermaak en ontspanning wat voortspruit uit die vooruit-

-
1. Racine, A. e.a. De Nozems: een socio-culturele fenomeen van ons tijd, p. 294.
 2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, p. 267.
 3. Racine, A. e.a., ibid.

gang van die tegniek en die verlenging van die vrye tyd. 'n Feit wat vir die skool sy funksie help definieer, is dat 'n groot deel van die bevolking nie opgevoed is vir die huidige vryetydsituasie nie: deels as gevolg van die snelle tempo waarteen behoeftes en aanbiedinge verander het.¹⁾

Die skool staan natuurlik voor die probleem dat die waardes van die samelewing onvermydelik ook deurwerk na die skool-situasie en dat van hierdie waardes onwillekeurig deur die skool oorgeneem kan word. Bernard meen byvoorbeeld dat die waardes van die eietydse kultuur weerspieël word deur die belonings wat vir hoërskoolleerlinge geld. Hoewel skole grootliks van mekaar mag verskil, is daar uniformiteit in een aspek: atletiese prestasies word veel hoër aangeslaan as intellektuele vermoë. Dit word deels verklaar deur die feit dat wanneer 'n atleet of 'n span 'n besondere prestasie behaal, dan deel die skool en die gemeenskap in die eer; wanneer die intelligente leerling egter presteer, doen hy dit as 'n individu en hy alleen kry die eer.²⁾

Die bydrae wat die skool tot vryetydsopvoeding lewer, word in 'n mate bepaal deur die aard van die skoolgemeenskap: in sommige gevalle word die skool gesteun in en selfs beïnvloed tot aktiwiteit wat dit nie normaalweg sou aanpak nie; in ander gevalle word die skool se taak so bemoeilik dat dit skaars die primêre funksies kan verrig.³⁾

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 268.

2. Bernard, J. Teenage Culture, p. 6.

3. Glazer, N. The School as an instrument in Planning, p. 406.

Onder normale omstandighede kry die skool egter die geleentheid om op vier basiese terreine by te dra tot vryetydsopvoeding:

- (a) Die formele kurrikulum.
- (b) Addisionele lesse wat gekenmerk word deur informele onderrig betreffende beide metode en inhoud, en wat steeds beskou word as deel van die totale kurrikulêre ervaring.
- (c) Buite-kurrikulêre aktiwiteite.¹⁾
- (d) Die voorsiening van fasiliteite vir gemeenskapsrekreasie.²⁾

2. Die taak van die skool.

Opvoeding vir die vrye tyd is onlosmaaklik verweef met die totale opvoedingsprogram en is as sodanig prinsipieel 'n lewensbeskoulike aangeleentheid. Die vryetydsdoelwitte waarop die skool se opvoedingsprogram gerig is, moet noodwendigerwys voortspuit uit tradisie; uit die stand van die eietydse samelewing; uit die aard van samelewingsveranderinge wat moontlik mag intree en uit die tipe samelewing wat nagestreef word.

Dit is daarom noodsaaklik dat die skool oor hierdie aspekte sal besin om sodoende perspektief te kry op sy vryetydsdoelwitte. Die gevaar bestaan dat die skool se vryetydsdoelwitte en dus ook sy vryetydswaardes vertroebel kan raak en dat sy vryetydsprogram op tradisie kan voortdryf binne 'n vinnig veranderende samelewing.

-
- 1. Kraus, R.G. Recreation and the Schools, p. 91.
 - 2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 272.

Opvoeding vir die vrye tyd behels gehele waardes, nie gedeeltelike waardes nie. Die lewensbeskoulike grondslag van hierdie opvoeding bestaan dus prinsipieel uit waardes wat oor die grense van arbeid-vrye tyd vloei en hierdie waardes moet neerslag vind in die alledaagse skoolpraktyk.¹⁾ Dit blyk egter dat die verwantskap tussen kurrikulêre en buite-kurrikulêre aktiwiteite in prinsipiele sin nie altyd duidelik uitgemaak word nie. Die vryetydsprogram wat baie skole aanbied, blyk geleë te wees in die grysgebied tussen die opvoeding en sosiale diens.²⁾ Opvoeding vir die vrye tyd behoort 'n integrale en onmiskenbare deel te wees van 'n breë algemeen vormende opvoeding want vrye tyd is 'n kenmerkende eienskap van die eietydse samelewing.^{3), 4)}

Hoewel veral hoër onderwys die meeste individue minstens deels voorberei vir die vrye tyd, is dit belangrik dat alle vlakke van die onderwys sal besin oor hoe vrye tyd bydra tot die welsyn van die individu en die samelewing.^{5), 6)} Om 'n redelike mate van sukses te verseker betreffende onder meer die ontwikkeling van vryetydsvaardighede, -belangstellings en -waarderings, moet die bereiking daarvan nie aan die toeval oorgelaat word nie, maar moet daar doelbewus voor beplan word soos vir ander doelwitte waarna die skool streef.⁷⁾

-
1. Leigh, J. Young people and Leisure, p. 3.
 2. Dumazedier, J. Sociology of Leisure, pp. 155-156.
 3. Kraus, R.G. op. cit., p. 27.
 4. Leigh, G. ibid.
 5. American Association for Health, Physical Education and Recreation. Leisure and the schools, p. 9.
 6. Leigh, G. op. cit., p. 4.
 7. Danford, H.G. Creative Leadership in Recreation, p. 23.

3. Die skoolprogram.

Namate die samelewing in kompleksiteit gegroei het; die vryetydsituasie dienooreenkomstig verander het en die gesin en die gemeenskap 'n toenemende mate van onstabiliteit begin vertoon het, het die skool groter verantwoordelikheid vir 'n breër spektrum van die opvoeding van sy leerlinge begin aanvaar: ook vir die vryetydsopvoeding.

Die skool het egter nie alleenseggenkap oor hierdie terrein nie, maar is voortdurend in 'n mindere of meerdere mate gewikkel in 'n gesagstryd met wat Miller en Woock noem die "power environment" - dit kan verwys na òf die onmiddellike buurt òf die kosmopolitiese gemeenskap. Hulle onderskei vyf basiese wyses waarop die skool hierdie gesagsgebied kan hanteer:

- * Die eerste, passiewe aanpassing, verwys na min of meer doelbewuste, selfopgelegde beperkinge aan die kant van die skool om òf buite-groepe of invloede tevrede te stel, òf om optrede te vermy wat kan lei tot konflik.
- * Die tweede vorm van optrede teenoor hierdie gesagsgebied is die van koalisie: 'n vorm van samewerking om 'n gemeenskaplike doel te bereik.
- * In teenstelling met koalisie kan die skool ook persone of instansies koöpteer, in welke geval dit nie samewerking as motief het nie, maar wel beheer.
- * Die vierde wyse van hantering deur die skool van hierdie gesagsgebied is die van onderhandeling. Hier onderhandel die skool na buite en mag sommige van sy doelwitte laat vaar om in ruil daarvoor die ondersteuning te kry waarna gesoek word.

- * Die skool kan ook besluit om te kompeteer. Anders as met die voorgenoemde hanteringswyses, is kompetisie 'n openlike weerstand teen die eise en druk van buite. Dit behels nie 'n kompromis, 'n toegewing of rapport met die buitegroep nie.¹⁾

'n Baie subtieler gesagsinvloed wat die skool se program van opvoeding vir die vrye tyd raak en wat nie noodwendig op 'n vorm van konfrontasie uitloop nie, vloei op anonieme wyse voort uit die waardestelsel van die samelewing. Terwyl die skool deur die aard van sy program mag poog om dit aan te vul wat hy glo wat in sy gemeenskap se vryetydsopvoeding ontbreek, terwyl hy kompeteer na buite en selfs oorheers, loop hy ook gevaar om van sy voorgehoue doelwitte af te wyk. Afhangende van die aard van die skool se vryetydsdoelwitte, kan onder meer die volgende - individueel of in kombinasies beskou - as moontlike gevaartekens geïdentifiseer word:

- * 'n Eensydige beklemtoning van een of enkele aktiwiteite ten koste van ander aktiwiteite. Sodanige aktiwiteit of aktiwiteite, byvoorbeeld sport, verkry dan 'n besondere prestige-waarde. Omdat leerlinge se status dikwels in 'n groot mate bepaal word deur hul vaardigheid in prestige-aktiwiteite, kry slegs 'n klein groepie die geleentheid om hulself te laat geld. Leerlinge met gelykwaardige vaardighede in ander aktiwiteite ontvang dus minder beloning en aanmoediging.

1. Miller H.L. en Woock, R.R. Social Foundations of Urban Education, pp. 377-379.

- * 'n Oormatige klem op prestasie en kompetisie wat dikwels uitloop op 'n wen-ten-alle-koste-houding; op oormatige oefening ten koste van ander aktiwiteite en op die demping van spontaneïteit en kreatiwiteit deur oormatige voorskriftelikheid en gesagsuitoefening. Dit hou voorts die gevaar in dat leerlinge leer hoe om in 'n slegte gees te verloor en selfs te wen. Die intrinsieke motivering word dus gedemp deur die ekstrasieke beloning.^{1), 2)}

In hierdie verband skryf Coghlan:

"To win the game and lose the child is a totally unworthy sacrifice."³⁾

Hierdie situasie word bevorder waar die afrigter, veral van prestige-aktiwiteite, self onder druk geplaas word; waar hy gemeet word aan die uitslag en nie aan die gehalte van die aktiwiteit⁴⁾ of die gehalte van die leerlinge se gedrag nie. 'n Oormatige klem op prestasie kan daartoe lei dat die uitblinkers vroeg geïdentifiseer word en dat die resultate en toeskouers word.⁵⁾

- * 'n Eensydige beklemtoning van sekere vryetydswaardes, byvoorbeeld in sport,⁶⁾ kulturele aktiwiteite, die skeppende kunste, sosiale of intellektuele vaardighede.⁷⁾

-
1. Cochlan, D.V. Fair Play for Children, p. 32.
 2. Thomas, J.R. Is Winning Essential in Youth Sports Contests? pp. 53-54.
 3. Couchlan, D.V. ibid.
 4. Leigh, G. op. cit., pp. 8-9.
 5. Strydom, A.E. Skoolgaande Jeug en Vakansietye, p. 29.
 6. Coleman, J.S. Athletics in High School, p. 41.
 7. Leigh, G. op. cit., p. 11.

- * Die gebruik of misbruik van die leerlinge vir die belange van ander. Terwyl dit aanvaar word dat die skool se vryetydsprogram aangewend kan word om die belange van kultuuroordrag, die kind, die skool en die gemeenskap met mekaar te versoen,¹⁾ mag die kind nie in die proses benadeel word nie.
- * Te hoë eise kan aan veelsydige leerlinge gestel word terwyl die groot meerderheid van die skoolbevolking touskou. 'n Leerling se vrye tyd kan so vol beplan word dat daar vir hom min ware vrye tyd oorbly waartydens hy bloot kan speel, ondersoek, verken, besin, inisiatief gebruik²⁾ en homself vermaak en besig hou. Die kind wie se lewe oorgeorganiseer is, loop die gevaar om die vermoë te verloor om homself besig te hou.

Die skoolprogram kan voorts beïnvloed word deur die vryetyds-gedrag en -gesindhede van sy leerlinge en die gees wat in die buurt heers.

Jeugwangedrag, geweld en vandalisme is een van die faktore wat stremmend kan inwerk op die daarstelling van 'n gesonde vryetydsprogram. In skole in die V.S.A., byvoorbeeld, is skade deur vandalisme gedurende 1971 op 200 000 000 dollar geraam, terwyl die projeksie vir 1971 600 000 000 dollar was. Dit word deur Kratcoski en andere aan onder meer die volgende faktore toegeskryf:

-
1. Robbins, F.G. The Sociology of Play, p. 58.
 2. Stewart, M. The Leisure Activities of School Children, p. 22.

- * Gebrekkige toesig deur ouers na skoolure. Die groot aantal werkende moeders word hiermee in verband gebring.
- * 'n Gebrek aan respek vir openbare eiendom.
- * Ondoeltreffende optrede deur die owerhede teen geïdentifiseerde oortreders.
- * Te ligtelike hantering deur die howe.
- * 'n Onvermoë by skole om 'n trots en 'n lojaliteit by hul leerlinge te kweek.
- * 'n Onpersoonlike atmosfeer wat in die groot skole heers en wat lei tot gebrekkige identifikasie, frustrasie en 'n gebrekkige gevoel van eiewaarde. Sodanige leerlinge soek dikwels via vandalisme die erkenning van die groep.
- * Die gebruik van dwelmmiddels, insluitende alkohol. Dit verminder inhibisies.
- * Gesinsdisharmonie.
- * Die onderwys wat uit voeling is met die behoeftes van sy gemeenskap.
- * Werkloosheid en gebrek aan rekreasie moontlikhede. Meer vandalisme kom voor in gebiede waar grootskaalse werkloosheid onder jeugdiges heers, veral waar daar ook gebrekkige rekreasie moontlikhede bestaan.¹⁾

Hierdie konflikte binne die skool en tussen die skool en die

1. Kratcoski, P.C. e.a. The Crises of Vandalism in Our Schools, pp. 12-13.

gemeenskap gee dan aanleiding tot geweld en vandalisme - 'n verskynsel wat dramaties toegeneem het in die Amerikaanse samelewing. Benewens die fisiese skade wat aangerig word, is daar ook 'n sielkundige prys¹⁾ wat betaal word.

Dit blyk ook die tendens elders in die Weste te wees. Garrett skryf byvoorbeeld die volgende oor die situasie in Wes-Duitsland: "An estimated 100 000 young West Germans are becoming addicted to alcohol, according to social welfare officials. Often they are children of only 10 to 12 years old Professor Ernst Luerksen, a Berlin neurologist, puts the main reasons for teenage alcoholism down to discontent, inner tensions, depression and general feelings of emptiness."²⁾

Terwyl wangedrag, geweld en vandalisme stremmend kan inwerk op die skoolprogram, moet dit teweens aanvaar word dat die aard van die skoolprogram ook deels verantwoordelik kan wees vir sodanige konflikte. Hoewel die situasie verskil van skool tot skool en van buurt tot buurt, het die skool oor die algemeen te make met onder meer die probleem om voorsiening te maak vir leerlinge vanuit 'n verskeidenheid agtergronde. Die aard van die verdeling en die skerp kontras tussen leerlinge van lae sosio-ekonomiese status en kinders uit die middelklas stel juis hoë eise aan die skoolprogram en besondere eise aan daardie leerlinge met lae sosio-ekonomiese status.

Oor die algemeen weerspieël die skool die wêreld van die middelklas waarin loopbaanbewustheid wat op intellektuele vermoë en

-
1. Reed, R.J. en Aus, J.P. A Strategy for Reducing School Conflict, p. 9.
 2. Garrett, A. Alcohol "plaque" hits German Schools, p. 12.

individuele prestasie berus, onder meer beklemtoon word, terwyl gehoorsaamheid aan reëls, gedragse norme en roetine 'n belangrike rol speel. Die skoolsituasie werk dus in 'n sin teen leerlinge uit 'n werkersklasagtergrond. Wanneer hierdie leerlinge tot die skool en ander middelklasinstellings toetree en die middelklasmaatstawwe teëkom, ondervind hulle onvermydelik 'n mate van afkeur, verwerping en straf omdat hul waardebeeld verskil van die van die skool en die middelklasleerlinge.¹⁾, ²⁾ Kortom, in die oë van die middelklasonderwyser en die middelklasleerlinge skiet hulle te kort.³⁾

Murdock en McCron skryf die volgende in hierdie verband:

"Being the losers in an unequal competition has been the dominant historical experience of most working class people and it has generated responses which stress alternative values to those applied by the school in response to the schools' labelling of them as "failures", therefore, the working class school-leavers are able to draw on the experiences of previous "unchosen" working class generations which have remained to colour their everyday life within the family and local neighbourhood. These local cultures provide ways of responding to disadvantages based on the values of group solidarity, physical competence and toughness and action."⁴⁾

Dit blyk dus dat die skool moet poog om sy vryetydsprogram so saam te stel dat dit in die breë voorsiening maak vir die

-
1. Emmett, I. Youth and Leisure in an Urban Sprawl, p. 75.
 2. Miller, H.L. en Woock, R.R. op. cit., pp. 49-52.
 3. Bordua, D.J. Delinquent Subcultures, p. 124.
 4. Murdock, G. en McCron, R. Scoobies, Skins and Contemporary Pop, p. 691.

behoefte van al sy leerlinge; dat hy geleenthede moet bied waardeur die hele skoolbevolking hom kan identifiseer met die skool. Indien die skool hierin kan slaag, kan verwag word dat dit ook 'n heilsame uitwerking sal toon op die akademiese program, insluitende huiswerk.

'n Verdere faktor wat die skool se vryetydsprogram kan beïnvloed en wat kortliks melding verdien, is televisie. Baie leerlinge se vrye tyd word om die televisie georganiseer¹⁾ en daardeur betree die televisie die hele wêreld van die kind; raak dit sy totaliteit van verhoudinge. Dit verminder bioskoopbesoek, radioluister, leesaktiwiteit; dit verminder tyd vir spel en vertraag sy slaaptyd.²⁾ Nie alleen moet die skool meeding in die vrye tyd van die leerling vir huiswerkverrigting en vir sy vryetydsaanbiedinge nie, maar hy moet ook dikwels die invloed teëwerk wat van die televisie uitgaan.³⁾

Huiswerk speel 'n belangrike rol in hierdie verband:

"This seems an important preparation for both work and leisure in adult life. Much of the importance of homework is moral: the pupil is learning in part that he or she is responsible for their own work as much as, or more than, the teacher it is for the pupils to plan their evening to reconcile television with homework, to do their work to the best of their ability, and to present it punctually."⁴⁾

-
1. Natal Daily News, The. Children See 18 000 T.V. Deaths, p. 6.
 2. Schramm, W., Lyle, J. en Parker, E.B. Television in the lives of our children, p. 169.
 3. Thompson, D. Discrimination and Popular Culture, p. 17.
 4. Beattie, N. What's It All For? p. 19.

Opvoeding vir die vrye tyd impliseer kort- en langtermyn-doelwitte vir die individu self asook vir die individu as lid van 'n groep. By die formulering van sodanige doelwitte kan dit van waarde wees om kennis te neem van die agtien rekreasiebeginsels wat Butler aanstip soos dit geformuleer is deur die National Recreation Association van die V.S.A. Dit behels kortliks die volgende:

- * Elke kind het behoefte daaraan om blootgestel te word aan aktiwiteite wat groei bevorder en wat deur die eeue heen genot verskaf het.
- * Elke kind moet ontdek watter aktiwiteite aan hom genot verskaf.
- * Elke persoon moet sekere vorme van rekreasie beoefen wat min ruimte vereis en wat gedurende klein brokkies tyd ingepas kan word.
- * Elke persoon behoort kennis te dra van 'n aantal binnens- en buitenshuise spele waarvan hy hou, sodat hy nie maklik in die posisie beland waar hy nie weet wat om met homself aan te vang nie.
- * Elke persoon behoort gelei te word tot die genot van lees.
- * Die meeste behoort 'n paar goeie liedjies te ken sodat hulle kan sing wanneer die lus en die geleentheid hom voordoën.
- * Elke persoon behoort geleer te word om een of ander skeppingsaktiwiteit te beoefen.

- * Elke persoon moet gehelp word om die gewoonte aan te kweek om ook aktief in die buitewêreld te ontspan.
- * Elke persoon behoort aangemoedig te word om minstens een sportsoort te beoefen.
- * Elke persoon behoort aan ritme blootgestel te word want daarsonder is die mens nie volledig toegerus nie.
- * Die tyd wat aan etes afgestaan word, maak dit 'n geleentheid vir kameraadskap - 'n sosiale geleentheid wat nie gejaagd moet verloop nie.
- * Rus, verposing, nabetraging en besinning is op sigself vorme van ontspanning en behoort nooit verdring te word deur liggaamlike aktiewe vorme van ontspanning nie.
- * Die belangrike aktiwiteite is dié waarin die persoon geheel en al betrokke raak en as 't ware sy wese daarin plaas.
- * Die toppunt in rekreasiebevrediging word slegs bereik deur persoonlike deelname van een of ander aard.
- * Die vorm van die volwassene se rekreasie behoort soms, hoewel nie altyd nie, sodanig te wees dat dit deels kragte aanwend wat nie later gebruik sal word nie.
- * 'n Persoon is suksesvol in sy rekreasielewe vir sover die aktiwiteite deur hom gekies, bydra tot 'n gees van speelsheid, van humor, wat tot 'n mate ook in sy arbeidslewe sigbaar is en wat hom in staat stel om voortdurend genot te put uit die klein lewensgebeure.

- * Die gelukkige spel van kindertyd is essensieel vir normale groei. Normale persone ontwikkel die waarskynlikste vanuit sodanige situasie. Hulle bly makliker normaal deurdat hul die spelgewoontes van die kindertyd voortsit.
- * Op die burger rus die verantwoordelikheid om deur sy deelname 'n beter leefwêreld te help skep waarin mense gehelp kan word om die bevredigings te smaak wat in die voornoemde beginsels gemeld is.¹⁾

Rekreasie as integrale deel van opvoeding vir die vrye tyd, raak dus nie alleen die totale persoonlikheid van die individue, maar ook die totaliteit van sy gedraginge.

4. Vryheid en gesag.

In sy poging om 'n doeltreffende vryetydsprogram vir sy leerlinge daar te stel, kry die skool dus te doen met 'n verskeidenheid probleme. Die uitstaande hiervan hou verband met gesagsverhoudinge. Dit blyk dan ook die sentrale probleem te wees van die skoolsituasie in baie Westerse lande.

Hieroor skryf Stinchcombe soos volg:

"The student - teacher relation in high school is one of the few authority relations in modern society whose maintenance is consistently problematic. Though authority everywhere frequently meets with lack of enthusiasm by subordinates, it is not often openly flouted and insulted. Though authorities everywhere have difficulty persuading subordinates to be devoted

1. Butler, G.D. Introduction to Community Recreation, pp. 251-252.

to the goals of organizations, they only rarely have difficulty carrying on orderly social intercourse. It is consistently problematic whether orderly social intercourse will take place in classrooms¹⁾

Die vryetydsprobleem as gesagsprobleem hou verband met vele ander sosiale probleme - dit sny oor die grense van ekonomiese, gesins-, onderwys-, godsdienstige en ander sosiale instellings. Die groter vryheid wat hierdie instellings aan die individu bied om sy eie inklinasie in vryetydsaktiwiteite te volg, is deel van 'n tendens tot groter permissiwiteit.²⁾ Dit is teen hierdie agtergrond van groter permissiwiteit in die samelewing wat die skool se gesagsprobleem begryp moet word.

Die skool, as deel van hierdie samelewing, huiwer blykbaar self ook om gesag uit te oefen. Die begrippe "vryheid" en "gesag" of "dissipline" word hanteer asof hulle nie deel van dieselfde proses uitmaak nie. Dit blyk byvoorbeeld ook Miller en Robinson se dilemma te wees:

"The difference between the freedom that is implied in leisure and the discipline that is implied in work poses for the school a very critical problem of undertaking in one educational process two relatively unlike functions. There is no doubt that this problem still remains primarily unsolved by the schools."

1. Stinchcombe, A.L. Rebellion in a High School, p. 88.

2. Johnson, E.H. Social problems of Urban man, p. 272.

En voorts:

"..... the recreation method is based upon the philosophy of the values in recreative play, the creativity, spontaneity, voluntarism and other elements sometimes consciously set against the sober and serious attitudes and disciplines of work. These latter have been key components of the traditional education method.".¹⁾

Hoewel dit waar is dat hierdie rekreasiewaardes in sekere aktiwiteite voorop staan, is dit ewe-eens 'n realiteit dat ander aktiwiteite vra om 'n ernstige gees omdat ook die waardes van prestasie, kompetisie en status ter sprake is, omdat hierdie aktiwiteite 'n groot mate van ordelikheid, toewyding, harde oefening en reëlgebondenheid verg.

Hutchins stel dit soos volg:

"Man is by nature free, and he is by nature social. To use his freedom rightly he needs discipline. To live in society he needs the moral virtues.".²⁾

Die essensie van die vryetydsproblematiek in soverre dit opvoeding vir die vrye tyd raak, hang saam met die voorgenoemde stelling en spreek uit die algemene besorgdheid³⁾ wat daar bestaan oor die morele inhoud van baie vryetydsbedrywe en die neiging tot gebrekkige selfdisipline en die verwerping van gesag. Dit is dus prinsipieel 'n kulturele probleem van die Westerse tegnologiese samelewing.

1. Miller N.P. en Robinson D.M. op. cit., p. 269 en pp. 272-273.

2. Hutchins, R.M. The Basis of Education, p. 26.

3. Horw, W. Onbehagen in de huidige maatschappij, pp. 9-10.

H O O F S T U K 10

RIGLYNE OOR BELEIDSASPEKTE BETREFFENDE DIE TOEKOMS

1. Botsende waardes.

Die individu se gehoorsaamheid aan bepaalde waardes en norme bepaal die aard van sy uitsig op die wêreld; dit rig die teorie en praktyk van sy arbeids- en vrye tyd en hierdeur ook sy verhoudinge met die medemens. Dit bepaal dus ook die mate waarin hy homself bewustelik aan bepaalde gesagsvorme onderwerp en dit dra ook by tot die mate waarin hy onbewustelik deur gesagsinvloede gestuur word.

Die waardebeeld wat uit die tegnologies georiënteerde Westerse samelewing na vore tree, word gekenmerk deur uiteenlopendheid, 'n verwarrende invloed en dubbelslagtigheid. Die stand van geldende waardes en norme verteenwoordig in hoofsaak 'n konflikterrein waarin die tradisionele hoër waardes van die Westerse samelewing minder uitgeleef word, toenemend bevraagteken word, geneutraliseer word of verdring word onder die invloed van die relatiewe waardes.

Van Staden stel dit soos volg:

"Die huidige krisis in die massasamelewing kan as 'n krisis in waardes bestempel word - spruit voort uit die verskeidenheid van lewens- en wêreldbeskouinge in die massasamelewing wat 'n dubbele moraliteit tot gevolg het. Die moderne mens raak dus verward ten opsigte van die waardes en norme in die massasamelewing wat relativisme ten opsigte van gewoontes, handeling en gedragspatrone meebring."¹⁾

1. Van Staden, J.H. Invloed van die massasamelewing op enkele lewensterreine, p. 166.

Hierdie waarde- en normeverwarring bring mee dat vryheid en gesag dikwels lynreg teenoor mekaar gestel word in direkte teenstelling met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie verband skryf Gunter:

"Hulle is teenstrydig met mekaar slegs wanneer vryheid met willekeur en losbandigheid of gesag met dwang en dwingelandy gelyk gestel word. 'n Gesag wat vryheid vernietig, is 'n valse gesag en 'n vryheid wat sig van gesag wil losmaak, is 'n valse vryheid.'" ¹⁾

Hierdie toestand spruit blykbaar voort uit die komplekse struktuur van die eietydse samelewing. Binne die primêr mensgemaakte leefwêreld blyk daar 'n groter afstand as vroeër in te tree tussen die individu enersyds en sy Skepper en die natuur andersyds, terwyl die individu homself sterker oriënteer tot die skeppingswêreld van die mens. Hierdeur staan die individu oënskynlik toenemend vryer van die gesag wat spreek uit die religieuse, sedelike, estetiese en waarheidswaardes, terwyl die gesag van die ekonomiese, sosiale, biologies-vitale en teoretiese waardes skerper na vore tree.

Die verflouing en verval van religieuse waardes blyk nie slegs beperk te wees tot onkerklikheid en buitekerklikheid nie, maar dit het ook reeds die kerklike groep binnegedring: dit word weerspieël deur die betekenisvolle verskil tussen dit wat die individu glo en dit wat hy dikwels doen. Hand aan hand hiermee loop die insinking ten opsigte van sedelike waardes en norme.

1. Gunter, C.F.G. Opvoedingsfilosofie, p. 408.

Die verwarrende, pluralistiese waardebeeld wat veral deur die vryetydsektor geprojekteer word, werk ondermynend in op die Christelike waardestelsel en ondergrawe dus tegelyk ook die gesagstruktuur van die tradisioneel geordende Westerse samelewing.

Oberholzer sê in hierdie verband:

"Ooreenkomstig die eise van ons lewensopvatting lê die sieraad van menswees nie in gewaande selfstandigheid en selfgeproklameerde eiegeregtigheid nie, maar in 'n besef van diepe afhanklikheid en liefdesgehoorsaamheid teenoor Sy gesag, met aansluitend die bereidwillige aanvaarding van verantwoordelikheid en toerekeningsvatbaarheid."¹⁾

Die individu se afgeslotenheid van die wonders van die Skepping, die popularisering deur die massakommunikasie-media van die hoër kultuur en die neiging tot die standaardisering van smaak onder die invloed van mass-aanbiedinge onder meer, dra by tot die afstomping van estetiese waardes.

Voorts kan verwag word dat in 'n samelewing waarin die individu 'n onpersoonlike en selfsugtige stellingname teenoor die medemens ontwikkel, deugde soos eerlikheid, opregtheid, medemenslikheid en mededeelsaamheid geweld aan gedoen sal word. Medemens word mededinger en sy belangrikheid word dikwels gemeet aan sy bruikbaarheidswaarde.

Dit blyk byvoorbeeld dat baie individue se skuldgevoelens nie soseer geraak word deur die immoraliteit van hul dade nie, maar eerder deur die feit dat hulle aan die kaak gestel is.

1. Oberholzer, C.K. Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek, p. 354.

Net soos die religieuse waardes sentraal staan onder die tradisioneel hoër geestelike waardes, kan die ekonomiese waardes beskou word as die kern van die relatiewe waardes. Die streefwaardes word oorheers deur materiële besit, deur sosio-ekonomiese status, deur liggaamlike gesteldheid, plesier en genot en voorts deur 'n verheerliking van verstandelike vermoëns, prestasies en sukses.

'n Verdere implikasie word deur Hoffman uitgewys, naamlik dat 'n religieuse versplintering steeds lei tot 'n verbrokkelde nasionale beeld omdat dit die volk in die wortel van sy bestaan, krag en voortgang tref.¹⁾

Hierdie konflikte tussen die hoof Westerse waardeestelsels betrek noodwendigerwys ook die vryetyds- en arbeidswaardes. Kragtens die tradisionele Christelike arbeids- en vryetyds-etiek werk en leef die mens tot eer van God. Die gevaar bestaan egter dat die mens binne die tegnologies-vryetydsbeskawing 'n egosentriese rigting inslaan en in diens van homself arbeid en ontspan, dat baie individue nie meer die arbeid beleef as 'n integrerende lewensfaktor nie en dat die vrye tyd benader word met die erns wat vroeër eie was aan die arbeid.²⁾

Miller en Robinson skryf in hierdie verband die volgende:

"Religious leaders have pondered the modern question of the ethical implications of the decline of work as a source of human values. They now ask the question, is not leisure to

-
1. Hoffman, P.A.E. Enkele aspekte van die sosiaal-pedagogiese problematiek van die moderne samelewing in Christelike perspektief gesien.
 2. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, p. 149.

be the main source of man's freedom to be creative, to exercise his gifts, and to contribute of these gifts to his fellows? And the church has moved from its earlier position as primarily guardian of the ethic of work and fighter against pursuit of leisure to an institution with significant recreational functions."¹⁾

Die voortgesette tegnologiese ontwikkeling met sy gepaardgaande snelle beskawingsevolusie sal ongetwyfeld nog vele ingrypende veranderinge meebring in die lewens- en arbeidsgewoontes ²⁾ en een van die mees diepgaande wysigings mag geleë wees in die soort aktiwiteite waarmee die mens hom sal besig hou. Diegene wat die meeste vrye tyd gewen het en wat in die toekoms nog meer mag wen, is diegene wat dikwels die minste daarop voorbereid is: die laergeskoolde werkers met 'n lae opvoedingspeil.³⁾

Ook hierdie aspek hou besondere implikasies vir die R.S.A. in, en veral vir sover dit die groot nie-blanke bevolking raak. Die verstedeliking van miljoene swart werkers met 'n lae opvoedingspeil en die feit dat hulle minstens deels van hul eie kultuur vervreemd raak binne 'n vinnig veranderende Westerse samelewing - waarin Westerse streefwaardes aan hul opgedring word - kan maklik lei tot 'n intense gevoel van misdeeldheid, vertwyfeling en vervreemding. Dit is die gesagsinvloede wat ook in sy vrye tyd op die individu inwerk, wat dikwels 'n reaksie op arbeidsgebied uitlok en wat maklik

1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. op. cit., p. 278.

2. Feldheim, P. De Sociologie van vrijetijdsbesteding: enkele actuele problemen, p. 16.

3. American Association for Health, Physical Education and Recreation. Leisure and the Schools, p. 6.

gestalte vind in onder meer arbeidsonlus en stakings. Hierdie reaksies kom juis voor onder veral die werkersklas in Westerse lande.

{ Dit is van kardinale belang dat hierdie bevolkingsgroep se vryetydsbehoefte dieselfde ernstige aandag sal geniet as wat hul behuisings- en arbeidsbehoefte tans ontvang.

Namate hierdie groep se deelname aan Westerse kultuur toeneem, sal hulle ook deel in die probleme wat eie hieraan is. Een van hierdie probleme word deur White genoem in sy beskouing van die "leisure society":

"Like the welfare and affluent societies, the leisure society would mean more time for pleasure. Well and good, but some thinking people believe that modern society in the pursuit of leisure, is in danger of destroying happiness, wearing itself out, both physically and mentally, in the pursuit of something - or somewhere - new."¹⁾

2. Die aard van deelname.

Die massakarakter van die Westerse samelewing, veral met betrekking tot leefruimte, behuising, vervoer, arbeid, kommunikasie en ontspanning - waarvan die individu beswaarlik kan ontsnap - bring 'n versnelde lewensritme en 'n oënskynlik toenemende aantal beperkende reëls mee waarmee die individu rekening moet hou.

Hieruit vloei twee basiese vorme van vryetydsgebruik voort wat mekaar nie volledig uitsluit nie. Die mees algemene

1. White, J.B. The whole world wants to put its feet up, p. 9.

vorm staan in verband met 'n houding van passiewe of onkreatiewe verbruik: suiwer ontspanning en genieting. Hierdie vorm tree veral na vore in die sogenaamde massakultuur.

Die tweede wil spontaneïteit aanwakker deur 'n beroep te doen op tradisionele waardes en is na die verlede gerig. Die hengelaar, die knutselaar, die skeppende stokperdjiebeoefenaar, die tuinbouer in Engeland, die amateur kunsskilder op die Vasteland en diegene wat gemeenskapsdiens in hul vrye tyd verrig in die V.S.A. en wat nagenoeg 20 miljoen tel, soek na 'n vryheid langs die weg van die vrye tyd. Dit is 'n vlug, bewustelik of onbewustelik, uit die maatskappy wat vasgeanker is in sy welvaart, produksie, kompetisie en statussoeke, na 'n wêreld van individuele spontaneïteit.

Hierdie twee vorme word egter geskei deur hul totaal verskillende oriëntasie. In die een geval het 'n mens te doen met 'n passiewe onderwerping aan 'n uniforme massakultuur wat in hoofsaak vervlakking ten doel het. In die tweede vorm gaan dit om persoonlike oorgawe, die soeke na outentieke kulturele waardes. Hierdie onderskeid begin reeds vervaag, soos blyk uit onder meer die populariteit van massatoerisme en uit die knutselbedryf met geprefabriseerde elemente.

Die feit dat die eerste vorm van vryetydsdeelname totaal oorheers, lei noodwendigerwys tot 'n hoë mate van sosiale en kulturele immobiliteit.¹⁾ Die vryetydsaanbiedinge van die maatskappy word beheer deur dieselfde wette wat die mark van materiële goedere beheer. Hierdie selfde maatskappy wat nou-

1. Ahtik, V. Sosiale Beplanning van de vrijetijdsbesteding, pp. 4-6.

keurig let op die gedraginge van die individu insoverre as wat dit die produksieproses raak, laat die individue wat die verbruikers van sy goedere is, in die verbruikerstyd aan hul eie lot oor.

Ahtik skryf in hierdie verband:

"Het woord 'massacultuur' roept de gevolgen op van deze paradox: geroepe om het individu te bevrijden om zijn sociale ervaring tot persoonlijke beleving te maken, onderwerpt zij hem in werkelijkheid aan de druk van het conformisme en laat hem een nood ervaren die hij niet aankan."¹⁾

In hierdie verband speel die massakommunikasie-media 'n oorheersende rol: dit oefen gesag uit, nie alleen deur die vryetidsprodukte wat dit vir verbruik aanbied nie, maar eweneens deur die boodskappe wat dit dra. Agter die boodskappe skuil die massaverkooptechnieke met al die organe en tussenpersone wat die smaak, behoeftes en waardes van die groot kopers- en verbruikerspubliek dirigeer.^{2), 3)}

Kaplan skryf in hierdie verband:

"If anyone remains autonomous in his use of free time, it is not for the lack of effort of commercial taste makers who hope to affect his decisions and expenditures."⁴⁾

1. Ahtik, V. op. cit., p. 7.

2. Marcuse, H. One-Dimensional Man, p. 9.

3. Davis, D.M. Het erfdeel van de toekomst de beschaving van de vrije tijd, p. 32.

4. Kaplan, Max. Leisure: Theory and Policy, p. 37.

'n Mens sou hier kon praat van 'n keuseproses ten aansien van alternatiewe wat reeds deur die maatskappy voorsien is.¹⁾

'n Verdere aspek van die kernprobleem is dus blykbaar geleë in die verhouding tussen genieting en verantwoordelikheid; tussen die spontane innovasie en gebondenheid.

3. Stedelike samelewing.

Die stedelike lewenswyse behels meer as net 'n besondere lewenstyl: dit word ook gekenmerk deur 'n besondere manier van dink. Die stedeling is meer geïnteresseerd in sekere gebeure en verdraagsamer betreffende die res as landelike mense; hy is minder begaan oor tradisie en is verdraagsamer teenoor verandering en aanvaar dit amper as vanselfsprekend. Hy staan nie noodwendig onverskillig teenoor veranderinge nie, maar maak geredelik die nodige aanpassings.²⁾

Die stad as bepaalde soort gemeenskap funksioneer nie meer doeltreffend as buffer tussen die groot maatskappy en die individu of sy gesin nie. Die menslike groep het 'massa' geword en die stedelike gemeenskappe het in 'n groot mate plek gemaak vir organisasies. Laasgenoemde betrek nie meer die persoon in sy tataliteit nie, maar meermale slegs 'n bepaalde aspek van die persoon; dit behels dus een van die vele rolle wat die stedeling moet speel.

Dit is dus nie slegs die stedelike samelewing wat versnipper word nie, maar ook die lewe van die individu. Dit is daarom

-
1. Wippler, R. Sosiale determinanten van het vrijetijds-gedrag, pp. 7-8.
 2. Douglas, J. e.a., Human Behavior in Marketing, pp. 105-106.

moontlik om tegelyk deel te wees van meer as een groep maar telkens vanuit 'n ander gesigspunt. Daarby kom nog dat die sosiale verhoudinge van 'n organisasie - en die arbeid is hierby inbegrepe - meestal langs eksterne weë tot stand kom; anders as in 'n gemeenskap waarin affektiewe bande of interne bindinge funksioneer.

Hierdeur kan die mens steeds meer vreemd en oneg teenoor homself staan. Hy bepaal nie meer sy eie lewe nie maar word deur faktore van buite af geleef. In die proses kom die grondwaardes steeds meer te staan teen die waardes van kommersiële propaganda, van die mode en van sosiale grille. Hierby kom nog die feit dat in die praktyk van die samelewing die funksie swaarder weeg as die persoonlikheid; die "doen" swaarder weeg as die "wees".¹⁾

Dit is teen die agtergrond van onder meer fisiese beperkinge; sosiale, psigologiese en ekonomiese gesagsinvloede; verstrooiing en snelle lewenstempo; vereensaming;^{2), 3)} atomisering en vatbaarheid vir prikkels en sensasie en bowe-al 'n vertroebelde waardestelsel dat die individu sy vrye tyd aandurf.

Die lewe as onberekenbare verskynsel word opgedeel in oorsigtelik hanteerbare onderdele. Dit hou die gevaar in dat gespesialiseerde voorsieninge gerealiseer word wat niks met mekaar te make het nie en 'n eie lewe lei; waarvan die funksie

-
1. Nuij, T. Nuwe vorme van gemeenschapslewen, p. 832.
 2. Verster, J.U. Die psigo-sosiale uitwerking van hoëdigtheidsbewoning Deel 4: Eensaamheid, sosiale isolasie, angs en aggressie van woonstelbewoners in 'n hoëdigtheidsarea, p. 8.
 3. Liebenberg, C.R. en Spies, P.G. van Z. Buitelug-opvoeding in die R.S.A., p. 14.

en die vorm nie meer van die basisgegewe - die ontplooiing van die mens - afgelei is nie.¹⁾

Mulder skryf hieroor die volgende:

"Een optelling van op zigself gezien misschien bruikbare woningen, scholen, speelplaatsen enz. levert in veel gevallen nog geen goede woonomgeving op. Door de analytische werkwijze dreigt het leven uit elkaar te vallen, tussen de vingers door te glippen."²⁾

Yukic stel die siening soos volg:

"It is not simply an aesthetic concept or an engineering approach; rather, it involves studying the ways in which people relate themselves to one another - their objectives, education, housing and recreational needs - in order to visualize the reciprocal effects of environment on neighborhood and family life."³⁾

Hierdie besef kom toenemend na vore in behuisings- en stedelike beplanning in veral die V.S.A. waar buurte en eenhede ontwikkel word met die oog op tradisionele gemeenskapsvorming.⁴⁾

Dit is dan 'n aspek wat van besondere belang blyk te wees vir toekomstige stedelike beplanning in die R.S.A. Hoewel daar aanduidings is dat die bevolkingsgroei tempo onder beide blankes

-
1. Mulder, B. Kanttekeningen by indrukken van een bezoek, pp. 483-485.
 2. Mulder, B. op. cit., p. 285.
 3. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 47.
 4. Yukic, T.S. op. cit., p. 46.

en nie-blankes in die R.S.A. aan die afneem is, word voorsien dat die volgende twee dekades besondere druk op stedelike uitbouing en vestiging gaan meebring - veral betreffende die swart bevolkingsgroep.

Gedurende die eerste helfte van hierdie eeu het daar as gevolg van onder meer droogtes, die depressie en industriële ontwikkeling 'n grootskaalse migrasie na Suid-Afrikaanse stede plaasgevind; en teen 1970 het die volgende persentasies van die verskillende bevolkingsgroepe hulle in stedelike gebiede bevind:

Blank	86,8
Asiërs	86,7
Kleurlinge	74,1
Swart	35,0 ¹⁾

Die voorsiening van fasiliteite wat aanpas by die vryetyds-behoeftes van diegene vir wie dit voorsien is, is van deurslaggewende belang in die daarstelling van 'n aanvaarbare leefruimte.

Die vryetydsituasie van die stedeling behels egter meer as net 'n toename in vrye tyd en die daarstelling van fisiese fasiliteite vir die benutting in die vrye tyd. Nuwe samelewingsvorme is steeds besig om te ontplooi en toe te neem in kompleksiteit. Dit oefen 'n direkte invloed uit op die stedeling se vryetydsituasie.

In 'n vereenvoudigde vorm gegiet, bestaan die individu se vryetydsituasie uit drie basiese sektore.

1. Official Yearbook of the Republic of South Africa, p. 33.

Die eerste behels die rekreasiebedryf waarin sport, die massakommunikasiemedia en die skouspel 'n prominente rol speel. Die klem val hier op omset en verbruik; op toeskou en toehoer. Die individu leun in sy vrye tyd swaar op die skeppinge, vaardighede, organisasie en aanbiedinge van 'n klein elite-groep.

Hierdie sektor is eie aan die grootstad en groei minstens net so vinnig soos die stad self. Die elemente wat hierdie groei bevorder, sluit onder meer in die individu se afhanklikheid van prikkels, die egalisering, die sensasie en die feit dat ondernemers wins wil maak. Hierdie sosio-psigologiese dinamiek van die stad¹⁾ beweeg in die rigting van toenemende kommersialisering, spesialisering en voorafberekende vryetydsaanbiedinge.

Selfs binne hierdie sektor vind grootskaalse wedywing plaas om die aandag en die geld van die individu - tussen byvoorbeeld die televisie, die radio, die bioskoop, die teater en sport; asook tussen koerante en tydskrifte onderling. Hierdie beweging versterk op sy beurt weer die stedeling se geneigtheid tot 'n passief-ontvanklike ingesteldheid in sy vrye tyd.

Die tweede sektor van die stedeling se vryetydsituasie behels die aanbiedinge van onder meer kerklike, kulturele en jeugverenigings en vir die skoolgaande jeug ook van skole. Hierdie organisasies bemoei hulle met vorme van vryetydsbesteding waardeur die "natuurlike"²⁾ sosiaal-psigologiese dinamiek nie bevorder word nie maar wat dit teëhou. Hierby staan bepaalde

1. Mennicke; C.A. Sociale Psychologie, p. 108.

2. Mennicke, C.A. ibid., p. 108.

sportgroepe op die voorgrond: hulle poog om sensasie te ontsnap, hoewel hulle nie altyd daarin slaag nie.

Die derde sektor behels daardie aktiwiteite wat die individu relatief onafhanklik van regulering en aanbiedinge van buite af verrig. In die suiwere vorm word dit gekenmerk deur spontaneïteit, kreatiwiteit en vryheid van keuse. Dit verteenwoordig met ander woorde wyses waarop die individu homself in sy vrye tyd besig hou en wat voortspruit uit onder meer ervaring, opvoeding en belangstellings.

Van belang is dat daar 'n verantwoordelike stellingname deur die aanbieders in die rekreasiebedryf sal bestaan en dit spruit nie voort uit die sosio-psiologiese dinamiek as sodanig nie. By die rekreasiebedryf is hierdie verantwoordelikhedsbesef hoofsaaklik te bespeur vir sover dit deur die sensuur verteenwoordig word - 'n faktor wat die ondernemer dikwels as 'n remmende invloed aanvoel. In die tweede sektor bestaan hierdie verantwoordelikhedsbesef wel, maar die trefkrag van die verenigings en liggame is relatief beperk.

{ Die ideaal sou wees om te streef na 'n aanvaarbare balans
tussen kommersiële en nie-kommersiële vryetydsaanbiedinge.

Hieroor skryf Miller en Robinson soos volg:

"The question for the non-profit agencies is to accept a commitment to the fulfillment of their function creatively and with imagination and energy. The question for the profit-making sector of recreation is to fulfill basic leisure values and not to let exploitation and vulgarization of public tastes

take place for profits' sake."¹⁾

Dit is voorts belangrik dat diegene wat in die finale instansie die verantwoordelikheid vir die organisasie van die stadslewe dra, oor voldoende insig sal beskik en 'n geneigdheid sal toon om hulself met hierdie vraagstuk te bemoei.

Wat die derde sektor betref, is dit 'n aspek waarby die gesin en die skool baie nou betrokke is.

Daar word volstaan met die siening dat die individu, en veral die stedeling, in sy vrye tyd aangewese is op kommersiële en nie-kommersiële vryetydsaanbiedinge terwyl hy ook self 'n bydrae moet lewer tot sy vryetydsbesteding. Hoewel al die aktiwiteite waarby die individu betrokke is, individueel mag voldoen aan gangbare waardes en norme, beteken dit egter nie dat sy vryetydsprogram as sodanig voldoen aan menswaardige maatstawwe en erkende vryetydsfunksies nie. Bowe-al neig die stadsmilieu om ten opsigte van die individu 'n nie-ondersteunende gesagsfunksie ²⁾ te vervul.

4. Die jeug.

Die antwoord op die vraag wat van die jeug verwag word, hang vir 'n belangrike deel af van die beeld wat die samelewing en hierdeur ook die volwassene projekteer, asook van dit wat van die samelewing verwag word. Die problematiese aard ³⁾ van hierdie vraag hang voorts af van hoe die samelewing van die jeug as groep gebruik maak.

-
1. Miller, N.P. en Robinson, D.M. The Leisure Age, p. 481.
 2. Van der Merwe, C.I.S. Die gesagstruktuur in die Grootstad as opvoedingsmilieu, p. 42.
 3. Torenstra, N. Jeugd en Sameleving, p. 5.

Deurdat die meerderheid van die jeug hulle in materieel onproduktiewe rolle bevind, is hulle van die volwasse wêreld afhanklik vir hul materiële gegewens. Terselfdertyd vereis hul vryetydskultuur - onder die invloed van die volwasse wêreld - dat hulle grootskaals sal verbruik. Die vryetydswaardes wat aan hulle voorgehou en opgedring word en die uiteenlopende wyses waarop die aanvaarbaarheid daarvan deur die samelewing hanteer word, verteenwoordig 'n belangrike aspek van die gedisoriënteerdheid van die huidige Westerse samelewing.

Die vraag kan voorts hanteer word deur 'n teenvraag: in hoeverre slaag die eietydse gesin en die samelewing daarin om die geskikte klimaat te skep waarin die behoeftes van die jeugdige bevredig kan word? Dit gaan dus hier nie bloot om die eise waaraan die jeugdige moet voldoen en om die waardes en norme wat die jeugdige moet gehoorsaam nie, maar belangriker nog, om die wyse waarop die volwassene en die samelewing bydra tot die moontlikhede vir die realisering al dan nie van hierdie verwagtinge.

Net soos die volwassene bevind die jeugdige en in die besonder die stedelike jeugdige hom in 'n samelewing waarin die menslike verhoudinge sowel binne as buite die gesin mank gaan aan egte liefde: daar is 'n gebrek aan gemaklike, spontane uiting van warmte en teerheid. Mense is bang vir en wantrou intimiteit en dit stomp die emosionele belewenis af: hulle probeer mekaar op onbarmhartige wyse verbystreef. Hierdie allesoorheersende strewe na sukses neig om alle ander menslike oorgewings te verdring.

Geld en status blyk die nuwe god te wees. Die medemens word behandel as iets onpersoonliks; menslike verhoudinge word in 'n bepaalde sin ontmenslik. Op 'n ander vlak word die neiging aangetref om die skyn vir die werklikheid voor te hou - ook in die menslike verhoudinge. Dit hou die gevaar in dat die natuurlike lewenslus en die gevoel vir avontuur verminder of verdwyn en dat die mens werktuig word. Hierdie skyn of dualisme betreffende lewenswaardes en norme verwar die jeugdige verder.¹⁾

Die afstand tussen jeugdige en volwassene word beklemtoon waar die volwassene die tradisie as nastrewenswaardig aan die jeugdige voorhou en hom ook hieraan meet terwyl hy self die tradisie verbygestreef het.

'n Groot groep van diegene wat gemoeid is met die opvoeding van die jeug, blyk in hoofsaak te reageer op die groter welvaart en "onafhanklikheid"²⁾ in die sin van verset en vreemding van die jeug. Die belangrikste behoefte van die jeug blyk egter te wees om bevry te word van hul verblindende konformisme: veral na binne maar ook na buite - 'n geesteshouding wat deels oorloop na die volwasse wêreld maar wat sy oorsprong ook grotendeels daarin vind.

Lamprecht skryf na aanleiding van die situasie van die jeug, soos volg hieroor:

"Er is niets aan te doen dat de industrie in de moderne, op gebruik gebaseerde maatschappij de heerschappij over de con-

1. Ackerman, N.W. De strijd van de puber als protest, pp. 70-71.

2. Davies, B. Non-Swinging Youth, pp. 9-10.

sumenten voert; dit is echter een groot verschil of de konsument blindelings het slachtoffer word dan wel zich op kritisch bewuste wijze aanpast aan de maatschappilike eisen. Dit verskil is van beslissende betekenis. Alleen geestkracht is in staat om ondanks de bepalende maatschappelijke struktuur die bescheiden dosis vryheid veilig te stellen die een samelewing, indien zij tenminste nog voor beschaafd wil doorgaan, uiteindelik als hoogste goed dient te beskouwen."¹⁾

Dit lei tot die vraag: in hoeverre is dit, in die geheel gesien, moontlik om te onttrek aan die gestandaardiseerde en vormende invloedsfeer van diegene wat praktyke²⁾ met die jeug beoefen; praktyke wat dikwels bevraagteken word en wat nie net dui op botsende waardes nie maar wat ook verwys na verskille tussen teorie en praktyk of tussen "sê" en "doen".

Dit is kommerwekkend dat beide die jeug en die volwassenes hul werklikheid- en vryheidsin te dikwels verruil vir die standaardgerief van 'n geprefabriseerde bestaan; vir sommige produkte van twyfelagtige belang of waarde, soos aangebied deur die kultuur- en vermaaklikheidsbedryf en opgedring deur 'n geraffineerde reklamepraktyk.

Deur psigo-tegniese beinvloeding word die individu dikwels gelei tot grootskaalse werklikheidsontvlugting en vryheidsprysgawe wat weer afstomp en afhanklikheidsvormend inwerk op die individu se vryetydsgebruik. Terwyl uiterste standpunte enersyds die frustrerende effek van puriteinse gesag beklemtoon

1. Lamprecht, H. Exploitasie van die teenager, pp. 7-8.

2. Lamprecht, H. op. cit., p. 9.

en andersyds kommer uitspreek oor die bandelose vryheid van die jeug, val die stilsluipende gesag van onder meer die groep en die reklame- en vryetydsbedryf soms tussen die twee deur.

Die uitlewing en beklemtoning van sluimerende waardes deur lede van die jeuggroep in die vorm van onder meer vervreemding van die volwassekultuur, verset en delinkwensie, is geen nuwe verskynsel nie, maar 'n toename in hierdie gedragsvorme dui op die mate waarin hierdie jeugdiges die samelewingsituasie onaanvaarbaar vind.

Racine en ander skryf hieroor soos volg:

"Men mag in die uitspattingen van de nozems een waarschuwing zien tegen de gevaren die onze massamaatschappij bedreigt - oorheerst zoals hij is door de tegniek, de publiciteit en de cultus van sukses en gemak."¹⁾

5. Die gesin.

In die pre-tegnologiese era het die besondere opvoedingskrag van die gesin daarin gelê dat hy in ruime mate kon steun op die meelewende invloed van onder meer inwonende familieledes, en familie woonagtig in die buurt; van die buurt of plaaslike gemeenskap, die kerk en die skool. Hierdie samelewings-elemente het tegelykertyd as buffer gedien teen samelewings-invloede wat strydig was met die algemeen gangbare waardes en norme - dit het die gesin bygestaan in die verwerking van en aanpassing by 'n relatief ongekompliseerde en stadig veranderende wêreld.

1. Racine, A. e.a. De Nozems: een socio-culturele fenomeen van ons tijd, p. 295.

Die gesin in die eietydse samelewing is egter in 'n ruime mate geïsoleer van sodanige steungewende invloede. Die voorkoms van die verlengde gesin het dramaties afgeneem, familiebande blyk veel losser te wees, deels as gevolg van geografiese verspreidheid. Die homogene karakter van die buurt of plaaslike gemeenskap het veral in die stede grootliks verdwyn, terwyl die kerk en die skool ook deel van hul tradisionele invloeds- en opvoedingskrag moes inboet.

Die gesin geniet dus nie alleen minder steun van buite nie, maar moet voorts rekening hou met 'n pluralistiese samelewing waarbinne daar instansies, kragte en invloede optree waarvan die uiteenlopende doelwitte, waardes en norme die gesin voortdurend dwing om belangrike en moeilike keuses te maak, indien dit nie vir die gesin gemaak word nie.

Die aard van die gesin se gesagsituasie het dus hierdeur verander: daar blyk 'n aansienlike verskuiwing plaas te gevind het weg van die relatief homogene gesagsinvloede wat die lewens- en wêreldbeskouing van die gesin in hoofsaak gedeel het en waarin tradisionele waardes gehandhaaf is. Die gesin bevind hom tans in 'n heterogene, minder konkrete gesagswêreld waarin die relatiewe waardes baie sterk na vore tree. Hierdeur word die opvoedings- en vryetydsituasie van die gesin ten nouste geraak.

Te midde van sodanige veranderinge moes die gesin noodwendigerwys self veranderinge in aard en funksie ondergaan. Die afname in sosiale beheer en die dienooreenkomstige toename in psigo-tegniese beïnvloeding te midde van 'n heterogene maat-

skappybeeld¹⁾ wat sterker na vore sal tree, plaas 'n besondere verantwoordelikheid op die Staat as hoogste landsgesag, maar ook op die gesin, die kerk, die skool, op kultuurorganisasies en plaaslike owerhede, asook op die bestuurders van die massakommunikasiemedia en die vryetyndustrie om te help toesien dat 'n aanvaarbare samelewing en leefwêreld gehandhaaf word.

Steeds sneller veranderinge moet gedurende die volgende paar dekades binne die Suid-Afrikaanse samelewing verwag word.

Enkele uitstaande aspekte word benadruk:

- * Die feit dat reeds nagenoeg 80% van die blanke bejaardes in Suid-Afrika hulle in tehuise bevind, is insiggewend: dit oortref die persentasie van die meeste Westerse lande.²⁾ Dit blyk dat die behoefte aan tehuise vir bejaardes steeds toeneem. Dit is van belang dat voorsieners van sodanige tehuise sal toesien dat fasiliteite verskaf sal word waardeur die bejaardes 'n volle en gelukkige lewe sal kan lei.
- * Daar kan verwag word dat die man-vrou-verhouding ook toenemend in die oog sal spring. Die reeds besonder hoë eg-skeidingsyfer mag verder toeneem indien die bevrydingsbeweging onder vroue plaaslik groter inslag kry. Die vrou se toenemende toetrede tot nuwe ekonomiese, maatskaplike en politieke terreine, deels deur haar langer lewensverwagting en deels deur haar ingekorte vrugbaarheidsperiode³⁾ dra in 'n ruime mate by tot status- en rolveranderinge binne die

-
1. Van Mechelen, F. 180 dagen arbeid - 180 dagen vrije tijd, p. 40.
 2. Natal Witness, The. 80 percent of S.A.'s aged in homes, p. 1.
 3. Van Mechelen, F. op. cit., p. 37.

gesin: met ander woorde tot veranderinge in die lewenstyl van die gesin en dus ook van sy individuele lede. Daar kan verwag word dat die tradisionele gesagsposisie van die man toenemend onder druk sal verkeer.

- * Die herverdeling van gesag in die samelewing raak uiteraard die opvoeding- en vryetydsituasie van die kind en in die besonder die van die jeugdige. Die situasie in die hoogsontwikkelde Westerse lande dui daarop dat die veranderde samelewingsituasie toenemende eise aan die vryetydsgebruik gaan stel.
- * Daar blyk 'n afname te wees in die samelewing oor die algemeen en in die gesin in die besonder in die uitinge van liefde en meelewing: in teenstelling met uitinge van selfsug, verwerping, vyandigheid en aggressie. In hierdie opsig het veral die kerk 'n besondere taak, naamlik om te besin oor wyses waarop die liefde op groter skaal tot intensiewe verwesenliking¹⁾ kan kom.
- * Voorts bereik toevoegings tot die standaardpakket al hoe vinniger 'n verkoopspek. Daar kan verwag word dat die tegnologie verdere uitbouing sal bring in verbruik en vryetydsaanbiedinge.²⁾ Hierdie ontwikkeling is afhanklik van die mate van ekonomiese groei en dit kan Suid-Afrika in die toekoms op verskillende wyses raak. 'n Toename in blanke welvaart sal waarskynlik die rol wat die relatiewe waardes speel, verhoog, terwyl 'n ekonomiese insinking

1. Krikendall, L.A. Seks, opvoeding en stabiliteit van het gezin, p. 97.

2. Riesman, D. en Roseborough, H. Careers and Consumer Behaviour, p. 218.

aanleiding sal gee tot groter werkloosheid en meer, deels gedwonge, vrye tyd. Dit kan egter ook gebeur dat ontwikkeling gestuit word deur ingrypende gebeure, byvoorbeeld deur 'n brandstofkrisis, sodat verbruik en beweging in die vrye tyd dramatiese aanpassings sal vra en dus andersoortige eise as nou aan gesinsrekreasie en gesinsverhoudinge sal stel.

- * Ekonomiese ontwikkeling sal waarskynlik 'n baie belangrike invloed uitoefen op die nie-blanke deel van die bevolking. Hul snelgroeiende koopkrag maak hulle 'n baie belangrike verbruikersmark - ook vir sommige vertakkinge van die rekreasie-industrie. Deur faktore soos verstedeliking, verwesterliking en werkende moeders wat in baie gevalle gedurende die week afwesig is, raak 'n groot deel van hierdie sektor minstens deels los van die waardes en gesagsbande van hul eie kultuur, terwyl hulle toenemend beïnvloed word deur die materiële streefwaardes van die Westerse kultuur.

Hul situasie betreffende onder meer arbeid, behuising en rekreasiefasiliteite sal toenemend van deurslaggewende belang word vir gesinsverhoudinge, die optrede van die jeug en vryetydsgebruik. Voorts kan verwag word dat die massakommunikasiemedia 'n toenemende gesagsinvloed ook op hierdie sektor van die bevolking sal uitoefen in die vorm van behoefteskepping, verwagtinge en vryetydsgebruik. Hierteenoor kan die blanke nie onverskillig staan nie.

6. Die skool.

Die skool is voortdurend onder druk om bykomstige opvoedingsfunksies by te bring; om ongewenste tendense in die same-

lewing te help teëwerk. Hierdie toestand spruit enersyds voort uit 'n mate van funksieverlies deur die gesin en ander samelewingsinstellings en andersyds uit kommerwekkende samelewingsveranderinge.

In die plaaslike situasie het die opvoedende onderwys veral gedurende die afgelope twee dekades nuwe uitdagings en verantwoordelikhede aanvaar deur onder meer grootskaalse kurrikulêre en buite-kurrikulêre veranderinge in te voer. Dit het saamgeval met 'n besondere groei in die blanke leerlingbevolking tussen die jare 1960 en 1978: 27% vir die groep vanaf klas een tot st. ses en 78% vir die groep vanaf st. ses tot st. tien.¹⁾

Die opvoedingsverantwoordelikheid wat reeds in hierdie stadium aan die skool opgelê word en die uitdagings wat daarmee verband hou in 'n vinnig veranderende samelewing, word onderstreep deur die verskeidenheid terreine waarmee die skool hom bemoei. Dit sluit onder meer akademiese vorming en skoling in wat 'n mate van beroepsgerigtheid kan insluit; toesig oor tuiswerk; liggaamlike opvoeding; godsdiensonderrig; geestesweerbaarheid/burgerlike verantwoordelikheid; voorligting, insluitende beroepsvoorligting; klasmusiek, insluitende sang; die ontwikkeling van 'n liefde vir lees; buitekurrikulêre sport, ontspanning en kulturele bedrywighede, opvoedkundige veldstudies, toesig oor reisende groepe; fondsinsameling - alles deel van 'n breë algemeen vormende onderwys: opvoeding vir die lewe; dus ook vir die arbeid en die vrye tyd.

1. Departement Statistiek, Nuusberig, p. 23.

Deur hierdie doolhoof heen loop die skool gevaar om perspektief op sy eie doelwitte te verloor; om tussen die bome om heen die bos mis te kyk. Die sinvolheid van die gehele skoolprogram moet egter ook aan die leerling oorgedra word; die geheel moet in 'n patroon vasgeknoop word - iewers moet die vryheid en gesagstrukture wat uit die waardes en norme van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing spreek, vir hom verhelder word en gestalte kry. Die vryetydswaardes is onlosmaaklik hiermee verweef.

In hierdie verband skryf Pretorius soos volg:

"Ofskoon die skool in terme van die tyd wat aan onderwys bestee word, oorwegend 'n onderwysinrigting is, is hy in die lig van sy roeping en taak wel 'n opvoedingsinrigting en mag hy kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid ook nooit iets anders wees nie.

Hierdie Wet bepaal naamlik dat die opvoeding en onderwys in ons skole 'n Christelike karakter het, dit wil sê, Skriftuurlik gefundeer is. Maar vanuit 'n Christelike perspektief kan daar geen twyfel bestaan oor die prioriteit van die opvoeding bo die onderwys nie; oor die prioriteit van die totale vorming van die kind bo sy bloot verstandelike ontwikkeling.".¹⁾

In die lig van die voorgenoemde kry die skool se verantwoordelikheid vir opvoeding in en vir die vrye tyd 'n besondere klem, veral namate die opvoedingsrol van die gesin kwyn en die plura-

1. Pretorius, W.G. Wat is 'n skool? Wat is sy taak?
p. 6.

listiese aard van die samelewing inslag vind. Die skool moet onder meer vir homself uitmaak of hy 'n ondersteunende of anders 'n remediërende rol wil speel betreffende die primêre opvoedingsfunksie van die gesin wat deur Liebenberg en Spies soos volg gestel word:

"Die gesin is die natuurlike en kernmaatskaplike groepering in die menslike samelewing waarbinne aan die kind se diepste en mees persoonlike behoeftes voldoen word, naamlik die behoefte aan sekerheid, veiligheid, beskerming - kortom aan liefde. In die geborgenheid van die liefdevolle gesinsituasie kry die kind, onder andere, geleentheid om geleidelik 'n eie verantwoordbare rangorde van waardes op te bou.

Een van die wyses waarop die ouer in dié verband funksioneer, is deur die ideologieë, gewoontes, gedragswyses en verhoudings waardeur die jeugdige vanuit die maatskappy beïnvloed kan word, te suiwer en te filtreer."¹⁾

Bernard het juis bovermelde in gedagte wanneer hy skryf:

"Verminder die feitekennis, maar gee vir die kind wysheid ...²⁾

Die oorkoepelende taak van die skool, synde breë, algemeen vormende onderwys, raak al hoe moeiliker namate die maatskappy in kompleksiteit toeneem: nie alleen groei die druk op die oordrag van feitekennis nie, maar toenemende eise word ook aan die opvoedingsfunksie gestel. Die gevaar bestaan egter dat die skool se formele kurrikulumwerk toenemend gekenmerk

1. Liebenberg, C.R. en Spies, P.G. van Z. Buitelugopvoeding in die R.S.A., p. 15.

2. Bernard, P.B. Die taak van die skool en die huis in die opvoeding van die Afrikanerjeug tot geestelike weerbaarheid, p. 312.

word deur eienskappe wat eie is aan die arbeidsektor: onder meer prestasie en produktiwiteit, wat lei tot 'n groter volume werk en 'n versnelde werktempo, fragmentering van die werk en 'n toenemende anonimiteit betreffende individue. Hierin kom die opvoedingstaak van die opvoedende onderwys in die gedrang. Maar selfs op die gebied van die skool se buite-kurrikulêre aktiwiteite dreig samelewingsinvloede om die opvoedingstaak te ondermyn en dit juis op dié gebied waar die skool 'n besondere bydrae kan lewer.

Dit is van besondere belang dat die skool ook ernstig sal besin oor sy verantwoordelikheid betreffende die formulering van 'n duidelike vryetydsbeleid en dat hy vir homself beide algemene en spesifieke doelstellings sal formuleer. Dit blyk egter dat hierdie aspek van die skool se taak tot nog toe in 'n ruime mate diepgaande besinning ontwyk het.

In hierdie verband tree die volgende drie kernaspekte na vore:

- * Die struktuur van die skoolprogram lei noodwendig tot kompartementalisering beide tussen en binne kurrikulêre en buite-kurrikulêre fasette, veral in die sekondêre skool. Dit hou onder meer die gevaar in dat die doelwitte wat in die onderskeie aktiwiteite na vore tree, nie noodwendig ondersteunend inwerk op die lewens- en wêreldbeskoulike beleid wat die skool nastreef nie.

Terselfdertyd tree die effektiwiteit van die totale skoolprogram op die voorgrond. Dit raak nie slegs die wyse waarop dit die breë groep beïnvloed nie, maar ook hoe dit die individuele leerling tref afhangende van die aard en omvang van sy deelname.

Plaaslike navorsers wys al dekades lank op 'n oorlaaide kurrikulêre program enersyds¹⁾ en op die feit dat baie leerlinge oorbetrokke raak by buitemuurse bedrywighede andersyds,²⁾ terwyl 'n styging in deelname aan buitemuurse aktiwiteite in individuele gevalle nie gepaard gaan met 'n proporsionele styging in skoolprestasies nie.³⁾

Na aanleiding van 'n studie van vryetydsaktiwiteite van hoërskoolleerlinge in die Kaapse Skiereiland gedurende die oorlogsjare, kom De Kock tot die gevolgtrekking dat sodanige aktiwiteite mank gaan aan doelgerigtheid en deursettingsvermoë. Hy meen dat opvoeders misluk in hul poging om 'n innerlike gesag in leerlinge tot stand te bring ten einde die ware beginsels van die Christelike geloof in die lewens van mense te laat kristalliseer.⁴⁾

Vier dekades later kom Du Preez, met betrekking tot die vryetydsbesteding van standerd agt-leerlinge, tot die slotsom dat die behoefte van leerlinge aan positiewe leiding en effektiewe tydbenutting tans dringend is; dat die voorligter en die onderwyser die leerling so sal moet lei dat die vryetydsbesteding van laasgenoemde hom in sy totaliteit gebalanseerd sal laat ontwikkel.⁵⁾

-
1. Roos, M.J. 'n Onderzoek na die buitemuurse bedrywighede van standerd nege-leerlinge in Potchefstroom se skole vir Blankes, pp. 267-268.
 2. Hofmeyr, J.H. Die buitemuurse aktiwiteite van sekondêre leerlinge in die O.V.S.-skole, p. 97.
 3. Botha, C.J. Die verhouding tussen die skoolprestasies en buitemuurse aktiwiteite van sekondêre leerlinge, pp. 86-88.
 4. De Kock, J.G. The Spare-Time Activities of Senior School Boys in the Cape Peninsula, pp. 72-74.
 5. Du Preez, P.H. 'n Onderzoek na tydbenuttings- en agtergronds faktore wat verband hou met die studiegewoontes en houdings van standerd agt-leerlinge: 'n voor-televisie opname, p. 74.

In 'n voor- en na-televisie opname betreffende die vryetydsbesteding van Afrikaansmedium standerd 9-leerlinge in die Durbanse omgewing wys Landman daarop dat deelname aan sport dramaties toegeneem het; dat die tyd wat aan tuiswerk bestee word ook toegeneem het en dat dit saam met die koms van televisie verklaar waarom 'n groot persentasie leerlinge later gaan slaap as tydens die voor-televisie opname.¹⁾

- * Die doelstellings van vryetydsopvoeding as onlosmaaklike komponent van die algemeen vormende onderwys word gebou op 'n rangorde van lewenswaardes: op begrip en oordeel ten opsigte van dit wat mooi of lelik is; goed of sleg is; aanvaarbaar of onaanvaarbaar is. Dit behels voorts waarderings vir en die nastrewing en beoefening van hierdie lewenswaardes.^{2), 3), 4), 5)}

Ewe belangrik is die wyse waarop hierdie waardes in die praktyk gestalte kry. Dit behels onder meer die mate van gesag wat in die vryetydsituasie uitgeoefen word deur die wyse waarop die skool sy vryetydsprogram en individuele aktiwiteite organiseer en hanteer. Hierdie gesagsuitoefening raak nie alleen die leerlinge nie, maar ook die onderwysers en die ouers.

- * Die derde aspek val in twee dele uiteen: dit behels die mate

-
1. Landman, W. Vryetydsbesteding voor en na televisie, pp. 35-36.
 2. Hutchins, R.M. The basis of Education, pp. 27-28.
 3. Brightbill, C.K. Vrije Tijd, p. 70.
 4. Meyer, H.E. e.a., Community Recreation, p. 92.
 5. Sherlock, P.M. Aims and Priorities in Education, p. 183.

van ewewig tussen sport, kulturele, intellektuele en skeppend-uitvoerende aktiwiteite in die skool se program; en die mate waarin die skool daarin slaag om die breë skoolbevolking te betrek.

Die besondere belangstelling in sport en die waarde wat in die samelewing daaraan geheg word, asook die stryd tussen die tradisionele en relatiewe waardes, word ook deels deur die skool weerspieël. Die waarde van skoolsport sentreer veral om die intrinsieke waarde daarvan. Deur die beoefening van sport kan die leerling sekere ego-behoeftes bevredig: hy kan homself laat geld en 'n gevoel van prestasie ervaar. Dit bied voorts vir beide deelnemer en toeskouer die geleentheid om medium waardeur hulle hulself met die skool kan identifiseer.¹⁾

Hiernaas kan dit ook 'n estetiese waarde vir die toeskouer inhou. Ander positiewe aspekte van sport in die skool se vryetydsprogram behels onder meer die volgende: dit kan daartoe bydra om uitsakkelinge langer op skool te hou; dit kan die ontwikkeling van selfdisipline bevorder; dit kan die moreel van die skool help uitbou en dit kan verveling en delinkwente gedrag²⁾ help bekamp.

Hierdie positiewe aspekte kan egter baie maklik en grootliks geneutraliseer word deur die teenwoordigheid van 'n verskeidenheid negatiewe faktore waarvan duidelike tekens ook in die plaaslike situasie sigbaar is. Dit blyk dat die situasie van

1. Coleman, J.S. Athletics in High School, p. 41.

2. Yukic, T.S. Fundamentals of Recreation, p. 14.

sport in Suid-Afrikaanse skole sterk neig in die rigting van die Amerikaanse ontwikkelingsmodel. Dit behels onder meer die volgende:

- * Oorheersing deur een of enkele sportsoorte in die skool se vryetydsprogram.
- * 'n Oormatige gesagsinhoud wat tot stand kom in en om die betrokke sportsoort of vryetydsaktiwiteit deur oordrewe oefening, motivering en voorskriftelikheid.
- * Die voorgenoemde hou verband met 'n ongesonde kompetisiegees en 'n wen-ten-alle-koste-houding, ongeag die estetiese en morele aspekte van die spel. Dit hou voorts verband met die sosio-psigologiese dinamiek van die skoolgemeenskap.
- * Heldeverering van toppresterders in prestige-aktiwiteite vind plaas en hierdie verskynsel neig om deelname op laer vlakke en op ander gebiede te verdring: dit bevorder met ander woorde 'n toeskouersmentaliteit.
- * Groot skares word gelok en toegangsgelde word gehef ten gevolge waarvan die finansiële faktor in skoolsport van toenemende belang word.
- * Die klimaks word bereik wanneer belowende sportleerlinge deur middel van sportbeurse na die skool gelok word, en professionele afrigters in diens geneem word: 'n belegging ook in hekgelde.
- * Hierdie ontwikkeling verteenwoordig 'n toename in die gesags-

inhoud in en om die vryetydsaktiwiteit totdat dit die stadium bereik waar die spel nader aan arbeid staan as aan ontspanning. Die vraag kan dan tereg gevra word: wie se behoeftes dien die leerling in sodanige vryetydsdeelname?

Die samelewing in die algemeen en die skool in die besonder staan teenoor die gevolge en die implikasies van die vrye tyd blykbaar ewe onvoorbereid as destyds teenoor dié van die industriële revolusie.¹⁾ Die samelewing bemoei hom blykbaar te min met die essensiële waardes en die invloed of gevolge van vryetydservaring.

Die waardes wat deur die rekreasiebeweging nagestreef word, kan tereg bevraagteken word en hiervan staan die opvoedende onderwys nie geheel en al los nie.

Die gevaar bestaan dat pogings tot die oplossing van vryetydsprobleme kan uitloop op simptoombehandeling.

Die basiese oorsaaklike faktore blyk geleë te wees in en om die openlike verwerping van tradisionele grondwaardes en norme en om die belewing en die interpretasie van vryheid.

Hieroor skryf Brightbill soos volg:

"Freedom in a democratic society makes other demands and imposes responsibilities and duties just as it provides privileges and opportunities. This is what the historian Arnold Toynbee must have had in mind when he decried the fact that advanced socie-

1. Beerling, R.F. e.a., Arbeid, Vrije Tijd en Creativiteit, p. 30.

ties tended to substitute license for liberty, irresponsibility for obligations, comforts for challenge, and self-interest for brotherhood. There are indeed dangers which accompany freedom."¹⁾

Dit is belangrik dat die skool in die lig van die "eie belang" hierbo genoem, sal kennis neem van wat Du Toit te sê het oor die vryheid van die Christen:

"Deur die vervulling van sy goddelike roeping, wat 'n wedersydse gee en neem meebring, bevorder hy tegelyk die gesonde bloei van huis en gemeenskap, kerk en staat, en bereik in die diens van die gemeenskap juis sy sosiale vryheid. Liefde en diens is dus die twee beginsels wat die onderwerping aan gesag in heerlike vryheid omskep."²⁾

(Ons skole kan met groot vrug meer en wyer diens lewer - aan sy leerlinge leer om ook te kan gee - as wat te dikwels die geval blyk te wees. En hierin moet ons onderwysers³⁾ voor loop."

Dit blyk dus dat die skool toenemend die frontinstituut word waarbinne daar oplossings gesoek word vir die problematiese gebeure in die samelewing - ook betreffende die voorkoming van delinkwente en afwykende gedrag of die vroeë identifisering en behandeling⁴⁾ daarvan. Daar bestaan egter kommer oor die feit of die opvoedende onderwys tans toegerus is⁵⁾ en in die toekoms

1. Brightbill, C.K. Man and Leisure, p. 260.
2. Du Toit, J.J. Vryheid en gesag in die opvoeding, p. 307.
3. Verster, T.L. Die veranderende mens- en kultuurbeeld in die Westerse wêreld en die betekenis daarvan vir die opvoedingsdenke en praktyk, p. 584.
4. Beets, N. Jeugd en Welvaart: Essays over identiteit en vervreemding, pp. 48-49.
5. Beets, N. op. cit., p. 224.

toegerus sal wees om hierdie nuwe uitdagings te kan aanvaar.¹⁾

'n Vraag wat onwillekeurig na vore kom, is dit: in hoe 'n mate is hierdie problematiese gebeure in die samelewing, waarvan die skool nie kan ontwyk nie, verantwoordelik vir die onrus in die onderwysprofessie? En aansluitend hierby: in hoe 'n mate laat die heersende onderwysfilosofie en onderwyspraktyk genoegsame beweegruimte vir hoogsgekwalfiseerde, besielde en idealistiese onderwysers om hierdie probleme te hanteer?

Die opvoedende onderwys word die verantwoordelikheid in wetlike en lewensbeskoulike sin opgelê om die Christelike grondslag van sy gehele program te handhaaf en uit te bou - dus ook van sy opvoeding in en vir die vrye tyd. Die opvoedende onderwys toon behoefte daaraan om nie alleen al sy aktiwiteite, afsonderlik en in die geheel, te meet aan hierdie grondslag nie, maar ook om voortdurend te besin oor wyses waarop hy die beginsels van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing op 'n sinvolle wyse vir al sy leerlinge kan laat gestalte kry.

7. Aanbevelings.

Dit is feitlik 'n onbegonne taak om binne die bestek van hierdie ondersoek teenwigte te probeer aantoon vir al die problematiese strominge wat in 'n toenemende mate mag voortvloei uit die vryetydsektor. Dit is egter belangrik dat kennis geneem word van die omvang van hierdie aangeleentheid en dat doelgerigte optrede oorweeg word.

Die aangewese vertrekpunt word myns insiens uitgelig in die

1. Beets, N. op. cit., p. 50.

woorde van Peeters:

"Of de kwaliteit van het mens-zijn morgen op een hoger peil dan vandaag zal liggen, hangt mede van het vrije jeugdwerk af. Hoe men als volwassene zijn vrije tijd op een zinvolle wijze kan besteden, moet in de vruchtbare jeugdjaren worden ingeoefend."¹⁾

Daar word volstaan met die volgende aanbevelings:

- * Dat oorweging gegee word aan die formulering van 'n nasionale vryetydsbeleid vir die jeug en in die besonder vir die skoolgaande jeug;²⁾
- * dat so 'n beleid op wetenskaplike wyse gefundeer en begelei word;³⁾
- * dat dit gedra word deur deeglik opgeleide personeel⁴⁾ en toegewyde deskundige leiers;
- * dat universiteite oorweging skenk aan die opleiding van sodanige deskundiges;
- * dat samewerking betreffende opleiding en implementering in interdisiplinêre⁵⁾ verband plaasvind;
- * dat die beleid op gekoördineerde wyse geïmplementeer word;⁶⁾

1. Peeters, K. De verantwoorde maatschappij, p. 199.

2. Peeters, K. op. cit., pp. 195-199.

3. Peeters, K. ibid.

4. Beets, N. op. cit., p. 212.

5. Beets, N. op. cit., p. 49.

6. Peeters, K. ibid.

- * dat die beleid voorsiening maak vir differensiasie en desentralisasie¹⁾ en
- * dat die infrastruktuur geskep word waar dit nie reeds bestaan nie.²⁾

8. Navorsing, leemtes en verdere verkenning.

Navorsing op die gebied van die vrye tyd en die ontwikkeling van 'n verantwoordbare vryetydsfilosofie word in 'n groot mate gerem deur die aanwesigheid van sekere kompliserende faktore. Dit behels onder meer die volgende:

- * Op die vlak van die ondersoekmetode is daar besondere toepassingsprobleme. Die studieterrein is enorm en heterogeen. Hierbenewens blyk die houdinge en gedraginge in die vrye tyd nie altyd aan rasonale maatstawwe te beantwoord nie. Die studieterrein gaan dus mank aan voor-die-hand-liggende stabiele strukture.

Ook die statistiese wêreld is heterogeen uit die aard van die ideologieë waardeur dit beheers word.

- * Die rol van terminologiese probleme moet nie onderskat word nie. Die kenners self verskil onderling ten opsigte van die betekenis van begrippe wat nogtans baie gangbaar voorkom maar dikwels gekleur word deur eie waardestelsels. Die vraag is dan of en hóé hierdie terme begryp word deur die publiek wat hul voorwerp van die ondersoek is.³⁾, 4)

1. Peeters, K. *ibid.*

2. Peeters, K. *ibid.*

3. Feldheim, P. *De Sociologie van die vrijetijdsbesteding*, p. 18.

4. D'Olieslager, G. *Arbeiders en Cultuur*, p. 64.

- * Dit blyk uit beskikbare Westerse literatuur dat dit veral sosioloë en in 'n mindere mate rekreasie-spesialiste is wat met hierdie probleemgebied gemoeid is. Die opvoedende onderwys se betrokkenheid, altans vir sover dit die geskrewe woord betref, blyk relatief onopvallend te wees.
- * Weens die voorgenoemde beweeg die meerderheid vryetyds-ondersoeke nie verder as die eerste dimensie van vryetyds-gebruik nie.

Dit is deels teen hierdie agtergrond dat beperkinge in hierdie verkenningsondersoek gestel moet word. Daar is hierin gekonsentreer op die beskouinge en bevindinge van waarnemers midde in die praktyk van die Westerse tegnologies-ontwikkelde lande om hierdeur groter geldigheid te probeer kry betreffende die eietydse vryetydsituasie. Hierdeur word die beskouinge van opvoeders hier te lande geensins negeer nie.

As gevolg van die wydte van die studieveld kon die aandag bepaal word by slegs kernaangeleenthede - 'n essensiële benadering ten einde die vryheid-gesagslyn te kon deurtrek.

Die Republiek van Suid-Afrika staan reeds sterk - en sal in die toekoms toenemend sterker te staan kom - voor 'n verskeidenheid uitdagings wat die vryetydsektor en daardeur ook die lewens- en wêreldbeskouing van al sy bevolkingsgroepe sal raak. Hierdie uitdagings hou verband met onder meer 'n moontlike verdere toename in vrye tyd; met behoeftes van spesifieke groepe insluitende liggaamlik en verstandelik gestremdes, die jeug, die bejaardes en die huisvrou; die bewaring van natuurlike vryetydshulpbronne; rekreasie- en stedelike beplanning;

professionele ontwikkeling op die vlak van rekreasie en die uitdaging van verandering.

Die oorkoepelende en grootste uitdaging behels die daarstelling van 'n verantwoordbare filosofie vir die vrye tyd wat gestalte sal vind in die opvoedingsprogram. Hierin het die opvoedende onderwys 'n besondere verantwoordelikheid en 'n leiersrol te speel.

---oOo---

B R O N N E L Y S

A. BOEKE

1. AALDERS, W.J. 1952. Handboek der ethiek, Uitgeversmaatschappij Holland, Amsterdam.
2. ABRAMS, P. 1965. Radio and Television, in Discrimination and Popular Culture, Thompson D(ed), Penguin Books, Ltd., Harmondsworth, England.
3. ACKERMAN, N.W. 1968. De strijd van de puber als protest, in Crises van het gezin, Farber, S. (samesteller), Paul Brand, Hilversum (Nederland).
4. AMERICAN ASSOCIATION FOR HEALTH, PHYSICAL EDUCATION AND RECREATION. 1961. Leisure and the schools, Washington D.C.
5. ANDERSON, N. 1961. Work and Leisure, Free Press, Glencoe, Ill.
6. ANDERSON, N. 1970. The Urban Way of Life, in Urban Sociology, Baali, F. and Vandiver, J.S. (eds.), Appleton-Century-Crofts, New York.
7. BEERLING, R.F. e.a. 1964. Arbeid, Vrije Tijd en Creativiteit, NV Servire, Den Haag.
8. BEETS, N. 1968. Jeugd en Welvaart: Essays over identiteit en vervreemding, Bijleveld, Utrecht.
9. BEISSER, A.R. 1967. The Madness in Sport, Appleton-Century-Crofts, New York.
10. BELSON, W.A. 1968. The Impact of Television, Crosby Lockwood, London.
11. BERGER, B.M. 1963. The Sociology of Leisure, in Work and Leisure, Smigel E.O. (ed), College and University Press, New Haven.
12. BERGER, P.L. 1964. The Human Shape of Work, MacMillan, New York.
13. BERGER, P.L. and BERGER, B. 1975. Sociology, Classic Books, New York.
14. BERNARD, J. 1961. Teenage Culture: An Overview in Teenage Culture, The American Academy of Political and Social Science, Philadelphia.

15. BORDUA, D.J. 1961. Delinquent Subcultures: Sociological interpretations of Gang Delinquency, The American Academy of Political and Social Science, Philadelphia.
16. BOREL, Die Heer. 1969. De Huidige Crises in de Europese Maatschappij: Inspreek van de Jeugd in de Huidige Maatschappij, Ministerie van Kulturele Sake, Rekreasie en Sociale Welsijn, Nederland.
17. BOSMAN, D.B. e.a. 1972. Tweetalige Woordeboek, Tafelberg, Kaapstad.
18. BRENTJENS, H.J.H. 1966. De Oudere Jeugd in Relatie tot onze Maatschappij, Stichting voor Maatschappelijk Opbouwwerk in Suid-Holland, s'Gravenhage.
19. BRIGHTBILL, C.K. 1961. Man and Leisure, Prentice-Hall, New York.
20. BRIGHTBILL, C.K. 1966. Vrije Tijd: een uitdaging, Paul Brand, Antwerpen.
21. BUTLER, G.D. 1967. Introduction to Community Recreation, McGraw-Hill, New York.
22. CLINARD, M.B. 1970. Urbanization, Urbanism and Deviant Behavior, in Urban Sociology, Baali, F. and Vandiver, J.D. (eds), Appleton-Century-Crofts, New York.
23. CLOWARD, R.A. and OHLIN, L.E. 1960. Delinquency and opportunity: a theory of delinquent gangs, The Free Press, New York.
24. COLEMAN, J.S. 1961. Athletics in High School, in Teenage Culture, Bernard, J. (ed), The American Academy of Political and Social Science, Philadelphia.
25. COSGROVE, I. and JACKSON, R. 1972. The Geography of Recreation and Leisure, Hutchinson University Library, London.
26. COUNCIL OF EUROPE CONSULTATIVE ASSEMBLY, 1968. The Present Crises in the European Society, Strassbourg.
27. COUWENBERG, S.W. 1957. De vereenzaming van de moderne mens, NV Uitgeversmaatschappij, s'Gravenhage.
28. DANFORD, H.G. 1970. Creative Leadership in Recreation, Allyn and Bacon, Boston.
29. DANSEREAU, H.K. 1961. Work and the teenager, in Teenage Culture, Bernard, J. (ed), The American Academy for Political and Social Science, Philadelphia.

30. DAVIS, D.M. Maart 1966. Het erfdeel van de toekomst de beschaving van de Vrije Tijd, in De Beschaving van de Vrije Tijd, B.P. Review Nr. 21, Antwerpen.
31. DE GRAZIA, S. 1964. Of Time, Work and Leisure, Doubleday and Co., New York.
32. D'OLIESLAGER, G. 1970. Arbeiders en Kultuur, De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen.
33. DOUGLAS, J. e.a. 1967. Human Behaviour in Marketing, Charles E. Merrill Book, Inc., Columbus, Ohio.
34. DUBIN, R. 1961. Industrial Workers' Worlds, in Mass Leisure, Larrabee, E. and Meyersohn, R. (eds), The Free Press, Glencoe, Ill.
35. DUMAZEDIER, J. 1967. Toward a Society of Leisure, Collier Macmillan, London.
36. DUMAZEDIER, J. 1974. Sociology of Leisure, Elsevier.
37. DU PREEZ, P.H. 1977. 'n Ondersoek na tydbenuttings- en agtergronds-faktore wat verband hou met die studie-gewoontes en -houdings van standerd agt-leerlinge: 'n voor-televisie-opname, R.G.N. Verslag, Nr. KOMM 14, Pretoria.
38. DU TOIT, J.B. en NEL, E.M. 1975. Ons en Televisie, Tafelberg, Kaapstad.
39. DU TOIT, J.J. 1954. Vryheid en Gesag in die Opvoeding, J.H. de Bussy, Pretoria.
40. ELIAS, N. and DUNNING, E. 1967. The quest for excitement in unexciting societies, Paper presented to B.S.A. Conference, London.
41. EMMETT, I. 1971. Youth and Leisure in an urban sprawl, Manchester University Press, Manchester.
42. ENGLAND, R. 1967. A Theory of Middle-Class Juvenile Delinquency, in Middle-Class Juvenile Delinquency, Vaz, E. (ed), Harper and Row, New York.
43. ENTWISTLE, H. 1970. Education, Work and Leisure, Routledge and Kegan Paul, London.
44. FARMER, M. 1970. The Family, Longmans Green, London.
45. FAUNCE, W.A. 1963. Automation and Leisure, in Work and Leisure, Smigel, E.O. (ed), College and University Press, New Haven, Connecticut.
46. GALBRAITH, J.K. 1962. The affluent Society, Houghton, Boston.

47. GANS, H.J. 1962. The Urban Villagers, The Free Press, Glencoe.
48. GLASSER, R. 1970. Leisure: Penalty or Prize? Mcmillan, London.
49. GLAZER, N. 1970. The School as an Instrument in Planning, in Urban Sociology, Baali, F. and Vandiver, J.S. (eds), Appleton-Century-Crofts, New York.
50. GREEN, A.W. 1964. Recreation, Leisure and Politics, McGraw-Hill Book Co., New York.
51. GREY, VISCOUNT of FALLODON. 1947. K.E. Fallodon Papers, Constable and Co. Ltd., London.
52. GROSS, E. 1963. A Functional Approach to Leisure Analysis, in Work and Leisure, Smigel, E.O. (ed), College and University Press, New Haven, Connecticut.
53. GUNTER, C.F.G. 1961. Opvoedingsfilosofieën, Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch.
54. HALL, J.T. 1966. School Recreation, W.M.C. Brown Co. Inc., Dubuque, Iowa.
55. HALLORAN, J.D. e.a. 1970. Television and Delinquency, Leicester University Press, Leicester.
56. HÄRING, B. 1957. De Spanning tussen godsdienst en sameleving, Lannoo, Tielt, Den Haag.
57. HARDING, D.W. 1957. Values in an Industrial Society, Oxford University Press, London.
58. HATT, P.K. and REISS, A.J. 1957. Cities and Society, The Free Press, New York.
59. HICHTER, M. 1969. Algemene Analyse van een "Youth-Sick-World", Inspraak van de Jeugd in de Huidige Maatschappij, Ministerie van Culturele Sake, Rekreasie en Sociale Welsijn, Nederland.
60. HOLBROOK, D. 1965. Magazines, in Discrimination and Popular Culture, Thompson, D. (ed), Penguin Books Ltd., Harmondsworth.
61. HORW, W. 1969. Onbehagen in de huidige maatschappij, in Inspraak van de Jeugd in de Huidige Maatschappij, Ministerie van Culturele Sake, Rekreasie en Sociale Welsijn, Nederland.
62. HUIZINGA, J. 1968. Homo Ludens, Beacon Press, Boston.
63. HUTCHINS, R.M. 1965. The Basis of Education, in Contemporary American Education, Dropkin e.a. (eds), The MacMillan Co., New York.

64. JOHNSON, E.H. 1973. Social Problems of Urban Man, The Dorsey Press, Homewood, Illinois.
65. JONKERGOUW, A.J.M. 1971. Werk-en-de-Jeugd: een inleiding tot de sociologie van jeugd en arbeid, Samson Uitgeverij, Alphen aan den Rijn.
66. KAPLAN, M. 1975. Leisure: Theory and Policy, John Wiley and Sons, New York.
67. KILPATRICK, J.J. 1961. The Smut Peddlers, Elek Books, London.
68. KRAUS, R.G. 1964. Recreation and the schools, Macmillan, New York.
69. KRAUS, R. 1966. Recreation Today, Meredith Corporation, New York.
70. KRAUS, R. 1971. Recreation and Leisure in Modern Society, Appleton-Century-Crofts, New York.
71. KRIEKEMANS, A. 1967. Jeugd Problematiek, Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen.
72. KRIKENDALL, L.A. 1968. Seks, opvoeding, en stabiliteit van het gezin, in Crises van het gezin, Farber, S. (samesteller), Paul Brand, Hilversum.
73. KWANT, R.C. 1963. Sociale Filosofie, Het Spectrum, Utrecht.
74. LAMBERTY, Max, 1968. Roeping van Het Westen, Standaard Uitgeverij, Antwerpen - Utrecht.
75. LAMPRECHT, H. 1963. Exploitatie van de teenager, Het Spectrum, Utrecht.
76. LARSEN, O.N. 1968. Violence and the Mass Media, Harper and Row, New York.
77. LEIGH, J. 1971. Young people and leisure, Routledge and Kegan Paul, London.
78. LEWIS, O. 1970. Further observations on the Folk-Urban Continuum and urbanization, in Urban Sociology, Baali, F. and Vandiver, J.S. (eds), Appleton-Century-Crofts, New York.
79. LIEBENGERG, C.R. en SPIES P.G. VAN Z. 1978. Buitelugopvoeding in die R.S.A., R.G.N. Verslag Nr. O-91, Pretoria.
80. LUCAS, C. 1964. Recreation and Gerontology, Charles C. Thomas, Springfield, U.S.A.
81. MARCUSE, H. 1964. One-Dimensional Man, Routledge and Kegan Paul, London.

82. MATZA, D. 1961. Subterranean Traditions and Youth, in Teenage Culture, The American Academy of Political and Social Science, Philadelphia.
83. MAYS, J.B. 1961. Teenage Culture in Contemporary Britain and Europe, in Teenage Culture, The American Academy of Political and Social Science, Philadelphia.
84. McKEON, R. e.a. 1957. Freedom to Read: Perspective and Program, R.R. Bowker, New York.
85. MENNICKE, C.A. 1948. Sociale Psychologie, J. Bijleveld, Utrecht.
86. MEYER, H.D. e.a. 1969. Community Recreation, Prentice-Hall Inc., New York.
87. MILLER H.L. en WOOCK, R.R. 1970. Social foundations of urban education, The Dryden Press, Hinsdale, Illinois.
88. MILLER, N.P. en ROBINSON, D.M. 1967. The Leisure Age, Wadsworth Publishing Co., Belmont, California.
89. NASH, J.B. 1960. Philosophy of Recreation and Leisure, W.M.C. Brown and Co., Dubuque, Iowa.
90. OBERHOLZER, C.K. 1968. Prolegomena van 'n prinsipiële pedagogiek, H.A.U.M., Kaapstad.
91. OFFICIAL YEARBOOK OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA. 1977. Department of Information, Pretoria.
92. OWEN, J.D. 1969. The Price of Leisure, Rotterdam Universiteitsdrukkerij, Nederland.
93. OXFORD ENGLISH DICTIONARY, THE. 1961. Vol. VI, VII, VIII en 10, Oxford University Press, London.
94. PAHL, R.E. 1970. Whose City? Longman, London.
95. PARKER, S. 1971. The Future of Work and Leisure, MacGibbon and Kee, London.
96. PARSONS, T. 1968. Elastische Bindingen, in Crises van het gezin, Farber S. (samesteller), Paul Brand, Hilversum, Nederland.
97. PARSONS, T. 1968. The Stability of the American Family System, in A Modern Introduction to the Family, Bell, N.W. and Vogel, E.F. (eds), The Free Press, New York.
98. PEETERS, K. 1969. De verantwoorde maatschappij, in Van Echelpoel, J. e.a., Jeugdwerk in perspectief, De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen.

99. PETERSON, J.A. 1968. Ontbinding van het huwelijk door scheiding, echtscheiding en dood, in Crises van het gezin, Farber, S. (samesteller), Paul Brand, Hilversum, Nederland.
100. PIEPER, J. 1952. Leisure the Basis of Culture, Prentice-Hall, New York.
101. PIETERSE, J.E. 1973. Verslag van die Komitee van Onderzoek na Kultuurverspreiding, Republiek van Suid-Afrika.
102. QUINN, J. 1968. The Film and Television as an aspect of European Culture, A.W. Sijthoff, Leyden.
103. RACINE, A. e.a. 1965. De Nozems: een socio-culturele fenomeen van ons tijd, Studiecentrum voor Jeugmisdadigheid V.Z.W.O., Publicatie Nr. 13, Brussel.
104. RANDOM HOUSE DICTIONARY OF THE ENGLISH LANGUAGE, THE. 1967. The unabridged edition, Random House, New York.
105. REVANS, R.W. September 1970. Culture, Labour and Leisure: Relations and Interactions, Foundation Bekaert, Brussels.
106. RINDERSPACHER, Meneer. September 1968. The Present Crises in the European Society, Council of Europe Consultative Assembly, Strassbourg.
107. RIESMAN, D. en ROSEBOROUGH, H. 1968. Careers and Consumer Behaviour, in A Modern Introduction to the Family, Bell N.W. and Vogel E.F. (eds), The Free Press, New York.
108. RIESMAN, D. en ROSEBOROUGH, H. 1970. Careers and Consumer Behaviour, in Culture, Labour and Leisure, Revans R.W. (ed), Foundation Bekaert, Brussels.
109. ROBBINS, F.G. 1955. The Sociology of Play, Recreation and Leisure Time, W.M.C. Brown Co., Dubuque, Iowa.
110. ROBERTS, K. 1970. Leisure, Longman Group Ltd., London.
111. SCHAAFSMA, H. 1965. Beeldperspectieven, Wetenschappelijke Uitgeverij, Amsterdam.
112. SCHEUCH, E.K. 1962. Family Cohesion in Leisure Time, Unesco Institute for Education: Evolusion of the forms and needs of leisure, Hamburg.
113. SCHOONEES, P.C. e.a. 1975. Handwoordeboek vir die Afrikaanse Taal, Voortrekpers.

114. SCHRAMM, W. e.a. 1961. Television in the lives of our children, Stanford University Press, California.
115. SERGEANT, G. 1973. A Textbook of Sociology, Macmillan, London.
116. SHERLOCK, P.M. 1957. Aims and Priorities in Education, in H.R.H. Duke of Edinburgh's Study Conference, Vol. II, London.
117. SHIVERS, J.S. 1967. Principles and Practices of Recreational Service, Macmillan, New York.
118. SILLITOE, K.K. 1969. Planning for Leisure, H.M.S.O., London.
119. SINGER, R.N. 1976. Physical Education: Foundations, Holt Rinehart and Winston, New York.
120. SMELSER, N.J. 1968. De maatschappelijke uitdaging van het ouderlijk gezag, in Crises van het gezin, Farber, S. (samesteller), Hilversum, Nederland.
121. SMIGEL, E.O. (red). 1963. Work and Leisure, College & University Press, New Haven, Connecticut.
122. STINCHCOMBE, A.L. 1972. Rebellion in a high school, in Alienation and the Social system, Finifter, A.W. (red), John Wiley and Sons, London.
123. STRYDOM, A.E. e.a. 1972. Skoolgaande Jeug en Vakansietye, R.G.N., Pretoria.
124. SWADOS, H. 1961. Less Work - Less Leisure, in Mass Leisure, Larrabee, E. en Meyersohn, R. (samestellers), Free Press, Glencoe.
125. THOMPSON, D. 1965. Discrimination and Popular Culture, Penguin Books, Harmondsworth, England.
126. THURLINGS, J.M.G. 1966-11-03. De Oudere Jeugd in Relatie tot onze Maatschappij, Stichting voor Maatschappelijk Opbouwwerk in Zuid-Holland, s'Gravenhage.
127. TORENSTRA, N. 1966. Jeugd en Sameleving, Stichting Overijssel, Zwolle, Nederland.
128. UNESCO INSTITUTE FOR EDUCATION. 1962. Evolusion of the forms and needs of leisure, Hamburg.
129. UPDYKE, W.F. and JOHNSON, P.B. 1970. Principles of modern physical education, health and recreation, Holt, Rinehart and Winston, New York.
130. UNITED STATES DEPARTMENT OF COMMERCE AND BUREAU OF CENSUS. 1975. Statistical abstracts of the United States.

131. VALVEKENS-HAVEN, S. 1968. De Vrijetijds- en
Kultuurkonsumpsie, Sociologisch Onderzoekinstituut,
Leuven.
132. VAN ANDEL, C.P. 1965. Ethiek van arbeid en rust,
G.F. Collenbach N.V., Nijkerk, Nederland.
133. VAN LOGGERENBERG, N.T. en JOOSTE, A.J.C. 1966.
Verantwoordelijke Opvoeding, Nasionale Boekhandel,
Bloemfontein.
134. VAN MECHELEN, F. 1969. 180 dagen arbeid - 180 dagen
vrije tijd, in Inspreek van de Jeugd in de Huidige
Maatschappij, Ministerie van Kulturele Sake, Rekreasie
en Sociale Welsijn, Nederland.
135. VERSTER, J.U. 1978. Die psigo-sosiale uitwerking
van hoëdigtheidsbewoning - Deel 4: Eensaamheid,
sosiale isolasie, angs en aggressie van woonstel-
bewoners in 'n hoëdigtheidsarea, Navorsingsbevinding
nr. S-N-43, R.G.N., Pretoria.
136. VICKERS, G. 1963. Ecology, Planning and the American
dream, in The Urban Condition, Duhl, L.J. (ed), Basic
Books, New York.
137. WEISS, R.S. and RIESMAN, D. 1963. Some issues
in the future of leisure, in Work and Leisure, Smigel,
E.O. (ed), College and University Press, New Haven,
Connecticut.
138. WHITEHEAD, J. 1965. Advertising, in Discrimination
and Popular Culture, Thompson, D. (ed), Penguin, Har-
mondsworth, England.
139. WIELEK, H. 1959. Vrije Tijd - Vriend of Vyand?
Jan van Tuijl N.V., Antwerpen.
140. WILKENS, E.J. 1970. An Introduction to Sociology,
Macdonald and Evans, London.
141. WILENSKY, H.L. 1963. The Uneven Distribution of
Leisure: The Impact of Economic Growth on Free Time,
in Work and Leisure, Smigel, E.O. (ed), College and
University Press, New Haven, Connecticut.
142. WIPPLER, R. 1968. Sosiale determinanten van het
vrijetijdsgedrag, Van Gorcum & Kie, Assen - Nederland.
143. WURTH, J. 1951. Het Christelijk Leven in de Maat-
schappij, J.H. Kok N.V., Kampen, Nederland.
144. WYFFELS, A.H.M. 1950. Massa-ontspanning, in De
Vrijetijdsbesteding, Nederlandse Cultureel Contact,
s'Gravenhage.

- 145. YABLONSKY, L. 1962. The Violent Gang, Penguin Books Ltd., London.
- 146. YOUNG, J. 1972. The Drugtakers, Granada Publishing Co., London.
- 147. YUKIC, T.S. 1963. Fundamentals of Recreation, Harper and Row, New York.
- 148. ZEISEL, J.S. 1961. The Work Week in American Industry, in Mass Leisure, Larrabee, E. and Meyersohn, R. (eds), The Free Press, Glencoe, Illinois.
- 149. ZWEIG, F. 1962. The Worker in an Affluent Society, Heinemann, London.

B. VERHANDELINGS EN PROEFSKRIFTE

- 150. BERNARD, P.B. 1976. Die taak van die skool en die huis in die opvoeding van die Afrikanérjeug tot geestelike weerbaarheid, D.Ed.-proefskrif, U.O.V.S.
- 151. BOTHA, C.J. 1947. Die verhouding tussen skoolprestasies en buitemurse aktiwiteite van sekondêre leerlinge, M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- 152. DE KOCK, J.G. 1949. The Spare-Time Activities of Senior School Boys in the Cape Peninsula, M.Ed.-thesis, University College of the Orange Free State.
- 153. DUVENHAGE, S.C.W. 1973. Die opstandige student: 'n analise en evaluering van studente-aktiwisme in die V.S.A., D.Ed.-proefskrif, P.U. vir C.H.O.
- 154. HOFFMAN, P.A.E. 1976. Enkele aspekte van die sosiaal-pedagogiese problematiek van die moderne samelewing in Christelike perspektief gesien, D.Ed.-proefskrif, U.O.V.S.
- 155. HOFMEYR, J.H. 1949. Die buitemurse aktiwiteite van sekondêre leerlinge in die O.V.S.-skole, M.Ed.-verhandeling, Universiteitskollege van die O.V.S.
- 156. ROOS, M.J. 1972. 'n Onderzoek na die buitemurse bedrywighede van standerd nege-leerlinge in Potchefstroom se skole vir Blankes, M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Potchefstroom vir C.H.O.
- 157. VAN DER MERWE, C.I.S. 1976. Die gesagstruktuur in die grootstad as opvoedingsmilieu, M.Ed.-verhandeling, RAU.

158. VAN STADEN, J.H. 1976. Invloed van die massasamelewing op enkele lewensterreine, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
159. VERSTER, T.L. 1977. Die veranderende mens- en kultuurbeeld in die Westerse wêreld en die betekenis daarvan vir die opvoedingsdenke en -praktyk, D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

C. TYDSKRIFTE

160. ADAMS, F. September 1975. Work, leisure, freedom and the autonomous individual, Adult Leadership, Washington D.C.
161. AHTIK, V. Junie 1966. Sociale Beplanning van de vrijetijdsbesteding, B.P. Review, Nr. 22, Antwerpen.
162. BEATTIE, N. 1978-10-20. What's it all for? The times Educational Supplement, London.
163. BEETS, G.C.N. en BEETS, N. Augustus 1972. Freizeitanlagen in Zurich, Jeugd en Samenleving, Utrecht, Nederland.
164. BELL, C. 1971-11-11. A Sociological Portrait: Marriage, New Society, London.
165. BOSSERMAN, P. and BUTLER, N. October 1976. The Leisure Revolution: It's about time, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
166. BOTHA, J.L. Augustus 1977. Skoolsport: 'n Toekomsblik. NOU-Blad, Durban.
167. CHINOY, E. 1972-11-02. Status, New Society, London.
168. CHRISTENSEN, J.E. March, 1976. Leisure Education for a state of mind, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
169. COCHLAN, D.V. April 1978. Fair play for children, Educational Journal, Vol. 88, No. 1.
170. DAHL, G.J. December 1974. Work, Play and Worship: Toward a new moral economy, Journal for Health, Physical Education and Recreation, Washington D.C.
171. DAVIES, B. 1969-07-03. Non-Swinging Youth, New Society, London.
172. DAVIS, J. March 1976. Valuing: A Requisite for Education for Leisure, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.

173. DEBENHAM, J. and PARSONS, M.J. May 1978. The future of schools and Families, The Education Digest, Michigan.
174. DE HAAS, G.C. Januarie 1973. Bespiegelingen over kleren die door jonge mensen gedragen worden, Jeugd en Samenleving, Utrecht, Nederland.
175. D'OLIESLAGER, G. Maart 1966. Arbeidsmoraal, Vrijetijds-moraal: een nieuw mensentype in het vooruitzicht, B.P. Review, Antwerpen.
176. DUNN, Diana R. March 1976. Glimpses Beyond Survival towards Humanness, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
177. EDWARDS, P.B. June 1974. Is it recreation vs. leisure? Journal for Health, Physical Education and Recreation, Washington D.C.
178. FELDHEIM, P. September 1966. De Sociologie van de vrije-tijdsbesteding: enkele actuele problemen, B.P. Review, Nr. 23, Antwerpen.
179. GANS, H.J. 1967-09-28. An anatomy of Suburbia, New Society, England.
180. GESONDHEIDSNUUS. Maart 1979. Departement van Gesondheid, Pretoria.
181. GODBEY, G. October 1976. Time Deepening and the future of leisure, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
182. GUEST, D. and WILLIAMS, R. 1973-01-18. How Home affects Work, New Society, London.
183. HAWTHORN, G. November 1971. A sociological portrait: family background, New Society, London.
184. IBRAHIM, H. March 1976. Education for Leisure and the Political System, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
185. JANNE, H. Maart 1966. Vrijetijds-moraal: een nieuw mensentype in het vooruitzicht, in De Beschaving van de Vrije Tijd, B.P. Review, Nr. 21, Antwerpen.
186. KRATCOSKI, P.C. e.a. Januarie 1979. The Crisis of Vandalism in Our Schools, The Education Digest, Michigan.
187. LANDMAN, W.J.J. November 1979. Vryetydsbesteding voor en na televisie, NEON 31, Natalse Onderwys-departement, Pietermaritzburg.
188. LEACH, E. 1969-05-08. What kind of community? New Society, London.

189. MULDER, B. Augustus 1972. Kanttekeningen by indrukken van een bezoek, Jeugd en Sameleving, Utrecht, Nederland.
190. MURDOCK, G. en McCRON, R. 1973-03-29. Scoobies, skins and contemporary pop, New Society, London.
191. NUIJ, T. November 1972. Nuwe vorme van gemeenschapsleven, Kultuurleven, Leuven, België.
192. PAGAMO, H.P. Oktober 1974. Changing Urban Work Ethic, Adult Leadership, Michigan.
193. PAHL, R.E. 1971-11-18. A Sociological portrait: friends and associates, New Society, London.
194. PRETORIUS, W.G. Junie 1979. Wat is 'n skool? Wat is sy taak? Opvoeding en Kultuur, Vol. 2 Nr. 6, Pretoria.
195. REED, R.J. en AUS, J.P. Mei 1978. A Strategy for Reducing School Conflict, The Education Digest, Michigan.
196. ROSS, S. 1972-10-05. A mug's game, New Society, London.
197. STALEY, E.J. Maart 1976. The struggle for significance, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
198. STEWART, A. 1964-02-06. Mass Society, New Society, London.
199. STROM, R. November 1975. Education for a Leisure Society, The American Biology Teacher, U.S.A.
200. THOMAS, J.R. May 1978. Is winning essential in youth sports contests? The Education Digest, Michigan.
201. TWARDZIK, L.F. October 1976. Quality of Life Revolution: Labor and Leisure, Joint Contributors, Journal for Physical Education and Recreation, Washington D.C.
202. WALL, M. September 1975. Use of Leisure mirrors Cultural Values, The Vocational Guidance Quarterly, Washington D.C.
203. WHITE, D. 1972-06-01. The Young Workers, New Society, London.
204. WILENSKY, H.L. 1964. Mass Society and Mass Culture: Interdependence or Independence? American Sociological Review, No. 29.
205. WILLIAMS, H.W. September 1958. Can Recreation have an ulterior motive? Recreation, U.S.A.

206. WILLMOTT, P. November 1969. Some Social Trends, Urban Studies, Vol. 6 No. 3, London.

D. NUUSMEDIA

207. ARLOTT, J. 1973-01-05. Like dogs through Arab villages, Sports Guardian, London.
208. DEPARTEMENT STATISTIEK. 1978-07-18. Nuusberig, Pretoria.
209. GARRETT, A. 1975-01-06. Alcohol "plague" hits German schools, Evening Standard, London.
210. GRAZER, R.R. 1978-06-13. Criminologist blames Western civilization for growth in crime, The Natal Witness, Pietermaritzburg.
211. I.T.V. Nuusberig. 1973. Brittanje.
212. I.T.V. Nuusberig. 1973-05-24. Brittanje.
213. KENNEDY, P. 1974-09-17. Children see 18 000 Deaths, The Natal Daily News, Durban.
214. MENDELS, J. 1978-03-13. The Natal Witness, Pietermaritzburg.
215. MERVIS, J. 1978-03-26. The Propaganda Box, The Sunday Tribune, Durban.
216. NATAL DAILY NEWS. 1974-01-26. Spock's Confession (Hoofartikel), Durban.
217. NATAL WITNESS, THE. 1979-04-04. 80 Percent of South Africa's Aged in Homes, Pietermaritzburg.
218. WHITE, J.B. 1978-09-16. The whole world wants to put it's feet up, The Natal Witness, Pietermaritzburg.
219. WOLFISH, N. 1974-08-19. Toespraak vir die Canadian Pediatric Society, The Natal Daily News, Durban.

O P S O M M I N G

Die uitgangspunt van hierdie studie is dat die lewensbeskoulike aspek sentraal staan in 'n beskouing van die vryetydsproblematiek en dat die wisselwerking tussen vryheid en gesag van besondere belang is. Die doel is dan om sommige aspekte van die eietydse Westerse samelewing in ontwikkelde lande vanuit die Christelike lewensbeskouing in oënskou te neem en om daardeur riglyne uit te wys vir toekomstige ontwikkeling in die R.S.A.

Die gebruik en die interpretasie van sekere begrippe blyk 'n belangrike probleem te wees. Ten aanvang word die begrippe "vrye tyd", "rekreasie" en "sport/spel" ontleed en veral die vier-dimensionele omskrywing van vrye tyd is hier van belang.

Voorts word gewys op die eienskappe van arbeid en vrye tyd wat dan lei tot die aanwysing van verskille, die mate van verweeftheid en die wyse waarop arbeid en vrye tyd mekaar aanvul. Aanluitend hierby word daar besin oor die funksies van die vrye tyd.

Vervolgens word daar na vrye tyd in samelewingsverband gekyk. Onder die kenmerke van die tegnologies-georiënteerde samelewing word aandag geskenk aan vrye tyd as kultuurverskynsel; die waardes eie aan hierdie kultuur; basiese vorme van deelname en die mate van disoriëntering wat binne die samelewing teenwoordig is.

'n Verdere kenmerk behels die invloed van die massakommunikasie-media. Die verband tussen die media en kultuurkonsumpsie geniet aandag en die volgende aspekte onder meer tree na vore: die

invloed van die tegnologie; die verkoopsinvloed van die media; samelewingsinvloede en die situasie van die individu. Die verband tussen die media en kultuurwaardes en ook die gesagsinvloed van die media word voorts behandel.

Hierna geniet die stadsmilieu aandag. Daar word gekyk na stedelike ontwikkelingstendense en die invloed daarvan op die leefwêreld van die inwoners - betreffende beide die arbeid en die vrye tyd. Voorts word daar besin oor die geestesklimaat wat neig om na vore te tree in die grootstad; daar word verwys na heersende waardestelsels, geesteshouinge en oriënteringsprobleme en die invloed daarvan op die vryheid van die individu in sy arbeid en vrye tyd.

Vervolgens word die situasie van die jeug in oënskou geneem. Daar word besin oor onder meer die grense van die jeugtydperk en die situasie van die jeug in die samelewing. Hier word verwys na onder meer die jeugdige se ekonomiese situasie; sy blootstelling aan die reklame met die oog op verbruik en sy verhouding met die wêreld van die volwassene.

Jeugkultuur geniet ook aandag en daar word verwys na die gesagsinvloede waarvan die jeug moeilik kan ontsnap.

'n Verdere aspek van die vryetydsproblematiek wentel om die gesin. Die resente evolusie binne die gesin word behandel en besondere aandag word geskenk aan die struktuur van die gesin; die vryetydsituasie van die gesin en die bejaarde en die herverdeling van vryheid en gesag binne die gesin, asook die implikasies wat die voorgenoemde inhoud vir vryetydsgebruik.

Die laaste aspek wat behandel word, is die rol van die skool. Die situasie van die skool binne die pluralistiese samelewing en die eise wat aan die opvoedende onderwys gestel word, geniet aandag. Daar word gewys op leemtes en gevare betreffende 'n vryetydsheid veral met betrekking tot die tradisionele Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

In die slothoofstuk word riglyne aangedui oor beleidsaspekte vir die toekoms. Spesifieke aanbevelings word gemaak betreffende 'n nasionale jeugbeleid. Ten slotte word gewys op tekortkominge in hierdie projek en terreine word aangedui vir moontlike verdere navorsing.

